UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# MOSES KOTTLER

deur

MARLETTE INGRID VAN JAARSVELD


Voorgelê ter vervulling van
'n deel van die vereistes vir die graad
M.A. (B.K.)
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Universiteit van Pretoria,
PRETORIA.

NOVEMBER 1971

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



MOSES KOTTLER

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opgedra aan my Ouers en Fanie

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE


| | Bladsy |
|---|---|
| VOORWOORD | |
| LYS VAN AFBEELDINGS IN DIE EKSAMENEKSEMPLARE | |
| **HOOFSTUK I** | |
| KOTTLER SE JEUGJARE EN VROEë OPLEIDING IN EUROPA. (1892 - 1914) | 1 |
| A. Vroeë Jeugjare (1892 - 1911) | 1 |
| B. Vroeë Europese Opleiding | 7 |
| (i) Opleiding in Jerusalem gedurende 1911 | 7 |
| (ii) Verdere opleiding in München, Duitsland (1911 - 1913) | 10 |
| (iii) Opleiding in Parys en London (1913 - 1914) | 13 |
| **HOOFSTUK II** | |
| VROEë VERBLYF IN SUID-AFRIKA EN VERDERE OPLEIDING IN EUROPA. (1915 - 1931) | 16 |
| A. Vroeë Loopbaan in Suid-Afrika | 16 |
| (i) Oudtshoorn (1915 - 1917) | 16 |
| (ii) Verblyf te Kaapstad (1917 - 1929) | 18 |
| B. Verdere Oorsese "Opleiding" (1929 - 1932) | 37 |
| **HOOFSTUK III** | |
| VERDERE LOOPBAAN. (1932 - 1971) | 41 |
| A. Vroeë Verblyf in Oudtshoorn en Pretoria (Maart 1932 - September 1932) | 41 |
| B. Verblyf te Johannesburg (1932 - 1971) | 42 |
| **HOOFSTUK IV** | |
| KUNSUITSTALLINGS | 64 |
| A. Eerste Openbare Kunsuitstalling te Kaapstad | 64 |
| B. Tweede Openbare Kunsuitstalling te Kaapstad | 66 |
| C. Derde Openbare Kunsuitstalling te Pretoria | 68 |


© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy

D. Ander Uitstallings 70

(i) Rykstentoonstelling in 1936 70
(ii) Suid-Afrikaanse kunsuitstalling in die Tate-galery te London in 1948 71
(iii) Die Van Riebeeck Driehonderdjarige Fees-uitstalling te Kaapstad in 1952 73
(iv) Die Rhodes Eeufees kunsuitstalling te Bulawayo in 1953 74
(v) Die Tweejaarlikse kunsuitstalling te Venesië in 1964 74
(vi) Die Tweejaarlikse uitstalling te Sao Paulo, Brasilië in 1957 75
(vii) Uitstalling van Suid-Afrikaanse hedendaagse kuns te Johannesburg in 1965 75

HOOFSTUK V

'N BESPREKING EN WAARDERING VAN KOTTLER SE VERNAAMSTE WERKE 77

A. Inleidende Opmerkings 77

B. Portrette 80

(i) Portretopdragte 80
(ii) Vrye Portretwerk 82

C. Figuurstudies 86

D. Reliëf Panele 89

E. Monumente 90

(i) Histories-realistiese monumente (figure) 90
(ii) Histories-simboliese monumente (gebeurtenisse) 92
(iii) Dekoratief-simboliese monumente (algemene motiewe) 93

BIBLIOGRAFIE 99

SAMEVATTING 108

SUMMARY 110

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sorging van die manuskrip asook 'n woord van dank aan mev. J. Odendaal wat die tikwerk met besondere behendigheid verrig het.

Aan my ouers rig ek 'n spesiale woord van dank en waardering vir die getroue ondersteuning en hulp.

Ten slotte, my dank aan my man, Fanie, vir sy belangstelling, aanmoediging en eindelose geduld.

Hierdie verhandeling het tot stand gekom onder leiding van Professor F.G.E. Nilant.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LYS VAN AFBEELDINGS


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Moses Kottler | Na Titelblad |
| 2. | Tokkie, 'n Bruin Meidjie | 17a |
| 3. | Tuinfiguurtjie | 25a |
| 4. | Head of an African Girl | 45a |
| 5. | Nehemiah | 47a |
| 6. | President Burgers | 50a |
| 7. | Moeder en Kind | 51a |
| 8. | Denys | 59a |
| 9. | Moeder en Kind | 63a |
| 10. | Reclining Nude | 75a |
| 11. | Eerwaarde Bender | 83a |
| 12. | Jong Dame | 84a |
| 13. | Hottentot-Meidjie | 87a |
| 14. | Mother Earth, Labour and Science | 95a |


© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Volledige katalogus van werke en versameling van foto-illustrasies van Kottler se werke is by die Departement Kunsgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria ingehandig.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VOORWOORD

Ten aanvang wil ek my erkentlikheid uitspreek teenoor Professor H.M. van der Westhuysen wat die onderwerp van hierdie verhandeling aan die hand gedoen het asook vir sy aanmoediging en leiding gedurende die vroeë stadium van die verhandeling.

Ek wil 'n besondere woord van dank en waardering uitspreek teenoor mnr. en mev. Moses Kottler: Sonder hulle hulp sou hierdie verhandeling nie moontlik gewees het nie. Hulle belangstelling en samewerking word hoog op prys gestel. Die vriendelike wyse waarop mev. Eva Kottler my so dikwels tydig en ontydig in hul woning ontvang het, vir die beskikbaarstelling van persoonlike tydskrifte en nuusblaaie asook die gebruik van foto's van verskeie werke word eweneens baie hoog op prys gestel.

Alle historiese inligting wat in die verhandeling vermeld word, is hoofsaaklik deur middel van persoonlike onderhoude wat met die kunstenaar self gevoer is verkry.[1)]

'n Besondere woord van dank is teenoor die direkteure van die Suid-Afrikaanse Nasionale Galery in Kaapstad, Prof. Dr. M. Bokhorst, mej. Hoslia Kruger en ander personeellede vir hul hulp en inligting verskuldig. Van die volgende persone het ek deur middel van briefwisseling baie hulp ontvang en graag bedank ek hulle vriendelik daarvoor: mej. P.G.S. Driver, Durban Museum en Kunsgalery; mev. H. Smuts, William Humphrey's Kunsgalery; mev. E.K. Lorimer, Koning George VI Kunsmuseum en mej. E. Andrag, Rembrandt=Kunsstigting, Stellenbosch.

My dank aan mnr. Murray Schoonraad vir sy vriendelike hulp met die maak van fotostatiese afdrukke van talle publikasies asook vir die neem van verskeie foto's.

My dank aan mnr. M. van der Reyden vir die taalver-

---

1) 'n Lys van die datums van onderhoude verskyn op p. 99.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK I

## KOTTLER SE JEUGJARE EN VROEë OPLEIDING IN EUROPA

(1892 - 1914)

### A. VROEë JEUGJARE (1892 - 1911)

Moses Kottler is in die klein Russiese dorpie[1)] Joniskis[2)] in Littoue gebore.[3)]

Die presiese geboortedatum is nie aan die kunstenaar bekend nie. Kottler is egter van mening dat dit in 1892 was; op sy eerste paspoort word sy geboortedatum as 12 Desember 1892 aangegee maar volgens sy suster, Mev. F. Baron, was dit in 1893.[4)]

---

1) In die volgende publikasies word sy geboorteplek slegs as 'n klein Russiese dorpie aangedui: "Visit to the Studio of Moses Kottler", The Cape Argus, Saturday, 23rd October, 1926; "Art and Comment". "A Sculptor of South Africa", The Christian Science Monitor, Boston, Monday, 28th February, 1927; Rozilda, "Out of the Ordinary", The South African Jewish Chronicle, 26th April, 1929, p. 268; Hora, "Moses Kottler. Sculptor of Famous South Africans", Ivri Onouchi, 1st November, 1929; Rozilda, "South Africa's Jewish Artists", Hasholom Rosh Hashonah Annual, Tishri, 5692, September, 1931; H.E. Winder, "A pen portrait of the 'Nudes' creator", The Rand Daily Mail, 12th August, 1957.

2) Uit verskeie bronne blyk die dorpie naby die Russies-Duitse grens te wees: The Rand Daily Mail, 12th August, 1957; South African Panorama, January, 1960; Inligtingbrosjure van General Mining and Finance Corporation, Limited insake beeldhouwerke en skilderye van die maatskappy se hoofkantoor, p. 6; In Lee Lewis se artikel "The Art of Moses Kottler," in The Zionist Record Annual, October, 1951, p. 44, word dit as "Yaneskik" aangegee. Esmè Berman, Moses Kottler, Art and Artists of South Africa, p. 140, word dit as "Joniskis" aangegee? Persoonlike onderhoud met kunstenaar se suster Mev. F.Baron, is van mening dat korrekte spelling "Yaniski" is. Elia Stamn, "Moses Kottler - The man who will create Statue of South African Flying Pioneers" South African Jewish Times, Friday, 2nd January, 1955, gee dit as "Yanisok" aan.

3) "Moses Kottler and his Art", S.A.G. Literary Supplement, December, 1921, Volume X1, p. 411.
4) Persoonlike onderhoud op 21 Mei 1970.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die meeste geraadpleegde bronne word die geboortedatum as 1896 aangegee.[5)]

Joniskis was destyds 'n klein dorpie in die Baltiese provinsies met ongeveer tweeduisend inwoners. Die dorpie is naby die Duitse grens geleë en is op die hoofpad tussen Shavli en Mitau. Dit was destyds ook die hoofweg tussen Berlyn en St. Petrusburg. Alhoewel die grootste getal van die inwoners van Joniskis Jode was, was die omgangstaal van die dorp oorwegend Duits. Gedurende daardie jare was Joniskis deur Russiese magte beset en het dit onder die bewind van die Regering van Kovno gestaan. Joniskis, omring deur 'n aantal kleiner dorpies, was die mark- en sakesentrum waar boere weekliks hulle produkte kom verkoop het.

Moses Kottler is die jongste seun van Josef en Zirlah Kottler. Moses se vader is in Joniskis gebore terwyl sy moeder van Rosieni, in Littone afkomstig was. Die Kottler-familie het oorspronklik bestaan uit agt broers en twee susters. Twee broers en 'n suster is baie jonk oorlede. Die enigste oorlewendes vandag [6)] is Moses en sy suster, Mev. F. Baron, wat woonagtig is in Sunnyside, Pretoria.

In Joniskis was net een klein skooltjie, maar volgens Kottler het die Joodse ouers nie hulle kinders toegelaat om die skooltjie by te woon nie. In Vilna[7)] 'n naby geleë klein dorpie, het 'n Joodse onderwyser by sy huis

---

5) Helikon, Jaargang 5 & 6, September 1955, p. 41; Prof. G. Dekker, "Moses Kottler," Ons Kuns, p. 109; F.L. Alexander, Kuns in Suid-Afrika sedert 1900, p. 165; Esmè Berman, op. cit. p.160 Jeppe, Harold, S.A. Kunstenaars, p.132.

6) 1971.

7) Elia Stamn, The South African Times, loc. cit.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



private onderrig aan die Joodse leerlinge gegee. So 'n privaat skool is die "Chedar"[8] (Hebreeuse woord), genoem. Dit was by so 'n skool in Vilna waar Moses Kottler as klein seuntjie sy skoolopleiding ontvang het.

Dit word beweer dat Kottler al op vierjarige ouderdom kunstenaarstalent geopenbaar het.[9]

Reeds op hierdie stadium was dit sy geliefkoosde vermaak om een of ander klein beeldjie uit enige sagte medium soos byvoorbeeld hout te kerf met sy knipmes.[10]

Gedurig was hy besig om al sy nuwe idees oor te dra aan sy maats en was altyd omring deur kinderbewonderaars,[11] terwyl hy hulle ure lank geamuseer het met sy interessante staaltjies oor sy klein beeldhouwerkies. Daarenteen kon Kottler ook vir ure aaneen alleen sit en droom - waarskynlik oor iets wat hy vervolgens uit leiklip of hout wou kerf. As gevolg van sy onderhoudende vertellings en baie oorspronklike idees, was hy vanselfsprekend besonder gewild onder sy Joodse maatjies. Die Kottlers se woonhuis was gevolglik dikwels die bymekaarkomplek van vele kindervriende. In die winter was 'n baie gewilde speletjie onder die klomp maats om oorlog te maak met sneeuballe. Dit was tydens een van die oorloë buite in die sneeu dat Kottler

---

8) Rozilda, The South African Jewish Chronicle, loc. cit.

9) Sien Rozilda, The S.A. Jewish Chronicle, loc. cit; Hora, Ivri Onouchi, loc. cit., S.A.G. Literary Supplement, Moses Kottler and his art, December, 1921 - Volume X1 - p. 411; Elia Stamm, S.A. Jewish Times, loc. cit.

10) Rozilda, The S.A. Jewish Chronicle, loc. cit.; Hora, Ivri Onouchi, loc. cit.; Rozilda, Hasholom Rosh Hashonah Annual, loc. cit.; In die artikel van Lee Lewis in The Zionist Record Annual, loc. cit. word genoem dat hy op driejarige ouderdom reeds verskeie voorwerpe gesny het; Elia Stamm, S.A. Jewish Times, loc. cit.

11) Rozilda, The S.A. Jewish Chronicle, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy eerste "openbare monument", 'n sneeuman, gemaak het.[12)]

'n Verbyganger wat met vakansie in Joniskis was, was baie beïndruk met die besondere kunswerk wat geensins 'n gewone kinderpoging was nie; maar eerder die werk van 'n persoon met opmerklike en buitengewone kunsaanleg. Nog meer was hy geïmponeer toe hy moes verneem dat dit gemaak is deur 'n jong seun van veertien jaar. Hy het 'n foto van die sneeuman geneem[13)] en na sy terugkeer in Parys het hy die foto aan 'n plaaslike kunstenaar en kunskenner[14)] getoon, wat op sy beurt baie beïndruk was en nouliks kon glo dat dit die skepping van 'n jong seun was. Hy het daarop aangedring dat hierdie jong talentvolle "beeldhouer" na Parys sou kom om daar opleiding in kuns te ontvang.

Omstandighede wou dit egter anders. 'n Oom van Kottler was geweldig gekant teen die plan. "Hoe kan enige familie so 'n jong kind alleen na Parys laat gaan?" het hy baie verontwaardig gevra. En hoewel dit vir die jong Kottler 'n ontsettende teleurstelling was dat hy nie toegelaat was om na Parys te kon gaan nie, moes hy maar tevrede wees met gewone skoolonderrig. Gewoonlik het hy na skool gedurende die middae en aande voortgegaan om sy liefde vir kuns te beoefen. Hierdie kleiner kunswerkies het ongelukkig almal met die verloop van jare verlore gegaan.

Omdat Kottler as 'n stil, beskeie seun met 'n buitengewone kunstalent, verskil het van ander seuns van sy ouderdom, het sy familie altyd gewonder waarvoor hy hom eendag wou bekwaam. 'n Oom van hom was 'n horlosiemaker en die jong Moses was besonder geïnteresseerd in hierdie beroep van sy oom met die gevolg dat hy baie middae na

---

12) Sien "Moses Kottler and his Art," S.A.G. Literary Supplement, loc. cit.; Rozilda, The S.A. Jewish Chronicle, loc. cit.; Hora, Ivri Onouchi, loc. cit.

13) Sien Hora, Ivri Onouchi, loc cit.

14) Naam van kunstenaar onbekend.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skool sy tyd in hierdie winkel deurgebring het. Sy oom het sy hulp verwelkom, maar was ook verbaas om te sien hoe vaardig en oulik jong Kottler met sy hande fyn werkies kon verrig. Hy was oortuig daarvan dat sy klein nefie eendag in sy voetspore as horlosiemaker sou volg.

As jong seun was ook Kottler besonder lief om met 'n naald en garing te werk. Terwyl sy moeder soms met haar naaldwerk besig was, was Moses altyd 'n lastige toeskouer wat haar 'n honderd en een vrae gevra het. Een dag het hy selfs so ver gegaan om self 'n naald en garing te neem om vir homself 'n hemp te maak. Sy moeder het hom maar laat begaan en was later baie verras met die resultaat - 'n klein Russiese hempie met valletjies wat hom piekfyn gepas het.

Alle lede van die Kottlergesin was besonder lief vir musiek en alhoewel Moses geen musiekinstrument kon bespeel nie, het ook hy 'n liefde vir klassieke musiek geopenbaar. As gesin het die Kottlers dikwels musiekuitvoerings in Joniskis en nabygeleë dorpies bygewoon.

Maar behalwe hierdie musiekuitvoerings het Joniskis vir Kottler hoegenaamd geen geleentheid gebied om sy kunstalent te ontwikkel en uit te leef nie. Sy jeugjare het hy in hierdie eenvoudige dorpsomgewing, waar hy so goed as nooit met kuns in aanraking gekom het, deurgebring.[15)]

Sy belangstelling en liefde vir kuns is egter aangewakker deur sy gereelde besoeke aan die klein plaaslike kerkie. Binnekant was hierdie kerkie versier met pragtige gebeeldhoude, religieuse figure. So gereeld as moontlik het Moses sy kans waargeneem en die klein kerkie binnegesluip want hy kon net nie genoeg inneem van die pragtige figure nie.[16)]

---

15) "Suid-Afrikaanse Kuns" Moses Kottler, Die Huisgenoot, April, 1918, p. 337; Hora, Ivri Onouchi, loc. cit.

16) Sien Rozilda, The S.A. Jewish Chronicle, loc. cit.; Hora, Ivri Onouchi, loc. cit.; Rozilda, Hasholom Rosh Hashonah Annual, loc. cit.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie figure, asook die kennis wat hy in die boeke van sy vader opgedoen het, het sy "kunsdors" voorlopig geles. Ure lank het hy in die ryklik geïllustreerde boeke rondgeblaai. Sodoende het hy sy kennis van Antieke kuns baie verbreed. Soos hy dit self stel kon hy net nooit genoeg na die perfek gemodelleerde figure wat deur die Antieke beeldhouers geskep is, kyk nie.

Nou was die omstandighede in Joniskis destyds van so 'n aard dat daar vir die Joodse bevolking geen plek of geleentheid vir verdere ontwikkeling bestaan het nie: "Al dink ons baie keer dat die oue wêreld tot in sij uiterste hoeke toe die kenmerke dra van die beskawing wat hom daar deur die eeue heen ontwikkel het, tog is dit nie die geval nie: Op die platteland van Europa, ver van die groot stede - die brandpunte van moderne beskawing - vind 'n mens 'n heel ander wêreld, waar die gebruike en gewoontes van eeuwe her bewaard gebly het. 'n Aparte wêreld is dit. Die oue sedes, die voorvaderlike gebruike, die eenvoudige lewenswijse is daar oorgegaan van ouer op kind. Dis 'n wêreld, wat aan die ondergaan is en aan die moderne kultuur telkens meer van sij gebied moet afstaan; dog dit is tewens 'n wêreld, wat in sij opvattinge en gedagtes nie sover afstaan van ons lewe op die vlaktes en in die berge nie. In so 'n omgewing het Moses Kottler as seun gelewe. Dit was 'n omgewing wat hom weinig gegee het, dog tewens ook weinig van hom geneem het - wat wat ons helaas nie altijd kan sê nie van die sentra van sogenaamde beskawing wat met hul skole met opgeskroefde leerplanne, hul leë skittering en oppervlakkige mooidoenerij al te dikwels die oorspronklike dooddruk en geen kans gee om te groei nie."[17)]

Veral vir die Joodse jeug het Joniskis hoegenaamd geen toekoms gebied nie en om hierdie rede het die Kottler-familie tenslotte besluit om te verhuis na 'n ander land.

---

17) "Suid-Afrikaanse Kuns" Moses Kottler, <u>Die Huisgenoot</u>, April, 1918, p. 337.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van familielede wat toe al gevestig was in Suid-Afrika, het hulle verneem van al die moontlikhede wat daardie verre land gebied het. Dit het Moses se ouers laat besluit om Suid-Afrika hulle nuwe vaderland te maak. Op hierdie stadium was van Moses se ooms en ouer broers reeds gevestigde volstruisboere op die plaas "Middelplaas"[18)] in die distrik van Oudtshoorn.[19)]

Nadat jong Kottler 'n beeldjie van klei, van 'n ou Jood met 'n regop mus op sy kop en haarlokke wat piëteit voorstel[20)] gemaak het, het sy ouers ingesien dat hul jong seun tog 'n besondere aanvoeling vir kuns het. Hulle het hom na die Bezalel-Kunsskool in Jerusalem laat gaan vir verdere opleiding in kuns want 'n oom van Moses het gesê: "Where else could the Jew be at home? Surely a Jewish child of 14 or 15 would be safer in Jerusalem than in Paris."[21)] Voorlopig het sy ouers alleen na Suid-Afrika gegaan.

## B. VROEë EUROPESE OPLEIDING

### (i) Opleiding in Jerusalem Gedurende 1911

Alhoewel daar geen familielede van die Kottlers destyds in Jerusalem woonagtig was nie, het sy ouers dit goedgedink om hom na die Bezalel-Kunsskool in Jerusalem

---

18) A.M. v. S. "Pen en die Penseel," Moses Kottler in Pretoria, Die Vaderland, 10 September, 1932, p. 13.

19) "Visit to the Studio of Moses Kottler," The Cape Argus, loc. cit.; Art and Comment, a Sculptor of South Africa," The Christian Science Monitor, Boston, loc. cit.; Esmè Berman, op. cit. p. 160.

20) Sien "Moses Kottler and his Art," S.A.G. Literary Supplement, loc. cit.

21) Lee Lewis, "The Art of Moses Kottler", The Zionist Record Annual, loc. cit.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te stuur.[22] Daar sou hy die beste opleiding kon geniet, asook die nodige stimulasie ontvang vir die verdere ontplooiing van sy kunstalent.

Vroeg in 1911 word Kottler 'n student van hierdie kunsskool. Losies is nie deur die skool aan ingeskrewe studente verskaf nie; en gevolglik moes hy vir homself privaatlosies vind. In die buitewyke van Ou Jerusalem het 'n vriend van Kottler vir hulle 'n privaat kamertjie gehuur. Die jong Kottler moes egter daarvoor betaal; sy vriend was finansieel nie in staat om ook maar iets vir hierdie onderdak by te dra nie.

Aan die Bezalel-Kunsskool was Kottler nie baie gelukkig nie want hy wou graag modelleer maar aan die Bezalel-Skool was daar geen fasiliteite vir beeldhoukuns nie. Om hierdie rede was Kottler geweldig gefrustreerd en het dit vir hom voorgekom asof hy besig was om sy tyd daar te verspil. Hy het slegs vir ses maande[23] teken- en skilderkuns[24] onder die bekwame leiding van professor

---

22) Sien Esmè Berman, loc. cit.; Prof. G. Dekker, Ons Kuns, loc. cit.; F.L. Alexander, loc. cit.; Gerhard Aucamp, "Gevoelige uitbeelder, veral van Kinders", S.A. Heldegalery, p. 233; "Visit to the Studio of Moses Kottler, The Cape Argus, loc. cit.; Hora, Ivri Onouchi, loc. cit.; Rozilda, Hasholom Rosh Hashonah Annual, loc. cit.; The Christian Science Monitor, Boston, loc. cit.; William Humphreys Art Gallery, Kimberley. Summary Guide, 1964, p. 36; Catalogue, South African National Gallery, Cape Town, 1970, p. 30; Lee Lewis, The Zionist Record Annual, loc. cit.; Jeppe, Harold, Suid-Afrikaanse Kunstenaars, p. 132.

23) Rozilda, The S.A. Jewish Chronicle, loc. cit.; Hora, Ivri Onouchi, loc. cit.; Rozilda, Hasholom Rosh Hashonah Annual, loc. cit.; Daar word egter in Die Huisgenoot, April, 1918, p. 337 in 'n artikel getiteld "Suid-Afrikaanse Kuns" Moses Kottler, beweer dat hy vir twaalf maande aan die Bezalel-Kunsskool studeer het. Soos hierbo aangetoon blyk dit dus dat hierdie bewering foutief is.

24) S.A.G. Literary Supplement, loc. cit.; Prof. G.Dekker, Ons Kuns, loc. cit.; F.L. Alexander, loc. cit.; Lee Lewis, The Zionist Record Annual, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Schatz[25] studeer. Tog het sy studies hier nie sonder invloed gebly nie en was dit van 'n besondere betekenis vir hom. Prof. Schatz was afkomstig uit Boelgarye. Hy was die hoof van 'n kunsskool en onder sy bekwame leiding het talle jong talentvolle kunstenaars studeer. Een produk van hierdie skool was die destyds beroemde kunstenaar, Hilsberg. Die meeste van Kottler se medestudente was Duitssprekend en sy vriendskap met hulle het tot gevolg gehad dat hy hom met die verloop van tyd net so vlot in Duits kon uitdruk as in sy eie moedertaal, Hebreeus.

Kottler se grootste begeerte was nog om beeldhoukuns te beoefen maar die geleentheid was hom nie gebied nie omrede die Bezalel-Kunsskool nie die nodige beeldhoufasiliteite besit het nie. Kottler moes hom egter in skilder- en tekenkuns uitleef[26] en het dikwels in sy vrye tyd in die buitelug skilderwerk gaan doen. Hy was veral lief om tipiese Jerusalem straattonele te skilder. Maar nadat hy ses maande lank as student aan dié kunsskool verbonde was, het hy besluit om liewers na München in Duitsland te gaan om aldaar sy studies voort te sit.

---

25) In die reeds aangehaalde <u>Huisgenoot</u> van April, 1918, op p. 337, word hy verkeerdelik aangedui as Prof. Satz; Elia Stamm, <u>The S.A. Jewish Times</u>, loc. cit.

26) Dekker, <u>Ons Kuns</u>, loc. cit.; Lee Lewis, <u>The Zionist Record Annual</u>, loc. cit.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) Verdere Opleiding in München, Duitsland (1911 - 1913)

Gedurende 1911 het Kottler na München vertrek waar hy aan die Akademie van Kuns in München[27] 'n eksamen vir toelating to die Akademie van Kuns afgelê het. Maar alhoewel hy vir die eksamen wat bestaan het uit die teken van 'n naakfiguur geslaag het, kon hy nie onmiddellik met sy studies voortgaan nie omdat die groep[28] van Professor Habierman reeds voltallig was. Kottler wou graag onder die bekwame leiding van professor Habierman studeer. Ongelukkig was daar nie onmiddellik 'n opening nie en moes hy voorlopig onder Professor C.J. Becker-Gundahl[29] gaan werk tot die volgende semester. Daar was egter ander professore wat ook skilderkuns doseer het en Kottler het ook onder leiding van Professor Franz von Stuck gewerk, wat 'n baie bekende en gewilde kunstenaar in München was maar wat by Professor Habierman in bekwaamheid agtergestaan het.

Kottler het verder lesings in kunsgeskiedenis en anatomie by Professor Molius bygewoon. Hy was 'n Fransman en een van die gewildste professore onder die studente. Professor Molius het anatomie vir die mediese studente aan die Universiteit van München gedoseer en die kunsstudente van die Akademie vir Kuns moes hierdie lesings by die Uni-

---

27) Alexander, loc. cit.; Dekker, loc. cit.; Berman, loc. cit.; Pat Stacey en Jean Hugo, "Moses Kottler;, Lantern, Januarie - Maart, 1955, Jaargang 4 Volume 4, No. 3, p. 245; Enslin du Plessis, "Suid-Afrikaanse Kunstenaars in Londen, Die Nuwe Brandwag, Mei 1931, Volume 3, No. 2, p. 106; Gerhard Aucamp, Suid-Afrikaanse Heldegalery, loc. cit.; The Christian Science Monitor, loc. cit.; Hora, loc. cit.; Rozilda, Hasholom Rosh Hashonah Annual, loc. cit.; Inligting Brosjure van General Mining and Finance Corporation, Limited, loc. cit.; Lee Lewis, loc. cit.; Catalogue, South African National Gallery, Cape Town, 1970, p. 30; Jeppe, Harold, Suid-Afrikaanse Kunstenaars, p. 132.

28) Slegs tien tot vyftien studente is in so 'n groep per kurses toegelaat.

29) Thieme Becker, Künstler Lexikon III, p. 151; Winder, The Rand Daily Mail, loc. cit.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



versiteit bywoon. Volgens Kottler het hy gereeld Professor Molius se lesings gevolg. Hierdie getroue klasbywoning was nie soseer toe te skryf aan die feit dat hy sy kennis van anatomie wou verbreed nie, as vanweë die boeiende manier waarop die vak aan die studente voorgedra is. Sy interessante vertellings asook aangename persoonlikheid het blykbaar ook grootliks daartoe bygedra dat groot getalle studente sy lesings gereeld bygewoon het.

Die lesings wat Kottler aan die Akademie bygewoon het, het deurgaans vanaf agtuur tot eenuur geduur. In die middae kon die studente doen wat hulle wou en Kottler het meestal hierdie geleentheid gebruik om by een of ander skilderskool sy tyd deur te bring. Studente aan die Akademie wat in hul vrye tyd by so 'n skilderskool wou skilder en van 'n model gebruik wou maak, moes 'n toegangsfooitjie betaal wat dan ook die model se salaris was. Meestal het Kottler figuur- en portretstudies geskilder. Sommige middae het hy weer in die buitelug deurgebring, en landskappe geskilder terwyl hy gedurende ander middae kunsmuseums en biblioteke besoek het. Dikwels het hy in die Museum vir Oosterse Kuns in München verwyl[30)] en vandag nog hou die Oosterse Kuns vir Kottler 'n besondere bekoring in. "It was his ambition to go to India, where he longed to imbibe some of the spirit of oriental art. Rabindranath Tagore, the distinquished Eastern poet and philosopher, had invited him to come as a guest. However this wish has not yet materialized"[31)]

---

30) "Moses Kottler and his Art", S.A.G. Literary Supplement, loc. cit.; "Visit to the Studio of Moses Kottler", The Cape Argus, loc. cit.; Ivri Onouchi, loc. cit.

31) Dr. L.B. Kreitner, "In Moses Kottler's Studio", Trek, March 1951, p. 33-35. Enige besoeker aan die Kottler woning se aandag word dadelik getrek deur die groot versameling Chinese, Japannese en Indiese beeldjies, maskers en porseleinware; sien ook die beskrywing van sy liefde vir Oosterse Kuns in die artikel getiteld "Visit to the studio of Moses Kottler," The Cape Argus, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sy liefde vir musiek het daartoe bygedra dat hy gereeld musiekuitvoerings en operas bygewoon het. Vir een mark kon studente staanplekke in die teaters bekom en vir hierdie voorreg moes Kottler gewoonlik lank voor die tyd in 'n ry buitekant wag om in te kom. Hoewel Kottler ook aan die Akademie vir Kuns geen opleiding in beeldhoukuns ontvang het nie, was hy nogtans vasberade om die eerste geleentheid wat hom sou voordoen om te modelleer, aan te gryp.[32)]

In Mei 1912, het Kottler besluit om sy vakansie by sy ouers in Suid-Afrika te gaan deurbring.[33)] Vir ses maande het hy op sy ouers se plaas net buitekant Oudtshoorn gekuier. Die pragtige natuurskoon van die omgewing het hom besonder beïndruk en vandag hou dit nog steeds vir hom 'n besondere bekoring in.[34)] Gedurende hierdie verblyf het hy veral die natuurskoon van die plaas geskilder. Hierdie skilderye is vandag nog steeds in Kottler se besit terwyl 'n paar ook in sy suster se woonstel in Pretoria te sien is.

Aan die einde van 1912 het Kottler na München teruggekeer.[35)] In München moes hy tot sy ontsteltenis bemerk dat hy sonder verblyf was en dat daar bowendien geen plek in die ateljee van Professor von Stuck vir hom beskikbaar was nie. Alhoewel Kottler nie baie van die skilder-

---

32) "Moses Kottler and his Art", S.A.G. Literary Supplement, loc. cit.

33) Dekker, Ons Kuns, loc. cit.; "Suid-Afrikaanse Kuns", Die Huisgenoot, loc. cit.; "Visit to the Studio of Moses Kottler", The Cape Argus, loc. cit.; Rozilda, S.A. Jewish Chronicle, loc. cit.; Inligting Brosjure van General Mining and Finance Corporation Limited, loc. cit.; Elia Stamm, S.A. Jewish Times, loc. cit.

34) Dekker, Ons Kuns, loc. cit.

35) "Visit to the Studio of Moses Kottler;, The Cape Argus, loc. cit.; Rozilda, The S.A. Jewish Chronicle, loc. cit.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tegniek van Professor Becker-Gundahl gehou het nie, het hy geen ander keuse gehad nie en moes hy gedwee sy skilderonderrig onder hierdie dosent se leiding voortsit. Die meeste van sy werke uit hierdie tyd het uit figuur- en portretstudies bestaan. Ongelukkig kon Kottler nie een van sy werke wat hy aan die Akademie van Kuns geskilder het, behou nie. Hy het hulle weggegee of vir 'n appel en 'n ei van die hand gesit.

Dit het egter Kottler se ideaal gebly om na Parys te gaan om hom daar verder te bekwaam. Hy was vas oortuig dat die geleentheid hom daar gegun sou word om te modelleer dat hy tenslotte besluit het om na Parys te gaan. Hy het gehoop om daar nie alleen sy kunsvaardigheid te verbeter nie, maar ook om 'n lewensideaal wat hy nou reeds 'n aantal jare gehad het, te verwesentlik.

### (iii) Opleiding in Parys en London (1913 - 1914)

In die middel van 1913 het Kottler per trein uit München na Frankryk vertrek.[36] In Parys het hy 'n klein kamertjie in 'n hotel gehuur wat terselfdertyd as slaapplek sowel as ateljee moes dien. Dit het blykbaar nie voldoen nie en na ongeveer 'n maand het hy 'n kleinerige ateljee gehuur waar hy sy ideaal om beeldhouer te word in praktyk tot uitvoer gebring het. Daar was honderde kunstenaars in Parys en net soos die meeste van hulle het Kottler dit moeilik gevind om te werk en bowendien nog 'n bestaan te maak. Ondanks geldelike moeilikhede het hy as 'n jong ambisieuse kunstenaar in Parys werklik geluk gevind en het hy 'n gevoel gehad dat hy hom nou uiteindelik kon uitleef

---

36) Alexander, loc. cit.; Berman, loc. cit.; "A Sculptor of South Africa", The Christian Science Monitor, Boston, loc. cit.; "Visit to the Studio of Moses Kottler", The Cape Argus, loc. cit.; In laasgenoemde twee artikels word Kottler se vertrekdatum as 1914 aangegee; Lee Lewis, The Zionist Record Annual, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in sy kuns.[37] Hy het self vir 'n model gesorg en portret- en figuurstudies uit klei gemodelleer wat daarna gebak is. Hy het soveel vordering gemaak dat hy na verloop van tyd vir 'n vriend 'n reliëf kon uitvoer. Hy het gevoel dat hy destyds as jong seun in Joniskis, toe die geleentheid hom voorgedoen het, reeds na Parys moes gegaan het. Tot vandag toe verwyt hy sy familie nog steeds dat hulle hom nie sy gang laat gaan het nie.

Gedurende sy verblyf in Parys het hy geen formele onderrig in enige vorm op kunsgebied ontvang nie. Hy het voorkeur daaraan gegee om op sy eie daarmee voort te gaan. Sy vriendekring het aansienlik uitgebrei en met hulle het hy baie dae in kunsmuseums deurgebring. Kottler het 'n intensiewe studie van beeldhouwerk gemaak, veral van die werke van Rodin en Maillol.[38] Vir hierdie beeldhouers het hy groot bewondering gekoester. Selfs sy kennis van kunsgeskiedenis het hy gedurende hierdie tydsduur deur selfstudie in biblioteke opgedoen. Een van die gevolge van Kottler se langdurige verblyf in Parys was dat hy nou nie alleen oor 'n vlot kennis in Duits beskik het nie maar in Frans ewe taalvaardig geword het.

'n Moeilike tydperk het vir die jong Kottler voorgelê na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914. Hy wou graag by die leër aansluit, maar vanweë die feit dat hy ondergewig was is hy afgewys. Vanweë die oorlogstoestande het dit nou vir hom onmoontlik geword om langer sy aandag aan sy kunsliefhebbery te bestee. Hy vertel dat sy ateljee op hierdie stadium vol halfvoltooide en ongebakte beelde was en dat hy verplig was om alles net so

---

37) Rozilda, <u>Hasholom Rosh Hashonah Annual</u>, loc. cit.; Hora, <u>Ivri Onouchi</u>, loc. cit.

38) "Moses Kottler and his Art", <u>S.A.G. Literary Supplement</u>, loc. cit.; "Visit to the Studio of Moses Kottler", <u>The Cape Argus</u>, loc. cit.; <u>The Christian Science Monitor</u>, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



agter te laat en met slegs 'n klein tassie wat die nodigste goedjies bevat het, het hy Parys verlaat. In 'n artikel van Hora[39] word ons egter die volgende interessante staaltjie in die verband meegedeel: "The struggling young artist had to appease occasionally with hard cash a cruel and heartless landlord. He remembers clearly how this dread individual would emphasise his demand for the rent with the cold muzzle of a revolver. On one occation when death seemed imminent young Kottler took to his heels, leaving behind him all the works he had done for months past for the landlord to do with as he pleased."

Hoewel 'n tante van hom aanbeveel het dat hy na Spanje moet gaan, het Kottler toe alreeds voorkeur daaraan gegee om weer na Suid-Afrika te gaan. Na veel gesukkel het hy plek gekry in 'n trein van Parys na Drefe, 'n reis wat drie dae geduur het, en daarvandaan na Engeland. Hier moes hy wag op 'n boot en deurdat 'n geldsending van sy ouers hom eers nie bereik het nie; moes hy sonder geld sien klaarkom. Dit was ook gedurende hierdie probleemtyd dat hy die droewige tyding ontvang het dat sy moeder in Suid-Afrika oorlede is. Hy het homself besig gehou deur maar al die kunsmuseums te besoek. Gelukkig het party van sy vriende uit Parys ook inmiddels in London aangekom en kon hulle hom bietjie help. As gevolg van die omstandighede was daar egter geen geleentheid om tydens hierdie kort verblyf in London enige beeldhoukuns of skilderkuns te verrig nie.

In Desember 1914 het Kottler uit Engeland per boot na Kaapstad vertrek waar hy begin 1915 aangekom het.[40]

---

39) "Moses Kottler. Sculptor of Famous South Africans", Ivri Onouchi, loc. cit.

40) Berman, loc. cit.; Dekker, Ons Kuns, loc. cit.; Lewis, The Zionist Record Annual, loc. cit.; Catalogue, South African National Gallery, Cape Town, p. 31.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK II

## VROEë VERBLYF IN SUID-AFRIKA EN VERDERE OPLEIDING IN EUROPA (1915 - 1931)

### A. VROEë LOOPBAAN IN SUID-AFRIKA

#### (i) Oudtshoorn (1915 - 1917)

Vroeg in 1915 het Kottler per boot in Kaapstad aangekom.[1] As gevolg van die destydse beperkte spoorverbindings was dit vir hom onmoontlik om regstreeks vanaf Kaapstad na Oudtshoorn te gaan en moes hy eers per boot na Port Elizabeth seil om daarvandaan per trein na Oudtshoorn te reis.

Sy vader en sy broers was toe reeds gevestigde en vooruitstrewende volstruisboere naby Middelplaas net buite Oudtshoorn. Een van sy broers was bowendien die eienaar van 'n winkel op een van die plase in die omgewing. Kottler het egter besluit om hom voorlopig op sy ouers se plaas "Oude Murargie" te vestig.[2] Die natuurskoon van Oudtshoorn se omgewing het hom besonder beïndruk en hy kon nie wag om die mooi natuurtonele op doek vas te lê nie. 'n Treffende skildery van Kottler wat uit hierdie tydperk dateer is 'n kleinerige olieverfskildery "Oude Murargie" wat vandag 'n ereplek in die Kottlerwoning beklee. Dit stel 'n ou plaasopstal voor waarin sy broer destyds op 'n nabygeleë plaas

---

1) "Moses Kottler", Die Huisgenoot, April, 1918, p. 337; Lee Lewis, "The Art of Moses Kottler", The Zionist Record Annual, October, 1915, p. 44; Moses Kottler, Prof. G. Dekker, Ons Kuns, p. 109; Esmè Berman, Art and Artists of South Africa, p. 140; Jeppe Harold, Suid-Afrikaanse Kunstenaars, p. 132.

2) Esmè Berman, loc. cit.; Prof. G.Dekker, loc. cit.; "Visit to the Studio of Moses Kottler", The Cape Argus, Saturday, 23rd October, 1926; Hora, "Moses Kottler. Sculptor of Famous South Africans", Ivri Onouchi, 1st November, 1929.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewoon het. Destyds het Kottler dikwels op hierdie plaas gaan skilder en naderhand besluit om 'n aantal vertrekke van die opstal in te rig as sy ateljee.

Terwyl hy eendag op die plaas gaan wandel het, het hy onverwags op 'n fontein afgekom wat klei bevat het. Hierdie vonds het 'n keerpunt in sy loopbaan teweeg gebring deurdat dit daartoe aanleiding gegee het dat hy sy aandag voortaan hoofsaaklik op beeldhoukuns gaan toespits het en net af en toe nog geskilder het.

Alle bekendes in die omgewing moes vir Kottler poseer - vanaf die klein babatjie van sy broer[3] tot die bejaarde koetsdrywer wat die koets vanaf die stasie tot in Oudtshoorn bestuur het. Laasgenoemde se beeld staan bekend as "Oom Fanie".[4] Vir die jong Kottler was die gelaatstrekke van die Kleurlinge en Bantoes op die plaas besonder interessant. Die beeldjie "Tokkie, 'n Bruin Meidjie", wat hierdie tyd tot stand gekom het was een van die bewyse vir hierdie belangstelling.[5]

Kottler het party van sy werke na die Vereniging van Suid-Afrikaanse Kunstenaars in Kaapstad gestuur om daar ten toongestel te word saam met die werke van ander plaaslike kunstenaars. So is in die "The Cape Argus"[6] byvoorbeeld vermeld: "Moses Kottler of Oudtshoorn sends in several notable plaster casts which show both feeling and a good mastery of technique. His workmanship shows the influence of Europe, tradition of hard work and restraint combined with some of our own love of ornamentation. Especially good as a piece of decorative work, is his reliëf called "Sister

---

3) Beter bekend as "Kinderkoppie"; "Moses Kottler", Die Huisgenoot, loc. cit.

4) Die Huisgenoot, loc. cit.

5) A.C. Bouman, Kuns in Suid-Afrika, afbeelding XXI.

6) "Moses Kottler", 11th April, 1916.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

17A



TOKKIE

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Love", which has great delicacy of moulding." Laasgenoemde reliefwerk wat in sement gegiet is, is in 1915 voltooi.[7)] In 1916 het Kottler hierdie sement relief, die portretstudies van "Oom Fanie", "Kinderkoppie" en "Tokkie", asook drie skilderye van landskappe in olieverf na 'n kunsuitstalling in Kaapstad gestuur. Al hierdie werke is besonder gunstig deur plaaslike kunstenaars en kunsliefhebbers, vir wie hierdie jong opkomende kunstenaar eintlik nog onbekend was, ontvang.

As gevolg van die groter "kunsverkeer" en beter fasiliteite wat Kaapstad destyds aan die jong kunstenaars kon bied, het Kottler besluit om Oudtshoorn te verlaat en Kaapstad sy nuwe verblyf- en kunstenaarsentrum te maak. In Desember 1916 het hy na Kaapstad vertrek om hom aldaar te vestig.

## (ii) Verblyf Te Kaapstad (1917 - 1929)

In Kaapstad het Kottler tydelik by 'n ouer broer wat in Kaapstad werksaam was sy intrek geneem. Later toe hy beter met die stad bekend was, het hy besluit om op sy eie te gaan woon en het hy 'n kamer in "The Athenian Chambers" vir £2 per maand gehuur. Die kamer moes terselfdertyd as verblyf en ateljee dien.

Aanvanklik het Kottler hom steeds op skilderkuns toegespits en veral op portret- en landskapstudies; so af en toe het hy 'n portretstudie gemodelleer maar het gevind dat skilderwerke by die publiek meer byval gevind het as beeldhouwerke. Bowendien was hy nog nie genoegsaam ingerig en was sy fasiliteite nog nie van so 'n aard dat hy hom uitsluitlik op beeldhoukuns kon toelê nie. Hierdie jare was

---

7) Brander Wiles, "Moses Kottler. Die Skepper van die Borsbeeld van Genl. de Wet", <u>Die Burger</u>, Nuwejaarsnommer, 1924, p. 14-15.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volgens Kottler baie moeilik aangesien mense baie selde kunswerke gekoop het. Hoewel hy self 'n enkel keer 'n werk verkoop het, het hy meestal maar sy werke as geskenke aan sy vriende gegee. Die reeds gemelde skildery "Oude Murargie" wat Kottler nog in Oudtshoorn geskilder het, het hy byvoorbeeld vir 'n skrale £3 aan 'n goeie huisvriend van die Kottlerfamilie, mnr. Nicolai Kirschner, verkoop. Laasgenoemde het al vroeg gemerk dat die jong Kottler 'n besondere talent besit het. Hy was baie geïnteresseerd in Kottler se kuns en het hom baie aangemoedig om daarmee te volhard.[8)] Verder het Kottler baie vriendskap en belangstelling ondervind van D.C. Boonzaier en Bernard Lewis, destyds die kunskritikus van "Die Burger" en beter bekend onder die skuilnaam Brander, was vir Kottler ook 'n groot besieling en inspirasie.[9)]

In 1918 het Kottler sy eerste opdrag ontvang naamlik vir 'n reliëf wat geskik moes wees vir die fries van 'n skoorsteenmantel vir die woonhuis van mnr. F.W. Duffet. Vir die reliëf, bekend as "Hospitality" het Kottler van twee bokke wat deur twee persone gevoer word gebruik gemaak. Dit is 'n hoogs dekoratiewe paneel wat net die essensiële weergee. Vir hierdie reliëf het Kottler £2 en 'n sak sement ontvang. Gedurende die jaar het hy nog 'n opdrag ontvang en wel van die Universiteit van Stellenbosch om 'n portretstudie van hul destydse kanselier, Professor P.G.J. de Vos, te maak.[10)]

Aan die einde van 1918 het Kottler na 'n klein huisie wat op die landgoed van Lord J. de Villiers, die destydse hoofregter aan die Kaap, geleë was, verhuis. Die huisie

---

8) Persoonlike onderhoud met Mev. Ruth Gordé (neé gebore Kirschner) van Kaapstad op 16 Julie 1971.

9) Prof. G. Dekker, <u>Ons Kuns</u>, loc. cit.; Esmé Berman, p. 44.

10) "Visit to the Studio of Moses Kottler", <u>The Cape Argus</u>, loc. cit.; Brander Wiles, <u>Die Burger</u>, loc. cit.; <u>The Cape Argus</u>, datum onbekend; <u>The Christian Science Monitor</u>, loc. cit.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het slegs uit twee woonvertrekke bestaan en vir Kottler was dit 'n baie geriefliker plek as die enkel kamer waarin hy tot nou toe gewoon het. Bowendien kon hy hier alleen sonder om deur mense gesteur te word voortgaan met sy modelleerwerk. Dit was 'n ideale plek vir 'n kunstenaar; die huis was naby die ingang van "Wynberg House" met sy groen grasperke waarop silwerbome en sipresse gestaan het. Dit was destyds die koetshuis van die De Villiersfamilie en was 'n ruim plek wat alleen deur die groot deuropening verlig was. Die mure was 'n bleek roos kleur geverf, teen welke kleur Kottler die beste beskou het as 'n agtergrond om sy werke te "sien", terwyl hulle in wording was.[11] Onder hierdie omstandighede kon Kottler hom nou uiteindelik geheel en al toelê op sy beeldhouwerk. Gedurende die volgende twee jaar het hy verskeie portretstudies van sy vriende, hul kinders en familielede gemaak. Daar was ook 'n baie geslaagde portretstudie van "Ruth Prowse", 'n destydse bekende skilderes in die Kaap. Sy is halflyf gemodelleer en die werk is in sement gegiet.[12] 'n Verdere voorbeeld van sy werk is "Solly", 'n portretstudie van 'n jong seun wat heelwaarskynlik die seun van een van Kottler se talle vriende was. In 1919 het Kottler 'n portretstudie van "Mnr. Holzer", 'n bekende figuur in die teaterkringe van Kaapstad gemodelleer.[13] Ander voorbeelde van werk wat hy voor 1920 voltooi het is portretstudies getiteld: "Marie", "Mr. Ashworth", "Gregoire" (seun van D.C. Boonzaier),[14] "'n Jong Damé", "Sir Ernest Oppenheimer", "Elsa Schneider", en "Mnr. Bernard Lewis". Sy werk "Woodgatherers" is 'n reliëf

---

11) Brander Wiles, <u>Die Burger</u>, loc. cit.; Hora, <u>Ivri Onouchi</u>, loc. cit.

12) Sien Gerhard Aucamp, "Gevoelige Uitbeelder veral van Kinders", <u>Suid-Afrikaanse Heldegalery</u>; Brander Wiles, <u>Die Burger</u>, loc. cit.

13) Brander Wiles, loc. cit.

14) Kottler het vir Gregoire Boonzaier sy eerste blikkie waterverf geskenk - Esmè Berman, p. 40.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in hout wat Kottler aan 'n sekere Dr. Louis Herman, ook 'n goeie vriend, as trougeskenk gegee het.[15] Goeie voorbeelde van beeldhouwerke van Kleurlinge en Bantoes wat voor 1920 gedoen is, is "Bantoebaba", 'n gestileerde portretstudie in sement gegiet; "Kop van 'n Hottentot-Meidjie" in klip; "Maleier" in gips; "Kop van Bantoemeisie" in hout; "Hottentotseun",[16] en "Meidjie".

Gedurende 1920 het Kottler onder invloed van die Paryse Kubiste 'n ander styl in 'n paar van sy werke geopenbaar. Hierdie styl was algemeen deur die Franse kunstenaars met wie hy in Parys (1913) saamgewerk het, gebruik. Die styl het van sy tradisionele styl verskil deurdat hy hier meer gebruik begin maak het van plat vlakke wat byna neig na abstrakte kuns. 'n Algehele kontras word met die realistiese beeldhouwerke wat hy tot nou toe gemaak het, gevorm. Volgens Kottler self was hy lus om bietjie te eksperimenteer. Hierdie nuwe opvatting is by geleentheid beskryf as: Sy werk was egter nooit eksentries of buitensporig van aard nie. Hy verwring en vereenvoudig op sy eie manier sodat hy nog die karakter van die model behou. Kottler het die karaktertrek van die Joodse volk. Hy het 'n spesiale effens Oosterse warmte van gemoed en innigheid wat soek na kontak onderling en ook met nie-Jode.[17]

Beeldhouwerk van Kottler wat tiperend van hierdie styl is, is onder andere: "Portretstudie van 'n Baba", "Kat met 'n Masker", "Figuurstudie van 'n Vrou" en "Aanranding". Die twee laasgenoemde werke is in 'n groen-bruin sement uitgevoer. Verder het hy in 1920 ook die alombekende

---

15) Enslin du Plessis, "Suid-Afrikaanse Kunstenaars in Londen", Die Nuwe Brandwag, Mei, 1931, Volume 3, No. 2, p.106; Dr. Herman was 'n skoolhoof in Kaapstad.

16) Art and Comment, "A Sculptor of South Africa", The Christian Science Monitor, Boston, Monday, 18th February, 1927; The South African Lady's Pictorial, February, 1929.

17) Dr. A.C. Bouman, "Moses Kottler", Kuns in Suid-Afrika, p. 46.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beeldhouwerk "Nadenkende Meidjie" in hout voltooi. Die enigste losstaande beeldhouwerk wat 'n dier as tema het staan bekend as "Leeuwyfie". Hierdie werk is in 1920 voltooi en was 'n opdrag vir die versiering van 'n hek.[18)]

In Desember 1921 is 'n uitstalling van beeldhouwerke van Moses Kottler in die ontvangsaal van die Stadsaal van Kaapstad gehou. Die uitstalling is geopen deur Sir Carruthers Beattie, destydse rektor van die Universiteit van Kaapstad. Kottler het ongeveer tien beeldhouwerke uitgestal maar ongelukkig het nie baie mense die kunsuitstalling besoek nie, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die publiek nie van die uitstalling bewus was nie.[19)]

In Junie 1922 het Moses Kottler per boot na London vertrek. Hy het ongeveer agt beeldhouwerke, gegiet in gips en sement met hom saamgeneem om hulle in London in brons te kon laat giet. Kottler het nege maande in London gebly. Hy het hier 'n klein kamertjie gehuur waar hy 'n aantal beeldhouwerke gemodelleer het.[20)] Verder het hy die geleentheid veral te baat geneem om so veel moontlik kunsmuseums te besoek.

Kottler was sover moontlik aanwesig by die gietery van sy beeldhouwerke. In 'n persoonlike onderhoud wat met Kottler gevoer is na sy terugkeer van London het hy soos volg in "Die Burger"[21)] verklaar: "In die eerste plek kon

---

18) The Christian Science Monitor, loc. cit.; The Cape Times, Saturday, 27th March, 1926.

19) "Exhibition of Kottler's Work. Fine Sculpture at the City Hall", The Cape Argus, December, 1921. Bogenoemde uitstalling word in Hoofstuk IV volledig bespreek.

20) "Moses Kottler and His Art", S.A.G. Literary Supplement, December, 1921, Volume XI, p. 411; H. Purwitzkey, "Moses Kottler and His Art", The Zionist Record Annual, 2nd January, 1925, p. 17.

21) "Suid-Afrika en die Kuns", Die toestand in Europa. Onderhoud met Mnr. Moses Kottler, Saterdag, 6 Januarie, 1923.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ek deur persoonlike aanraking die gieters, wat uitsluitlik uit Italiaanse ambagslui bestaan in London presies laat verstaan wat ek van hulle verlang. Ek ken nou die mense, en hulle weet hoe om my werk te behandel. In die toekoms sal dit vir my nie meer nodig wees om met werk naar London te gaan en persoonlik toesig daaroor te hou nie. Ek weet dat hulle my tevrede sal stel, en dit sal my werk baie vergemaklik."

In Januarie 1923 het Kottler na Kaapstad teruggekeer en weer sy intrek in sy klein huisie aan die voet van "Wynberg House", die eiendom van Lord de Villiers geneem. Kottler het gevoel asof hy nie gou genoeg weer aan die werk kon spring nie. Hy was vol nuwe moed en idees. Hy het in Die Burger[22)] soos volg verklaar: "In die twede plek het ek baie van my persoonlike aanraking met die Europese kunswêreld geprofiteer. In Suid-Afrika werk ons kunstenaars, gewoonlik op ons eentjie, ons is ge-isoleer van die groot Europese kunswêreld, en so 'n isolement is soms baie gevaarlik. In Europa kom 'n mens weer met die lewende stroom in aanraking, 'n besieling gaan daarvan uit en jy word aangevuur om as baanbreker jou werk in Suid-Afrika voort te sit. Jy voel dat jy weer met nuwe denkbeelde verryk is, jy bly op hoogte van sake, en dit verhoed dat jy somar op losse voet voortsukkel."

Die Universiteit van Stellenbosch het voorgestel dat 'n plaaslike kunstenaar 'n borsbeeld van Generaal de Wet moes maak omdat daar op daardie stadium geen afbeelding van die ou Generaal bestaan het nie. Mnr. Bernard Lewis het voorgestel dat hulle Kottler moes nader in die verband en so ontvang hy in 1923 'n opdrag van die Universiteit van Stellenbosch om 'n borsbeeld van Genl. de Wet te maak.[23)]

---

22) Saterdag, 6 Januarie, 1923.

23) "Hoogste lof vir gestorwe Kunskritikus", Die Transvaler, 8 Februarie 1956; Lee, Lewis, The Zionist Record Annual, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Twee weke lank het Kottler op Generaal de Wet se plaas in die Vrystaat deurgebring: "Die werk is nie sonder baie moeite voltooi nie, soos kan begryp word as ons daaraan dink dat daarmee 'n begin gemaak is op die Generaal se plaas "Klipfontein" naby Dewetsdorp, weg van die kunstenaar se werkplaas en geriewe. En dan was die Generaal ook ongesteld en reeds aangetas deur die dodelike siekte wat hom slegs 'n paar maande later van ons sou wegneem sodat die veeleisende taak om werklik vir sy portret te sit, nie van hom kon gevorder word nie."[24] Nadat Kottler die borsbeeld in klei geboetseer het, het hy die gegote vorms van gips saamgeneem na Kaapstad waar hy die gietproses in gips voltooi het.

In dieselfde jaar het hy 'n portretstudie in halflyf van "Lady de Villiers" gemodelleer. Die werk herinner mens baie aan die reeds genoemde beeld van "Ruth Prowse" wat hy in 1919 voltooi het.[25] 'n Verdere voorbeeld van Kottler se beeldhouwerk wat in 1923 voltooi is, is die portretbuuste van "Claude", die seun van mnr. T. Felbert. In hierdie beeld tref veral die gladde, teer behandeling van die omtrekke van die klein seuntjie wat by uitstek jeugdigheid uitbeeld. Hierdie gladde afwerking verskil heeltemal in tegniek wat Kottler byvoorbeeld by die beeldhouwerk van Generaal de Wet gebruik het. Hy het ook portretbuuste van "Mev. Gwelo Goodman", "Professor W.H. Bell" en "Professor Radcliffe Brown" gemodelleer. Hierdie werke is almal bestempel as baie getroue gelykenisse van die betrokke persone

---

24) Brander Wiles, "Die Skepper van die Borsbeeld van Generaal de Wet", Die Burger, loc. cit.; "Hy het hulle geskep en leer ken - die beskeie beroemdes", Fleur, Tydskrif Bylaag van Dagbreek en Sondagnuus, 18 September, 1955; "Herinnering aan Generaal de Wet", Die Burger, 4 Februarie, 1926.

25) H. Purwitzkey, The Zionist Record Annual, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en is deur die destydse kunskritikus[26] as 'n ware kunswerk beskou.[27] Afgesien van al hierdie werke het Kottler gedurende dieselfde jaar die borsbeeld van mnr. Max Michaelis, die skenker van die ou Hollandse skilderye in die Michaelis-Museum in Kaapstad gemaak.[28]

In 1924 het Kottler 'n besonder mooi beeld van 'n naakte meisiefiguur in 'n sittende houding voltooi. Die beeldjie staan bekend as "Bird Bath" of "Tuinfiguurtjie"[29] en het die volgende kommentaar uitgelok: "It is a thing of beautiful simplicity. The figure is of a nude girl sitting gracefully on the ground holding out the hand, the palm turned towards the sky. The palm of the girl's hand is so deepened that it will contain just sufficient water to make a bird bath."[30] Gedurende dieselfde jaar het hy 'n paar nie-blanke studies getiteld "Ou Maleier"; "Kaffermeidjie"; "African Woman with A Child on her Back" en "Meidjie met Kopdoek" voltooi. Bowendien het hy tyd gekry vir die skilder van 'n selfportret. In Desember 1924 het Kottler saam met Daphne Taylor in die Ashbeyse Kunssaal in Langstraat, Kaapstad 'n kunsuitstalling gehou. Dit het bestaan uit twaalf werke van Kottler en dertig skilderye van Mej. Taylor. In The Cape Argus[31] word die gekombineerde uitstalling as uiters interessant bestempel omdat beide kunstenaars modern is in hul uitkyk en die uitvoering van hul kunswerke.[32]

---

26) Naam onbekend.

27) Kuns en Lettere, Tentoonstelling, Taylor en Kottler, Die Burger, 5 Desember, 1924.

28) Mary Norris, "Jewish Influences on South African Art", The Zionist Record Annual, 16th September, 1936; Brander Wiles, loc. cit.

29) Enslin du Plessis, Suid-Afrikaanse Kunstenaars in Londen, Die Nuwe Brandwag, loc.cit.

30) Hora, loc. cit.; "Visit to the Studio of Moses Kottler", The Cape Argus, loc. cit.

31) Desember 1924, presiese datum onbekend.

32) Bogenoemde uitstalling word in Hoofstuk IV volledig bespreek.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

25A



TUINFIGUURTJIE

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In dieselfde koerant is Kottler egter as 'n rebel beskryf: "Mr. Kottler is a lonely rebel in the art of sculpture in South Africa, and it must be admitted that he is a rebel who knows his craft."[33] In 1925 het Kottler 'n portretstudie van die dogtertjie van Neville Lewis "Chassie" gemodelleer. As beloning vir die werk het Kottler van Lewis 'n stinkhouttafel ontvang. Ander portrette wat deur Kottler gedurende die jaar gemaak is, is "Mnr. W. P. Schreiner"; "Charles Molteno" en "Advokaat Alexander."[34]

In 1926 het Kottler opdrag van Hoofregter Jacob de Villiers ontvang om 'n portretbuuste van hom te maak. 'n Kritikus van "Die Volkstem"[35] het opgemerk: "Soos iedereen wat Sy Hoogedele ken kan sê dat dit 'n uitstekende gelykenis is." Ander portrette wat Kottler gedurende 1926 gemodelleer het, is 'n portretstudie van "Mnr. Hull" die destydse minister van Finansies; 'n portretstudie van "Bernard Lewis", die destydse Kunskritikus van Die Burger asook portretstudies van die drie "Moni-broers". Bowendien het Kottler in hierdie jaar 'n borsbeeld van Generaal Hertzog voltooi. Die Generaal het slegs naweke in die huis van die Eerste Minister, die Groote Schuur, vir Kottler geposeer. Oor Generaal Hertzog as mens het die beeldhouer die volgende te vertel: "'n Baie goedhartige, vriendelike en sjarmante mens - 'n groot figuur vertel die beeldhouer. Hy wou nooit dat ek huis toe gaan voordat ek by hom geëet het nie. So hartlik was sy uitnodigings dat ek hulle nooit van die hand kon wys nie."[36] Twee werke wat nog gedurende die

---

33) "Rebel in the Art of Sculpture", Exhibition of Works of Moses Kottler, The Cape Argus, 4th December, 1924.

34) "Visit to the Studio of Moses Kottler", The Cape Argus, loc. cit.; The Cape Times, Saturday, 27th September, 1926

35) Kottler se Kuns, 17 September, 1932.

36) "Hy het hulle geskep en leer Ken - Beskeie Beroemdes", Fleur, loc. cit.; Die Huisgenoot, 6 Mei, 1927.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jaar voltooi is, is "Girl with Finger in Mouth",[37] en "The Tired Dancer."

In 1927 het Kottler opdrag ontvang om 'n portretstudie te maak van "Reverend A.P. Bender", die geliefde en geëerde Joodse pastoor wie se opheffingswerk bekend was aan Jode en nie-Jode asook aan oud en jonk.[38] Ander werke wat Kottler gedurende die jaar gemaak het, is borsbeelde van "Eerwaarde C.F. Andrews", "Sir George Cory" en "Mr. R.R. Brydone". Oor die laasgenoemde borsbeeld is die volgende gesê: "In a niche in the vestibule of the City Hall that faces Corporation Street has been placed a bust of Mr. R.R. Brydone. This today was handed over by Mr. J.W. Jagger to the City of Cape Town and received on its behalf, by the Mayor, Mr. A.B. Read. Mr. Jagger referred to Mr. Brydon's valuable services to the City of Cape Town over a long period of years, and his work for the troops during the Great War - his successful endeavours during the war to lighten the burden of men at the front as well as his serving with the British Army in France. The bust, which is by Kottler, is declared to be a fine likeness, and John Tweed, the famous sculptor, was loud in his praises of the work when it was submitted to him for his opinion."[39] Nadat Kottler die "Brydone"- borsbeeld voltooi het, het hy van die Suid=Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad opdrag ontvang om bors-

---

37) F.L. Alexander, <u>Kuns in Suid-Afrika</u>, p. 134.

38) Hora, <u>Ivri Onouchi</u>, loc. cit.; Rozilda, "Out of the Ordinary", <u>The South African Jewish Chronicle</u>, 26th April, 1929, p. 268; "The Art of Moses Kottler, A Worker in Wood and Stone", <u>The Architectural Review</u>, August, 1933, p. 194-195; H. Purwitzky, <u>The Zionist Record Annual</u>, loc. cit.; Rozilda, "South Africa's Jewish Artists", <u>Hasholom Rosh Hashonah Annual</u>, Tishri, 5692, September, 1931; "Kottler's Bust of Mr. Bender, <u>The Cape</u>, (datum onbekend); A. du P. Scholtz, <u>Strat.Caldecott</u>, p. 32.

39) "Mr. R.R. Brydone Honoured - His Bust Presented to Cape Town - Valuable Work for the City", The Cape, 19th August, 1929.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beelde van "Sir James Rose-Innes"[40] en sy vrou "Lady Rose=Innes" te maak.

In April 1928 is 'n kompetisie uitgeskryf vir 'n ruiterstandbeeld van Generaal Louis Botha waaraan Suid-Afrikaanse sowel as buitelandse beeldhouers kon deelneem. Kottler het egter besluit om nie aan die kompetisie deel te neem nie, omdat hy in beginsel teen sodanige kompetisies gekant was. Hieroor het hy hom as volg in "Die Burger"[41] uitgelaat: "'n Beeldhouer van enige betekenis neem gewoonlik nie aan sulke kompetisies deel nie, omdat daar altyd die gevaar is dat die een of ander deelnemer 'n model wat hy gekoop het kan instuur. In die onderhawige geval kon daar byvoorbeeld maklik figure van perde wat nie deur die deelnemers gemaak is nie, ingestuur word. Trouens, dit kon aan die meeste modelle gesien word dat dit die werk van amateurs was, want daar was geen harmonie tussen perde en ruiters nie. Die werk het geen eenheid getoon nie. Ek het gevoel dat die werk in alle geval aan 'n Suid-Afrikaanse beeldhouer opgedra moes gewees het en dit was 'n verdere rede waarom ek nie aan die kompetisie deelgeneem het nie." Die eerste prys in die kompetisie is aan 'n Italiaanse beeldhouer, Prof. Romanelli, toegeken maar hy is egter voor die voltooiing daarvan oorlede. Prof. Wheatley, destydse hoof van die Kunsskool van Kaapstad was van mening dat die seun van wyle Prof. Romanelli wat ewe bekend as beeldhouer was bekwaam genoeg sou wees om dit te voltooi.[42]

Die toekenning van die prys het egter baie kritiek van die publiek uitgelok. Mnr. Gwelo Goodman het as volg

---

40) Regter verbonde aan die Kaapse Hooggeregshof.

41) "Ruiterstandbeeld van Generaal Botha", 16 Januarie, 1929.

42) "Uitvoering opgedra aan seun van Oorlede Kunstenaar - Romanelli, Jnr. se Bekwaamheid", Die Burger, 16 Januarie, 1929.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy mening in "The Cape"[43] uitgespreek: "Now here you have a case in point. We want to put up a memorial statue to the memory of General Botha, and yet the very first thing we do is to circularise sculptors all over the world for participation in an open competition. They may be very good artists. But what does General Botha really mean to them? How many of them have even been in South Africa? How can they possibly convey in their monument - which should be typically South African - any real national South African individuality or atmosphere? The first thing we should have done in this matter would have been to see whether there was not someone in General Botha's own country who could do this work. A fine sculptor, such, for instance, as Kottler, could have been given a commission to submit a model. It does not really matter whether a sculptor has or has not done an equestrian statue ......... I would much sooner see erected in this country a tentative effort by a South African, which might at least, possess some national character, than a perhaps more complete soulless effort coming from overseas. As matter of fact have I seen the entire exhibition of models for the Botha Memorial and there is not one real work of art among them." Prof. Bell het ook sy ernstige misnoeë te kenne gegee toe hy hom ten aansien van die geleentheid in die volgende sterk taal uitgelaat het "Personally I think all this competition business rotten in principle, and never productive of the best work. No artist of repute will ever consent to have his work sat upon and judged by a mob of nonentities whose taste in such matters is at best totally untrained, even if it is existent. I certainly think that the Memorial should have been entrusted to a South African from the first."[44]

Die destydse hoofredakteur van Die Volkstem, Dr. F.V. Engelenburg is gevra om as raadgewer van die kommissie op

---

43) "Evolution of a South African School of Art, Views of Mr. Gwelo Goodman and Prof. Wheatley," Saturday, 21st April, 1928.

44) Prof. Bell, Meanderings - "The Blunder of the Botha Statue", The Cape, 14th September, 1928, p. 15.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te tree. Volgens hom was daar sekere gebreke in die gekose ontwerp aanwesig: die uniform was nie korrek nie en so ook nie die figuur nie, aangesien Prof. Romanelli Generaal Botha nooit gesien het nie. Gevolglik is besluit om aan Kottler opdrag te gee om 'n borsbeeld van die Generaal te maak - net om seker te maak dat die gelykenis goed sou wees. Kottler se borsbeeld is toe later aan Romanelli Junior gestuur om as model te dien vir die ruiterstandbeeld.

In 1926 het Kottler 'n opdrag ontvang om 'n portretstudie van ene Mary Goldberg te maak. Haar suster, Eva, het haar dikwels vergesel wanneer sy vir Kottler moes poseer. Sodoende het Kottler die jong Eva Goldberg, die jongste van vyf kinders van mnr. en mev. Jacob Goldberg leer ken en het daar 'n hegte vriendskap tussen hulle ontstaan. Mnr. en mev. Jacob Goldberg was van Latvia, Koerland afkomstig en het hulle reeds in 1885 in Kaapstad gevestig waar mnr. Goldberg 'n groothandelaar in die skoenbedryf was. In Junie 1928 het die huweliksbevestiging tussen Kottler en Eva Goldberg plaasgevind. Uit hierdie huwelik, wat baie gelukkig is, is daar in 1934 'n seun, Denys gebore.

'n Verdere werk wat deur Kottler in 1928 voltooi is is die borsbeeld van die destydse burgemeester van Kaapstad, mnr. Hyman Liberman, "a distinguished Jew who left his mark on the City of Capetown. This fine piece of work will find a niche in the handsome Liberman Wing which is being added to the new South African Art Gallery."[45)]

Die borsbeeld wat Kottler ook vroeg in 1928 van die "Earl of Athlone" gemaak het, was ook as baie geslaagd beskou. Die borsbeeld is aan die Goewerneur-Generaal en sy vrou geskenk ter aandenking van hulle silwerbruilof.[46)] Die beweegrede vir so 'n geskenk is destyds as volg verdui-

---

45) Rozilda, <u>Hasholom Rosh Hashonah</u>, loc. cit.; Hora, <u>Ivri Onouchi</u>, loc. cit.

46) Dit kon nie vasgestel word deur watter instansie die borsbeeld geskenk is nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



delik: "The present intention is to give them a present of silver plate to be bought from a firm of English jewellers. As to the comparative suitability and appropriateness of the gifts there can hardly be any question. A silver plate presentation is a conventional impersonal and unimaginative gift. The bust of His Excellency for which he sat to Kottler would be a really personal, intimate, warmhearted and above all South African gift."[47)]

'n Ander opdrag wat Kottler in 1928 voltooi het, is die borsbeeld van die bekende Indiese Redenaar, Srinivasa Sastri, 'n destyds afgetrede amptenaar van die Goewerment van Indië. Na voltooiing is dit vir 'n geruime tyd in die Kaapstadse Stadsaal uitgestal. In "The Cape"[48)] word die borsbeeld as volg beskryf: "The bust of Mr. Sastri, which, as the critics agree, is excellent not merely as a likeness in the photographic sence but as a vital work of art conveying the presence and the spiritual dignity of its subject. For this man is not only an artist in sculpture: he is a genius." Die Kaapstadse Stadsraad wou graag die werk aangekoop het omdat 'n geslaagde kunswerk 'n groot wins sou wees vir Kaapstad, maar beide die Durbanse Kunsmuseum en Durbanse Onderwyskollege vir Indiërs wou dit ewe-eens graag besit. Mnr. Morris Alexander en ander vriende van mnr. Sastri het ten slotte besluit dat die borsbeeld in die Durbanse Indiese Onderwyskollege tuishoort. "It thus occurred to them to purchase the bust by means of a public subscription to the training college for Indian teachers which mr. Sastri himself founded in Durban only a few months ago. Such a gift would, it was felt, be a gesture not lacking in grace, yet publicly marking their sense of the pre-eminent value of a great Indian statesman's labout in an country and their success of his foundation. Some may feel that it is a pity

---

47) "A Gift to the Govenor-General", <u>The Cape</u>, 18th January, 1929.

48) "Kottler's Bust of Sastri", 18th January, 1929.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



to send such a gift away from Cape Town and that it would be better to present it to some institution in our midst."[49)]

Professor J.P. Oxley, die destydse kurator van die Natalse Kunsmuseum en Voorsitter van die Kunsmuseum van Durban het hom intussen ook oor die geleentheid uitgelaat en het onder andere verklaar: "If the bust could be purchased for Durban it would not only be a gesture of encouragement to a South African artist but also add an interesting South African work of art to my gallery."[50)] Die uiteinde van die saak was dat die borsbeeld vir die bedrag van £250 deur die Durbanse Kunsmuseum aangekoop is wat blyk hoeveel waarde daar op hierdie stadium reeds geheg was aan die werk van Kottler.

In Januarie 1929 het Kottler 'n opdrag ontvang om vir die Kaapstadse Operahuis 'n borsbeeld te maak van die destyds bekende toneelspeler, Leonard Rayne. Dit was 'n moeilike taak omdat Rayne alreeds oorlede was toe Kottler die opdrag moes uitvoer en gevolglik moes hy die borsbeeld vanaf foto's wat tot sy beskikking gestel was, uitvoer. Sy voltooide werk het nietemin die volgende kommentaar ontlok: "The work is a characteristic specimen of Kottler's genius: the face, head, and shoulders are amazingly eloquent of the stage dignity of Rayne; but with it there is deep and kindly humanness of the old actor so familiar to all who knew him in his purely personal and private hours."[51)] Die brons borsbeeld van die akteur is later onthul deur Advokaat Upington by die Kaapstadse Operahuis. Daar is twee replikas gemaak, waarvan een later in die Johannesburgse- en een na die Durbanse Operahuis gegaan het.

---

49) "A Farewell Gift", <u>The Cape Times</u>, Saturday, 12th January, 1929.

50) "Sculptor's Bust of Sastri - Should be Bought for Durban - Professor Oxley's Suggestion", <u>The Natal Advertiser</u>, Wednesday, 16th January, 1929.

51) "The Leonard Rayne Bust", <u>The Cape</u>, 22nd March, 1929.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gedurende Februarie 1929 het Kottler opdrag van mev. Magda Sauer,[52] van Kaapstad ontvang om vir 'n houtdeur wat in haar besit was, 'n bolig uit hout te kerf. Die voltooide werk, bekend as "Fanlight in Wood" was ongelukkig nie geskik vir hierdie spesifieke deur waarvoor dit aanvanklik gemaak is nie en is later verkoop aan 'n argitek van Amerika wat dit saam met hom na Amerika teruggeneem het. Ander beeldhouwerke wat vroeg in 1929 deur Kottler voltooi is, is borsbeelde van "Sir Patric-Duncan,"[53] "Mnr. Cecil Sibbett", "Mnr. M. Friedland" en twee nie-blanke portretstudies naamlik, "Kop van Bantoe" en "Kop van Hottentotseun."

In 1929 het Kottler sy ontevredenheid met die destydse waardering van kuns in Suid-Afrika uitgespreek. In 'n onderhoud wat destyds met hom gevoer is het hy homself as volg uitgelaat: "The only art to which homage was paid in South Africa was the art of 'getting on'. At first sight it is a little surprising to find the 'art' of getting on compared with the fine arts. Almost every form of skill nowadays is called an art. From the art of salesmanship to that of boarding a bus, from hairdressing to plumbing, from getting out of a bunker to getting a husband - every human activity is dignified with the name of art. Politicians and conjurers are alike known as artists, perhaps because they both do something with a hat. There is an art in borrowing a five pound note, and an even more delicate art to be practised by the lender it retrieving it. In short, nothing that requires the slightest skill can hope to escape inclusion among the arts. To teach your grandmother to suck eggs is a very difficult art." It is the only art says the cymic, of which the modern generation is capable, unless it be that of 'getting on' in a monetary sense.. "The word 'art' has obviously run away with mankind, and the time has clearly come for it to be restricted to its proper meaning.

---

52) Suster van Senator Paul Sauer, gewese Minister van Lande.
53) Destydse bekende politikus maar later minister in die Hertzog-kabinet en nog later Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Between the 'art' of Pelmanism and the 'art' of poetry, between sanitation and sculpture there is a great gulp fixed. The other 'fine art' - painting - is equally independent of commercial considerations. Now is it true to say that South Africa concerns itself with such 'arts' only as have commercial value? It would be hard to maintain that that is so. The arts of the moment are those of the bioscope and the novel. These are successful financially because they are popular not vice versa. That is, it would be wrong to say that they are patronised because of any idea of 'getting on' by means of them. They are sought after as arts - often very inferior it is true - that give a certain pleasure and take people out of themselves. So too with the enormous vogue of athletic sports in our day. Even in the restricted sense, which would exclude 'getting on', there are many arts that have homage done to them."[54]

Hierdie kritiek van Kottler het miskien in 'n mate ook die probleme weerspieël waarmee hyself te kampe gehad het. Afgesien van die feit dat hy tot op hierdie stadium heel party opdragte ontvang het, was Kottler van mening dat die publiek sy beeldhoukuns in die algemeen misken het. Afgesien daarvan dat hy baie selde 'n werk verkoop het, het hy gevoel dat die pers nie genoeg aandag aan sy kuns gegee het nie. So is daar by geleentheid verklaar: "Afgesien van hierdie miskenning in sy werk het hy eenvoudig voortgegaan met sy werk. 'n Paar getroue vriende het portretbestellings vir hom gekry en hoewel dit 'n broodwinning was, het hierdie werk nie altyd sy strenge kunstenaarsgewete bevredig nie. Hy het genoeg geld verdien om 'n goeie bestaan te maak, maar sy gees het honger gely. Hier in Suid-Afrika was hy ook ver weg van al die invloede wat meegewerk het om sy loopbaan as kunstenaar en vakman rigting te gee. Afgesien dat sy werk soms deur die publiek misken was het

---

54) "Art in South Africa", <u>The Cape Argus</u>, 17th March, 1929.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy ook om hierdie rede besluit om vir 'n tyd lank Europa toe te gaan; om sy gees te hernu, nuwe inspirasie te soek en die enigste soort kritiek waarop hy hom kon verlaat, het, in te win."[55)]

Hierdie geestelike hongersnood wat sy skeppende denke ervaar het en die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het, is verder in 'n artikel in die tydskrif "Hasholom Rosh Hashonah"[56)] toegelig: "Kottler was tired of living in what to him, was a desert. He wanted to renew his associations with the great centres of culture and thought, to be in the thick of surging flood of modern creativeness, to see London and Paris again. At the time of his departure he caused stir by giving for publication his candid opinions on the low standard of taste in art among people of this country. He contented that the majority were totally ignorant, lacking in understanding of art values and devoid of the power to appreciate or to criticise the few who professed to know something about art were blundly followed and their opinions slavishly repeated."

Die felle kritiek wat Kottler ten aansien van die kuns in Suid-Afrika[57)] uitgespreek het, het skerp reaksie uitgelok van verskeie persone. Professor Wheatley, destydse hoof van die Michaelis Kunsskool in Kaapstad het gesê dat sekere persone die gewoonte het om na Suid-Afrika te kom met die idee om baie geld te maak, maar wanneer hulle in hul doel gefaal het hulle die neiging om Suid-Afrika 'n 'n afjak te gee, toon.[58)] Met hierdie woorde het laasgenoemde hom op sy beurt skerp kritiek op die hals gehaal.

---

55) Enslin du Plessis, "Suid-Afrikaanse Kunstenaars in London", Die Nuwe Brandwag, April, 1931.

56) Rozilda, "South Africa's Jewish Artists", loc. cit.

57) "Art in South Africa", The Cape Argus, 17th March, 1929.

58) Brief aan Redakteur, The Cape Argus, 30th March, 1928.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 'n brief aan die Cape Argus[59] het Kottler sterk ondersteuning gekry in sy sienswyses soos hy dit in "Art in South Africa" uitgedruk het: "Prof. Wheatley's attack on mr. Kottler seems to me so unwarranted and personal that I am obliged to fight him with his own weapons by saying that it is the easiest thing in the world for those in the enjoyment of official protection in the shape of big salaries, and who are in addition left free - and to undertake commissions for portraits ect. to sneer at artists who are not so fortunately situated.[60]

Kottler het hom nie veel aan hierdie polemiek gesteur nie want wat hom betref was dit nie salarisse en posisie as kunstenaar wat hom geraak het nie. By hom was dit heeltemal om ander oorwegings naamlik om in aanraking met ander oorsese kunstenaars te kom en nuwe inspirasie en idees in te win. Hy het sy plan om oorsee te gaan ten uitvoer gebring en tien van sy beste beeldhouwerke ingepak en vooruit per boot na London gestuur waar dit in brons gegiet moes word. Daar was gerugte dat Kottler van plan was om Suid=Afrika permanent te verlaat. In werklikheid was hy slegs van plan om vir 'n paar jaar 'n studiereis oorsee te onderneem sodat hy met ander kunstenaars van formaat in aanraking kon kom. In April 1929 het Kottler vergesel van sy vrou, per boot na Engeland vertrek waar hulle vir drie jaar gebly het.[61]

---

59) April, 1928.

60) Naam van skrywer onbekend, Art in South Africa, loc. cit.

61) Professor G. Dekker, Moses Kottler, Ons Kuns, p. 109; Hora, Ivri Onouchi, loc. cit.; H.E. Winder, "A Pen Portrait of 'Nudes' Creator - Moses Kottler has a Great Reputation Outside S.A." The Rand Daily Mail, 12th August, 1957; Jeppe Harold, Suid-Afrikaanse Kunstenaars, p. 132.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## B. VERDERE OORSESE "OPLEIDING" (1929 - 1932)

In Mei 1929 het die Kottlers in Engeland aangekom, waar hulle hul in Ladbrooke Terrace Bayswater, London gevestig het. Dit was die ateljee van die beroemde Engelse beeldhouer Tweed, 'n leerling van Rodin. 'n Vriend van die Kottlers, Neville Lewis, wat toe in London was, het dit eers bewoon. Hy het dit egter gewilliglik aan die Kottlers vir hul verblyf in London afgestaan.[62)]

Kottler het onmiddellik na sy aankoms in London begin werk. Sy eerste opdragte het bestaan uit portretstudies van mev. Solly B. Joel en van die destydse bekende Suid-Afrikaanse romanskrywer, William Plomer. Voorts het hy portretstudies van die vorige Provinsiale Goewerneur van Indië, mnr. A. Sol en van mev. Jules Kramer, 'n kennis van die Kottlers,[63)] gemaak.

Dis ook in hierdie tyd dat Kottler 'n tweede borsbeeld van Srinivasi Sastri gemaak het. Mnr. Sastri was juis in London om 'n konferensie by te woon. Hierdie borsbeeld wat Kottler aan die einde van 1929 voltooi het, het die edel gelaat van die groot Indiese staatsman volkome tot sy reg laat kom.[64)] Vroeg in 1930 het Kottler en sy vrou 'n reis na Frankryk onderneem. In Parys het Kottler verskeie van sy ou vriende saam met wie hy in 1914, voor sy koms na Suid-Afrika, gewerk en hongergely het gaan opsoek. Die meeste van hulle, soos Jacques Lipshitz, Soutine en Henry Epstein het in die tussentyd beroemd en welvarend

---

62) Ivri Onouchi, loc. cit.; Enslin du Plessis, loc. cit.; "South African Sculptor in London" - Work of Mr. Moses Kottler, Special to South Africa, loc. cit.; Denys Lefebvre, "The Art of Moses Kottler, The South African Sculptor," The Rand Daily Mail.

63) "South African Sculptor in London", Work of Moses Kottler, loc. cit.

64) Ivri Onouchi, loc. cit.; Enslin du Plessis, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geword. Hy het veral van die geleentheid gebruik gemaak om soveel as moontlik kunsmuseums in Parys te besoek, en hy het veral intensiewe studies van die werke van Rodin en Maillol gemaak.

Met hul terugkeer na London, het Kottler in 1930 'n opdrag van 'n Persiese Petroleummaatskappy ontvang om 'n borsbeeld van die Sjah van Persië, Reza Shah Pahlevi te maak. Die Sjah het 'n besondere bydrae tot die ontwikkeling van snelweë in Persië gelewer en in erkentlikheid vir sy bydrae het die betrokke maatskappy besluit om 'n borsbeeld van hom te laat maak. Die borsbeeld is later opgerig in Ahwaz ter aandenking van die opening van die groot hoofweg tussen Ahwaz en Khuzistan.[65]

Ook Kottler se vrou het in hierdie tyd vir hom geposeer vir 'n beeld, 'n mooi portretstudie wat nou bekend staan as "Eva". Die pragtige "Rustende Vrouefiguur" in klip en "Sittende Vrouefiguur" het hy ook tydens hierdie verblyf in London gemaak. Laasgenoemde het hy in London in brons laat giet. Verder het hy in London 'n twaalf voet hoë mansfiguur in gips voltooi. Hierdie werk was 'n opdrag wat hy vroeg in 1929 net voor sy vertrek na die buiteland, van 'n Johannesburgse argitek ontvang het. "This is to decorate a Technical College at Pretoria and to get the architectural effect I am carving it from plaster," het hy in 'n persoonlike onderhoud aan die resensent van die tydskrif Ivri Onouchi gesê.[66] Hierdie werk het Kottler in twee afsonderlike dele gemaak wat na voltooiing perfek inmekaar gepas het. Die werk het Kottler per boot na Suid-Afrika gestuur waar dit in Pretoria in sement gegiet is. Volgens Kottler was die gietproses nie suksesvol nie want die gegote figuur lyk gladnie na die gipsfiguur wat hy in london gemaak het

---

65) Enslin du Plessis, loc. cit.; Mary Norris, "Jewish Influences on South African Art, The Zionist Record Annual, loc. cit.; Hora, loc. cit.

66) "South African Sculptor in London", Work of Mr. Moses Kottler, loc. cit.


Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. In 'n artikel "South African Sculptor in London" is al die beeldhouwerke wat Kottler saam met hom na London geneem het as volg beskryf: "The vivid portrait of Lord Athlone, of Lady de Villiers and the presentation bust of the Union Premier, General Hertzog. How well the sculptor has caught the earnest pertinacity of the man. Here is a face where honest purpose and temperamental bias are ever at war. Here is mr. Sastri, the Indian Envoy, bland as a Buddha, with those eloquent lips halfparted in a smile. Here is that impulsive champion of India, the Reverend William Andrews, with all the emotional urge of his temperament calling to you. Here is Prof. de Vos, the great theologian and kindly-hearted man as posterity will like to remember him, Sir George Cory, the historian, the bust of Max Michaelis, munificent patron of art, mr. H.C. Hull with his head of a Roman senator, mr. Holzer, the singer, debonair as in life, the Reverend Morris Bender, the Cape Town Rabbi and the bust of General Christiaan de Wet, a strong piece of work, depicts the astute old warior with his pristine force and intensity.[67]

By 'n uitstalling wat Kottler in die Leicester Kunsgalery in London gehou het, was 'n deel van hierdie werke uitgestal. Verskillende vooraanstaande kunskenners het hom aangemoedig.[68] Die uitstalling het goeie reaksies in die pers uitgelok. So het die "South African Nation" gemeld dat "his work has won high regard in London. It is an indication after all, that South African art and artists have a place in the world, and that among the Dominions it is rapidly assuming a premier position."[69]

In London het Kottler vir Frank Dobson en Jacob Epstein die twee vooraanstaande Engelse beeldhouers ontmoet. Kottler het by die ateljee van Dobson wat toevallig langs

---

67) 1930.

68) Name onbekend aan kunstenaar.

69) Leah Bach, <u>The Rand Daily Mail</u>, loc. cit.; Denys Lefebvre, <u>The Rand Daily Mail</u>, 28th May, 1930.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hom gewoon het, besoek afgelê omdat hy vir sy werk groot bewondering gekoester het. Dobson het weer op sy beurt die werk van die jong Suid-Afrikaanse beeldhouer bewonder en het teenoor Enslin du Plessis opgemerk dat Kottler die enigste beeldhouer buite Europa was wie se werk hom aangetrek het.[70)]

Kottler het in London bevriend geraak met Professor Martin L. du Toit, destydse hoof van die Departement Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Professor du Toit het baie in die beeldhouwerk van Kottler belanggestel en het hom versoek om 'n kunsuitstalling in Pretoria te hou sodra hy na Suid-Afrika teruggekeer het. Deur Professor du Toit het hy weer 'n sekere Prof. Ben Farrington[71)] en Prof. Arnold Plant[72)] wat in London was, ontmoet. Van laasgenoemde twee persone het hy portretstudies gemodelleer. Saam met Prof. Farrington het hy gedurende Desember 1931 en Januarie 1932, 'n studietoer na Italië onderneem. Tydens hulle besoek aan Italië het hulle al die vernaamste kunssentra in Florence en Rome besoek. Mev. Kottler het inmiddels na Suid-Afrika teruggekeer.

Met sy terugkeer uit Italië het Kottler in London alle beeldhouwerke, wat intussen vir hom in brons gegiet is, laat verpak en per boot na Suid-Afrika teruggestuur. In Februarie 1932 het hy na 'n verblyf van drie jaar in die buiteland, na Suid-Afrika teruggekeer en in die loop van Maart 1932 per boot in Kaapstad aangekom.[73)]

---

70) Enslin du Plessis, loc. cit.

71) 'n Professor in Klassieke Tale aan die Universiteit van Kaapstad en wat met vakansie in die buiteland was.

72) 'n Professor in Ekonomie aan die Universiteit van Kaapstad, toe Professor aan die "London School of Economics"

73) "Moses Kottler in Pretoria. Pen en die Penseel," Die Volkstem, loc. cit.; "Moses Kottler Visits Europe after 21 Years", The Star, 1953.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK III

## VERDERE LOOPBAAN
(1932 - 1971)

### A. VROEë VERBLYF IN OUDTSHOORN EN PRETORIA (MAART 1932 - SEPTEMBER 1932)

In Maart 1932 het Kottler in Suid-Afrika aangekom. Hy het hom onmiddellik by sy vrou, wat 'n maand van te vore teruggekeer het, by familielede op Middelplaas in die distrik van Oudtshoorn aangesluit. Toe Kottler Suid-Afrika drie jaar van te vore verlaat het, het menige Suid-Afrikaanse koerant geskryf dat hy die Suid-Afrikaanse stof vir goed van sy skoene sou afskud. Dit het nou geblyk dat hulle hul deeglik vergis het. "Die allereerste vraag wat na sy terugkeer op almal se lippe was, was of Kottler hom dan weer met ons land versoen het? Kottler was egter nog nooit onversoend met Suid-Afrika nie. Sy liefde vir ons land is so innig dat sy terugkeer, na die lafenis aan die bronne waar hy opgewas was selfs 'n saak van tyd sou wees," het Die Volkstem bombasties opgemerk.[1)]

Die Kottlers het besluit om 'n paar maande op Middelplaas deur te bring, waar Kottler 'n paar portretstudies van ou boere in die omgewing geboetseer het. Tot die werke wat hy gedurende hierdie verblyf in Oudtshoorn voltooi het behoort "Wilfred Baron" (sy swaer), "Oom Piet", "Oom Marthinus", "Gert", "Nena", "Native Girl with Hands Folded" asook 'n geslaagde portretstudie van sy bejaarde vader.

Op uitnodiging van Professor M.L. du Toit, destydse hoof van die Departement Kultuurgeskiedenis, aan die Universiteit van Pretoria, het Kottler en sy vrou in

---

1) "Moses Kottler in Pretoria", Pen en die Penseel, 10 September, 1932.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in September 1932 na Pretoria vertrek, waar hulle by Professor du Toit in Sunnyside tuisgegaan het. Tegelykertyd is reëlings vir die eenmanuitstalling van Kottler se werk in Pretoria getref.

Op 10 September 1932 om 10 vm. het die Burgemeester van Pretoria, raadslid Kenny Malherbe, hierdie uitstalling van Kottler in die Macfadyensaal geopen. Die uitstalling is as 'n besondere gebeurtenis beskou. Bowendien was dit die eerste uitstalling van beeldhouwerk wat na baie jare in Pretoria gehou is. Tewens dit was die grootste enkel uitstalling van kunswerke wat nog in Pretoria plaasgevind het. Kottler het nie minder as ses en twintig beeldhouwerke uitgestal wat elkeen van besondere hoë standaard was.[2)]

B. VERBLYF IN JOHANNESBURG (1932 - 1971)

Gedurende hierdie verblyf van hulle in Pretoria het die Kottlers by geleentheid 'n ou vriend van Kottler, mnr. Nicolai Kirschner wat in Benoni gewoon het en vroeër ook van Kaapstad afkomstig is, besoek. Kirschner het Kottler aangemoedig om hom in die Transvaal te vestig en hom gewys op al die moontlikhede wat daar bestaan het om as beeldhouer sukses te behaal. Die Kottlers het baie van Pretoria gehou en het aanvanklik besluit om hulle hier te vestig. Met gemengde gevoelens het hy Oudtshoorn en Kaapstad, waaraan hy so besonder geheg was, verlaat. Die besluit is egter vergemaklik deurdat hy aan die einde van 1932 sy eerste openbare opdrag van die Stadsraad van Johannesburg ontvang het. Vir die nuwe biblioteekgebou, wat toe in aanbou was is agt staande figure uit wonderklip bestel. Hierdie opdrag het hom laat besluit om hom in Johannesburg te vestig,

2) "Kottler se Werk", Die Volkstem, "Moses Kottler in Pretoria", Pen en die Penseel, Die Volkstem, loc. cit., Die Kunsuitstalling word later volledig in Hoofstuk IV bespreek.

© University of Pretoria    Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waar hulle hul intrek in Kingswood Woonstelle, in St. Andrewsstraat, Parktown geneem het. Die Stadsraad het op die terrein van die nuwe biblioteekgebou vir Kottler 'n tydelike skuur opgerig sodat hy plaaslik aan die figure kon werk. Dit het Kottler se werk baie vergemaklik te meer omdat hy gedurende die eerste maande in Johannesburg nog nie oor 'n ateljee beskik het nie. Die nege voet hoë figure[3] het boekekennis as tema gehad. Kottler het agt muse gekies wat literatuur, filosofie, poësie, geskiedenis, musiek, beeldhoukuns, skilderkuns en opvoeding voorgestel het.[4] Hoewel die wonderklip waaruit Kottler die figure gebeitel het, baie hard was en gevolglik verwag is dat hy 'n geruime tyd met die opdrag sou besig wees, het hy die agt figure tog reeds vroeg in 1935 voltooi. Dieselfde jaar is hulle op die vier hoeke van die gebou aan die buitekant langs die muur aangebring.

Kottler het tevrede gevoel oor sy werk. Na 'n paar maande het twee Johannesburgse kunstenaars[5] ontevredenheid oor hierdie figure laat merk en daar het toenemende kritiek gekom van die publiek. Die hande van sekere figure sou in verhouding tot die res van die liggaam te groot wees. Die aangeleentheid is by die Biblioteekkomitee[6] aanhangig gemaak wat tot die slotsom gekom het dat dit inderdaad gelyk het asof sekere ledemate van die figure misvorm was.

Die hoofbibliotekaris, mnr. S.B. Asher, het voorgestel om

---

3) Die wonderklip waaruit die figure geskep is, is afkomstig van die Waterpoort gebied naby Pietersburg.

4) Lee Lewis, "The Art of Moses Kottler", <u>The Zionist Record Annual</u>, October, 1951, p. 44.
<u>Elia Stamn</u>, "Moses Kottler - The Man who will Create Statue of South African Flywing Pioneers", <u>South African Jewish Times</u>, 21st January, 1955; "Johannesburg's New Library, <u>Moses</u> Kottler Beautiful Carvings", <u>The Star</u>, Tuesday, 15th August, 1933.

4) Name word nie in die artikel gemeld nie.

6) Die Komiteelede het bestaan uit, die Voorsitter, mnr. J.F. Hilson en mnre. S.F. du Toit, D.W. Mackay (die onderburgemeester) en S.W. Nelson.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kottler te nader om die voorstelling van elke figuur aan hulle te verduidelik en om hom te versoek om sekere veranderings wat hulle noodsaaklik geag het, aan te bring.[7) ] In 'n persoonlike onderhoud wat destyds met Kottler gevoer is oor hierdie kritiek op sy werk, het hy hom in "The Rand Daily Mail"[8)] as volg uitgelaat: "I wouldn't touch them, the idea is absurd. As for the hands they object to, I like that hand best of all. They say it's too big. If they like to think it's to big, then it is too big for them, I think that if it had been three times as big, it might have been still better ...... Do I want to reply to criticism? Of cource not. Why should I reply? The statues have been up there for months; why have they suddenly realized that they don't like the hands. Because someone heard from somebody else what some sort of artist had said. They look at the hands and they think that they're not anatomically correct. That's got nothing to do with it. I am not going to explain anything. I have no reply, I have nothing to say." Ten slotte is gelukkig besluit om die figure te laat soos hulle was.

Intussen het die Kottlers vir hulle 'n erf in Parktown gekoop en aan die begin van 1935 het hulle in Westcliff Rylaan 'n woning met 'n gerieflike groot ateljee laat bou. Op hierdie stadium was hulle ook die trotse ouers van hul enigste seun, Denys. So het Kottler uiteindelik 'n eie plek tot sy beskikking gehad. Gedurende 1935 het hy meestal portretstudies van nie-blankes en kinderportrette gemodelleer. Hiertoe behoort onder andere "Gracy", 'n Bantoebediende en 'n besondere portretstudie van 'n seuntjie "Peter Fisher."

---

7) "Hands of Library Statues Puzzle Councillors", "Committee looks and is not Satisfied", "Dreadful, Deformed, Too Big", they say, The Rand Daily Mail, Friday, 24th January, 1936.

8) Leah Bach, "Due to a Chain of 'Someones' - Mr. Kottler on His Critics", 27th January, 1935; Letter to Editor, The Star, 27th January, 1933.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In dieselfde jaar het Kottler sy tweede openbare opdrag in Johannesburg ontvang naamlik 'n beeld van Justitia, vir die nuwe Magistraatskantoor. Hierdie groot beeld van wonderklip is ongeveer agt voet hoog. Dit stel 'n staande geblinddoekte vrouefiguur in 'n gedrapeerde lang kleed wat in diep plooie om haar hang, voor. Sy hou haar attribute, die swaard en weegskaal, in haar hande. Die werk staan op 'n prominente plek, net bokant die hoofingang van die Magistraatskantoor in Foxstraat, Johannesburg.[9)]

In 1936 het Kottler 'n tweede "Bird Bath" - van wonderklip voltooi. Dit stel 'n jong meisie voor in 'n sittende houding wat 'n waterbakkie op haar een skouer vashou. Die werk spreek van eenvoud en laat mens baie herinner aan 'n soortgelyke werk van Maillol.

Gedurende die volgende twee jaar het Kottler hoofsaaklik portretstudies gemodelleer soos 'n kop van sy neef "Morris Kottler" en voorts 'n paar nie-blanke portretstudies: "Head of an African Boy" en "Head of an African Girl." In hierdie tyd het hy ook 'n figuurstudie gemaak wat hy "The Wandering Jew" genoem het: 'n ou Joodse man met 'n bondeltjie op sy rug. Hy het ook 'n figuurstudie van 'n staande Bantoevrou in moerbyhout gemaak, 'n besondere werk wat mens herinner aan 'n vroeëre werk "Meidjie",[10)] asook 'n figuurstudie in wonderklip getiteld "Walking Figure".

Op die Kunsafdeling van die Rykstentoonstelling van 1936 in Johannesburg het Kottler sewe beeldhouwerke uitgestal. In 'n artikel het professor M.L. du Toit, die organiseerder van hierdie kunsuitstalling onder andere verklaar: "I regard Kottlers 'Meidjie' as the centre piece of this exhibit. It is one ot the greatest works of art ever produced in South Africa. It is worth coming here just to see

---

9) Elia Stamn, "Moses Kottler - The man who will Create Statue of South African Flying Pioneers", <u>South African Jewish Times</u>, Friday, 2nd January, 1955.

10) Kyk Hoofstuk II, nr. (ii).

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

45A



AFRICAN GIRL

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kottlers 'Meidjie'." en "this is one of the greatest works of art ever produced in South Africa."[11]

Die besondere werk is ook deur 'n sekere mnr. Oscar Johnson van een van London se mees gewildste galerye, bestempel "as the best piece of sculpture he had ever seen."[12]

"Meidjie" is in 1936 deur die stadsraad van Johannesburg aangekoop vir die Johannesburgse Kunsmuseum, vir 250 guineas waar dit vandag 'n ereplek in die museum beklee.[13] In 1938, toe sy vrou vir drie maande in London was,[14] het Kottler 'n treffende portretstudie van sy vierjarige seun, Denys gemaak.[15]

In 1941 het Sir Ernest Oppenheimer aan Kottler 'n opdrag gegee vir 'n beeldgroep vir die Anglo American-gebou in Mainstraat, Johannesburg. Hy het aanvanklik heelwat moeilikheid ondervind met die yster en hout raamwerk van die werk omdat hy nie 'n kundige metaalwerker wat in hierdie gebied ondervinding gehad het, kon vind nie. Bygevolg moes hy gedweë al die sweis- en houtwerk self verrig. Dit is waarskynlik die oorsaak dat hy twee en 'n half jaar geneem het om die werk te voltooi. Nogtans was die werk 'n sukses. Dit simboliseer die ondernemingsgees en die wel en die weë van die mynbedryf in Suid-Afrika. Dit bestaan uit die drie lewensgroot figure: 'n moeder in die middel wat "Mother Earth" voorstel met aan weerskante haar twee seuns wat "Labour" en "Science" simboliseer. Dit is opmerklik

---

11) "South African Art goes Modern. Praise for Pictures at Exhibition", The Rand Daily Mail, 1936; "South African Art at Exhibition. The 'Modern in Painting and Sculpture", 1936 (koerant asook presiese datum onbekend); Sien p.21.

12) "Her name is 'Meidjie'", The Rand Daily Mail, datum onbekend; "At the Empire Exhibition," 30th September, 1936. Vir genoemde uitstalling: Kyk Hoofstuk IV.

13) "Art", The Zionist Record Annual, 13th November, 1936; "Kottler Statue for City. 250 Guinea Purchase", The Rand Daily Mail, 1936.

14) Mev. Kottler het 'n kurses in weefkuns in London gevolg.

15) "Pioneer of Weaving", Farming in South Africa, October, 1956, Volume 32, No. 7, p. 87 - 88.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat daar slegs 'n geringe verskil tussen die twee seunsfigure bestaan en dit is moeilik om die twee figure van mekaar te onderskei. Kottler het hom hieroor soos volg uit gelaat: "I did this because I do not think one can draw a fine distinction between Labour and Science. Was the first man who started digging into the earth and chipping rocks a labourer or the first scientist? I cannot answer that question, so I cannot distinguish between the two. The only difference is in the hands of the figures. Labour has been fashioned as a sturdy young man with one arm around Mother Earth and the other hand half open as though ready to grasp a tool, while Mother Earth has her arm round the second young man who is 'Science'. His hands are relaxed to depict the thinker."[16)]

Gedurende die jare 1944 en 1945 het Kottler 'n treffende "Moeder en Kind" uit stinkhout gesny. Bowendien het hy 'n aantal portretstudies gemaak onder andere "Shirley Broomberry"; "Harry Baron"; "Miriam Gordon" en 'n paar Bantoestudies bekend as "African Heads". Die daaropvolgende jaar het hy opdrag van mnr Kirschner ontvang vir die geskiedenis van Naomi en Rut in 'n houtreliëf te voltooi.[17)] Die werk was as 'n geskenk vir Kirschner se dogter Ruth bedoel.[18)] In die loop van 1947 het hy 'n houtreliëf "Moses and the Daughters of Jethro"[18a)] en in 1948 "Nehemiah" voltooi.[18b)] Laasgenoemde werk stel die bou van die muur van Jerusalem voor, Nehemia met sy swaard in sy sy[19)] (wat hy

---

16) "Sculptor Completes Masterpiece on Mining Industry", The Rand Daily Mail, datum onbekend.

17) Boek "Rut".

18) Mev. Ruth Gordé; Sien p. 19

18a) Exodus 18.

18b) Nehemia 4: 18.

19) Die woorde uit die Bybel waarop hierdie reliëf gebaseer is, lui as volg:"..... en die bouers het elkeen sy swaard aan sy heupe gegord en gebou, terwyl die basuinblaser by my gestaan het." Nehemia 4: 18; "Men, Woman, Events" The Rand Daily Mail, 26th August, 1952.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





NEHEMIAH

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



altyd vir beskerming gedra het) en langs hom staan 'n persoon wat hom moes waarsku ingeval van gevaar. Hierdie werk is ook vir mnr. Kirschner gemaak.

In 1948 het Kottler aan die Uitstalling van Hedendaagse Suid-Afrikaanse Kuns deelgeneem wat deur die Suid=Afrikaanse Kunsvereniging in die Tate Galery in London georganiseer is. Daar is ses van sy beeldhouwerke uitgestal.[20)]

Reeds gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die Departement van Verdediging aan Kottler 'n opdrag gegee vir 'n borsbeeld van Generaal Smuts. As minister van dié Departement wou Generaal Smuts dit egter nie toelaat nie. Wel het hy Kottler meegedeel dat hy, as hy ooit vir 'n kunstenaar sou moes poseer aan Kottler voorkeur sou gee. Na afloop van die oorlog het Kottler weer opdrag vir 'n borsbeeld van Generaal Smuts ontvang, hierdie keer van die Universiteit van Jerusalem. Generaal Smuts was teësinnig maar het nogtans ingewillig om vir Kottler te poseer. Dit het in Pretoria in die kantoor van Smuts se privaat sekretaris[21)] plaasgevind. Generaal Smuts wou egter nooit langer as 'n uur op 'n slag sit nie en telkens hoopvol aan Kottler gesê: "Jy kan seker in 'n halfuur klaarmaak." Kottler het hierdie woorde nogal as 'n kompliment beskou.

Vir Kottler was Generaal Smuts 'n voorbeeld van 'n groot tragedie. Hy was 'n merkwaardige, sonderlinge mens - baie pessimisties en uiters rusteloos: daar was altyd so baie wat hy wou doen, maar altyd so min tyd om dit te doen. Na die voltooiing van die borsbeeld het Kottler Generaal Smuts daarop gewys dat hy hom baie treurig uitgebeeld het, waarop die Generaal geantwoord het: "Wel, die lewe is self

---

20) Katalogus, "Exhibition Contemporary South African Paintings, Drawings and Sculpture", 1948-1949, p. 21. Dora Savdon, "The South African Exhibition in London, A Window in Europe", The Zionist Record Annual, 22nd October, 1948; "Mother and Child", The Rand Daily Mail, 26th September, 1948; Kyk p.71.

21) Ene mnr. Cooper.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



treurig."[22] In Oktober 1949 is die borsbeeld na Nairobi gestuur waar dit in die Leqco-gebou uitgestal is. Sir Geoffrey Keynes, 'n destydse trustee van die Nasionale Portretgalery, het die beeld in 1956 tydens sy verblyf in Johanneburg gesien en op sy aanbeveling het sy komitee 'n replika vir die Engelse versameling aangekoop.[23]

In 1949 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Kottler die goue medalje vir besondere bydrae tot die beeldhoukuns in Suid-Afrika toegeken.[24]

Die Stadsraad van Pretoria het in 1950 besluit om aan Kottler 'n opdrag te gee om 'n standbeeld van President T.F. Burgers te maak. Die President se dogter, mev. M.A. Jorisson het in haar testament 'n bedrag aan die Stadsraad bemaak met die doel dat dit aangewend sou word vir 'n standbeeld van haar vader, wat in Pretoria opgerig moes word.[25] Die standbeeld is nege voet hoog en in brons gegiet. Dis op 'n lae voetstuk in die middel van Burgerspark in Pretoria opgerig. Hierdie standbeeld van President Burgers bevat 'n diepe simboliese betekenis wat treffend deur Professor Bokhorst verduidelik is: "Dit is die essensieële van

---

22) "Hy het Hulle Geskep en Leer Ken - Die Beskeie Beroemdes", Fleur, Tydskrif van Dagbreek en Sondagnuus, loc. cit.

23) Daar is vier kopieë van die borsbeeld, naamlik in die Parlementsgebou in Kaapstad, in Jerusalem, in Nairobi en in die Nasionale Portretgalery in London; H.E. Winder, "The Genius of Moses Kottler", The Rand Daily Mail, datum onbekend.

24) Esmé Berman, Art and Artists of S.A., loc. cit.; Prof. G. Dekker, Ons Kuns, loc. cit.; The Rand Daily Mail, Thursday, 20th October, 1949; H.E. Winder, "Moses Kottler has a Great Reputation outside South Africa", The Rand Daily Mail, 12th August, 1957.

25) Die beoordelingskomiteelede bestaande uit J.H. Pierneef, Anton Hendriks, Le Roux Smith en Professor A.L. Meiring het aanbeveel dat die Stadsraad van Pretoria Kottler R9450 vir die werk moes vergoed. Alhoewel daar in die testament R12,000 beskikbaar gestel is, is die res van die geld gebruik vir vervoer en oprigting van die monument; "Moses Kottlers Latest Work", The Rand Daily Mail, 21st February, 1951.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kottler se skepping: Hierdie uitgebeelde figuur is as 'n pleiter uitgebeeld. Nie in die juridiese sin van die woord nie; maar 'n pleiter van die waardigheid van die mens en vir die waarde van die menslike gees, redelik en suiwer van bedoeling. 'n Mens voel dat die pleidooi sy grond vind in persoonlike ervaring want dit spreek behalwe van edele besieling ook van lyding, ondervinding en teëspoed. Die tweeledigheid van Burger word pragtig uitgebeeld deur die kotras tussen geslotenheid van die linkerhand en die oopheid van die regterhand, wat 'n pleitende gebaar maak. Die tweeledigheid spreek ook uit die onderskrif, wat getuig van 'n Burger se geloof naamlik 'in de school der beproeving een volk wordt gevormd.' Hy veg vir 'n beter wêreld, maar met 'n diepe besef dat die sin van die lewe in die lyding lê. So het Kottler op 'n merkwaardige wyse 'n geslaagde, konvensionele gestalte vergeestelik. Hy het vir hierdie visie van President Burgers nie die hoekige lyne gekies van graniet of die koele hardheid van marmer nie; maar die sagte vorme van gegote brons. 'Kan mens een kunstenaar hoger lof toezwaaien dan dat er, eenheid is in zijn werk tussen inhoud en vorm.'"[26)]

Terwyl Kottler besig was met die monument van President Burgers het hy nog 'n "Moeder en Kind" uit hout gebeitel en 'n portretstudie van 'n Bantoebediende getiteld "African Woman Head" gemaak. Hy het gedurende 1951 'n borsbeeld van die gewese Minister van Finansies, mnr. J.H. Hofmeyr gemodelleer. In Junie 1951 is twee kopieë daarvan in die Volksraadhuise geplaas.[27)] In April 1952 het die Van Riebeeck Feeskomitee die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging uitgenooi om 'n kunsuitstalling van Suid-Afrikaanse Kuns in Kaapstad te reël. Daar is altesame 220 Suid-Afrikaanse kunstenaars uitgenooi om hul werke op hierdie fees uit te stal en Kottler self het twee beeldhouwerke naamlik "Moeder

---

26) "Kottlers Burgers", Nederlandse Post, Desember, 1953, Jaargang VII, No. 8.

27) The Cape Argus, 8th June, 1951.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





PRESIDENT BURGERS

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en Kind" in hout en "Liggende Vrouefiguur" in dioriet hiervoor beskikbaar gestel.[28)] Tydens die "Central Exhibition" wat gedurende 1953 in Bulawayo gehou is, het Kottler weer eens hierdie "Moeder en Kind" (stinkhout) uitgestal.

In 1953, na 21 jaar, het Kottler besluit om weer 'n besoek aan Europa te bring. In 'n onderhoud wat destyds net voor sy vertrek met hom gevoer is, het hy hom as volg oor die doel daarvan uitgelaat: "Think what it means to see al the original Renoirs and Derains I want, to see Greek marbles again, to see other scuplture I have only looked at as flat photographs and prints coming to life in stone and in bronze. It is even more different to appreciate a work of sculpture from a print than it is to know great pictures from colour reproductions. You do not 'know' an artists work till you have seen the originals.[29)]

Gedurende 1953/54 het hy vir drie maande lank in Holland, Frankryk en Engeland rondgereis. In Amsterdam het hy al die vernaamste kunsmuseums besoek en in Parys hoofsaaklik sy tyd in die Musee Rodin en Louvre deurgebring. Hy het sy reis afgesluit met 'n besoek aan London waar hy een van sy broers wat hy vir baie jare lank nie gesien het en 'n aantal ou vriende ontmoet het.[30)]

Na sy terugkeer na Suid-Afrika het hy in 1954 'n opdrag van die B.O.A.C. lugredery ontvang om 'n standbeeld van die twee Suid-Afrikaanse lugpioniers naamlik Sir Pierre van Ryneveld en Sir Quintin Brand te maak. In 1920 het hierdie twee pioniers die 8,000 myl lange vliegrit vanaf die Brooklyn-lughawe naby London tot by Wynberg, Kaapstad aange-

---

28) Katalogus "Exhibition of Contemporary South African Art", Central and Arts Committee of the Van Riebeeck Festival, 1952, p. 30. Kyk Hoofstuk IV, Afdeling D.

29) "Moses Kottler visits Europe after 21 Years", The Star, 1953.

30) As gevolg van sy oorsese reis kon Kottler nie die onthulling van die Burgerstandbeeld in Pretoria bygewoon het nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

51A



MOEDER EN KIND

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



durf in 'n tydsbestek van 45 dae. Kottler het vir 'n tydlank op die plase van die twee pioniers deurgebring waar hy intensiewe studies van hulle persoonlikhede gemaak het. Die rede vir sy verblyf daar het hy as volg verklaar: "I have to do the statue of the man as he was then. But before I can do that I have to get the feeling of the man and learn to know him."[31) ] Hy moes ook die ou-tydse uniforms bestudeer en hy het die valhelms, brille, leerbaadjies en skoene wat destyds deur lugpioniers gedra was, saamgebring na Johannesburg sodat hy hulle noukeurig sou kon uitbeeld. Kottler het die twee pioniers in 'n staande posisie langs mekaar geplaas; die arm van die een om die skouer van die ander een. Rondom die voetstuk is daar in 'n lae reliëf verskeie vliegtuie wat deur die Britse- en Suid-Afrikaans lugrederye gebruik is. Die amptelike oorhandiging van die standbeeld het in die binneplein van die lughawe plaasgevind waartydens die standbeeld onthul is.[32)]

In 1954 het Kottler saam met ander Suid-Afrikaanse kunstenaars aan die Biennale Kunsuitstalling in Venesië deelgeneem. Hy het twee abstrakte werke, naamlik "Aanranding" en "Figuur van 'n Vrou", albei in sement, wat hy reeds

---

31) Elia Stamn, "Moses Kottler - The Man who will Create Statue of South African Flying Pioneers", The S.A. Jewish Times, loc. cit.

32) Die onthulling is waargeneem deur die voorsitter van die B.O.A.C. lugredery, Sir Miles Thomas en namens die Suid=Afrikaanse Regering deur Minister J.H. Viljoen, destydse minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap in ontvangs geneem; "S.A. Pioneers," Die Transvaler, Dinsdag, 13 Maart, 1956; J.J. Fourie, "Lugpioniers Verewig", Fleur, loc. cit.; Elia Stamn, South African Times, 21st January, 1955; "S.A. Airman Pioneers to be Honoured by Statue at Airport", The Rand Daily Mail, 7th January, 1955; "Our Pioneers see their Memorial Unveiled", The Rand Daily Mail, 21st March, 1956; "Lugpioniers Gehuldig", Die Vaderland, Woensdag, 21 Maart 1956; Cape Times Magazine, 1st June, 1957; "Moses Kottler Discusses 'Chores' of Sculptor's Profession", The Star, 13th January, 1955.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jare tevore in Kaapstad voltooi het, ingestuur.

In die daaropvolgende jaar het hy 'n opdrag van die Greaterman's-groep ontvang om 'n reliëf vir die ingangsportaal van hulle hoofkantoor in Johannesburg te maak. Die reliëf is van brons en getiteld "Prosperity." Dit stel twee halfnaakte sittende vrouefigure met 'n mandjie vrugte tussen hulle in voor.

In 1956 is 'n aantal dekoratiewe werke vir die Bevolkingsregistergebou in Pretoria bestel. Die argitekte van die gebou het sitting gehad en die aanbevelingskomitee het Kottler opdrag vir 'n beeldhouwerk van ongeveer 7' x 5' vir die westelike gewel van die gebou gegee. Dit moes die aard van die werksaamhede waarvoor die gebou beoog was, uitbeeld. Die komitee het sekere wysigings aan die skaalmodel laat aanbring en die voltooide werk is later goedgekeur. Die beeldhouwerk wat uit wonderklip gebeitel is, het bestaan uit twee halfnaakte staande figure van 'n man en 'n vrou wat na die Suid-Afrikaans vlag skuins bokant hulle kyk. Nadat die figure teen die muur gemonteer is, het lede van die publiek, sekere organisasies en kerke vertoeë tot die Minister van Openbare Werke, Senator J. de Klerk gerig, om die beeldhouwerk te verwyder aangesien hierdie simboliese halfnaakte figure van 'n man en 'n vrou aanstootlik, sinneloos en onsedelik is. Die grootste beswaar, afgesien van die halfnaaktheid van die beelde, was dat die man se hand die indruk gewek het dat dit op die bors van die vrou rus. Hierdie beswaar was egter ongegrond. In wese hou die hand van die man die vrou se hand wat op haar bors rus, vas, 'n natuurlike posisie. Die vertoeë het as gevolg gehad dat die beeldhouwerk van die gebou verwyder is. Die stap het kwaai teenreaksie van onder die lede van die publiek uitgelok wat van mening was dat die kritiek ongegrond was. Die algemene mening was dat die hele aangeleentheid oordrewe en belaglik was en dat hierdie werk van Kottler 'n goeie kunswerk verteenwoordig. Kottler self kon nie verstaan waaroor al die bohaai was nie: "If people can be so stupid

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as to see evil where none exists, then I am not interested. There was nothing offensive about them. An entirely wrong interpretation was placed on them by photographs. People were misled."[33)]

Bekende kunstenaars het weereens hul misnoeë uitgespreek. Walter Battiss, president van die Raad van Kunstenaars, het in Pretoria verklaar dat: "Not only the artists but 90 per cent of the general public are deeply disturbed by the dicision of the Minister of Public Works not to recind his order for the removal of the Moses Kottler statues. Fortunately the fight is cultural and not political, and both supporters and opponents of the government are on our side."[34)] Professor Martiessen, hoof van die Departement Beeldende Kunste aan die Universiteit van die Witwatersrand het gemeen: "It shows such a lack of culture - such prejudice and really almost barbaric ignorance. The figures are so pure and gentle - who could possibly be offended by them?"[35)]

Die kunskritikus van The Rand Daily Mail, H.E. Winder het volmondig met Prof. Martiessen saamgestem: "Anyone who can think otherwise must have most extraordinary ideas. I think this action is ridiculous, and I am sure it is one which will be recieved with scorn and disgust by many of the younger Afrikaans intellectuals," terwyl dr. F.C. Bosman, destyds voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns daarteen minder skerp in sy kritiek was: "Ek is jammer dat die Regering toegegee het aan wat

---

33) "Kottler: I still don't know what all the fuss was about", Diamond Fields Advertiser, 30th August, 1960; "Artists Views on Banning of Nude Statues", The Rand Daily Mail, 31st July, 1957.

34) "Artists will Continue Fight to Keep Nudes", The Star, 7th August, 1957.

35) "Artists Views on Banning of Nude Statues", The Rand Daily Mail, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



myns insiens onvolwasse openbare opinie is."[36] Die destydse hoof van die Departement Kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, Professor H.M. van der Westhuysen, het verklaar dat die gepubliseerde foto's van die beeld die indruk geskep het dat dit 'n losstaande werk is, terwyl dit in werklikheid teen die muur aangebring is. Die beeld is hoog geplaas en dus nie so ooglopend as wat die foto's dit voorstel nie. Die saak is na sy mening uit verband geruk deur erg misleidende foto's in koerante. In aansluiting hierby het hy verklaar dat die aandag gevestig is op 'n faktor wat heeltemal buite die kunstenaar se gedagtes was. Die bekende Suid-Afrikaanse beeldhouer, Coert Steynberg was van mening dat dit nie so seer die naakte beelde was wat die ergste afkeur gewek het nie, maar die fotovoorstellings waardeur die werk uit verband voorgestel is en daarom was die hele aangeleentheid volgens hom 'n bietjie oordrewe. 'n Sekere mnr. J.H. Kruger, 'n sakeman wat reeds talle kunsuitstallings gereël het, het verklaar dat die hele aangeleentheid belaglik is en dat alle beelde maar in die toekoms verwyder moet word.[37]

Inmiddels het Kottler sowel as die argitekte gegis oor die wyse waarop die beeld verwyder kon word sonder om dit te beskadig. Kottler het oor hierdie aangeleentheid aan The Rand Daily Mail[38] as volg verklaar: "I intend taking full legal opinion on the question as to whether I will be entitled to claim damages in the event of my statues being moved." Die beelde is uiteindelik verwyder en na die William Humphreys Kunsmuseum in Kimberley geneem waar dit

---

36) "Daardie Beeld: Kwaai Reaksie", Die Vaderland, 31 Julie, 1957.

37) "Daardié Beeld: Kwaai Reaksie", Die Vaderland, loc. cit.; Selfs in die resente tye ontlok hierdie omstrede beeld nog steeds kommentaar - sien Die Rapport, 29 Augustus, 1971, p. 3.

38) "Sculptor is Thinking of Claiming Damages", 10th August, 1957.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stewig teen die muur gemonteer is. Hier is die beelde nie aanstootlik gevind nie en mev. Hilda Smuts, destydse direktrise-sekretaresse van die Kunsgalery het die beeldgroep as 'n kunswerk bestempel.[39)]

Ten spyte van al die polemiek oor die omstrede figure het Kottler in 1957 van die "General-Mining and Finance Corporation" opdrag ontvang om twee fonteinbeelde te maak vir die twee binneplase van die maatskappy se hoofkantoor in Hollardstraat, Johannesburg. Weer eens het Kottler van naakfigure gebruik gemaak. Hierdie fontein-beeldgroep is besonder dekoratief. Die een groep bestaan uit twee figure in 'n lêende houding en 'n sittende vrouefiguur en dit stel die samevloeiing van die Oranje- en die Vaalrivier voor. Die tweede fontein is versier met 'n pragtige staande seenimf wat weerskante twee visse vashou.[40)]

Tussen al hierdie amptelike opdragte deur het Kottler so af en toe geleenthede afgeknyp om portretstudies van vriende en Bantoes te maak. 'n Voorbeeld hiervan is die portretstudie van 'n Bantoemeidjie getiteld "Mapula." In die loop van 1958 het Kottler vir die St. Andrews kerk in Kensington, Johannesburg 'n reliëf uit klip gemaak wat "St. Andrews" voorstel. Dis 'n halflyf mansfiguur met sy attribuut, 'n kruis wat hy met albei hande vashou.

---

39) "Omstrede Kottlerbeelde Wek nie Skok in Kimberley", Dagbreek en Sondagnuus, 24 Julie, 1966.

40) Martin Mauthner, "Artists make Showpiece in New Mining Building", The Sunday Times, 1957; H.E. Winder, "A Pen Portrait of the 'Nudes' Creator", The Rand Daily Mail, 12th August, 1957; H.E.W. "Fountain in A Foyer", The Rand Daily Mail, loc. cit.; General Mining and Finance Corporation, Limited, 6 Hollard Street, Johannesburg; Reprint from the S.A. Government Information Office publication "Panorama", January, 1960; "A Short Description of the Friezes, Sculpture and Murals Incorporated in the Corporation's new Building at 6 Hollard Street", p. 6; Arrie Joubert, "Moses Kottler Werk aan Twee Nuwe Kaal Beelde", Die Byvoegsel tot die Burger Die Volksblad en die Oosterlig, 9 Augustus, 1957.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nadat die groot nuwe Transvaalse Provinsiale Administrasie-gebou in Pretoria voltooi is, is 'n komitee[41)] onder andere vir die versiering van die gebou aangestel.[42)] Verskeie Suid-Afrikaanse kunstenaars het opdragte ontvang om spesiaal vir die gebou skilderstukke, mosaiëkmuurversierings, tapisserieë en beeldhouwerke te maak. Moses Kottler is in 1960 versoek om vir die noord-westelike ingang tot die gebou 'n beeldgroep te ontwerp.[42)] Sy bydrae tot die versiering van hierdie gebou het hy "Strewe" genoem. Dit het hom twee en 'n half jaar geneem om te voltooi. Die pilaar wat die groep dra ontspring uit die vaste fondament van die kelderverdieping en bereik 'n sekere hoogte bokant die straatvlak deur 'n ronde opening in die vloer van die buiteruim. Aan die suide en oostekant verrys die majestueuse gebou bokant die bronsbeelde en vorm die agtergrond vir die aansig van die straat af. Die pilaar, hoewel skraal, is gebou van stewige, gepoleerde granietblokke en verleen sierlikheid aan die beeld wat daarop staan. Die indruk word gewek dat 'n magtige hand die groep uit die diepte van die aarde opgehef het; terwyl dit reeds heelwat hoër as die aanskouer staan, maar klaarblyklik streef die drie figure na nog groter hoogtes. Die middelste beeld strek sy linkerhand uit om die vrou aan sy sy, wat streef om orent te kom, te steun, terwyl hy sy regterhand in gebed verhef sodat die Goddelike Alvermoë dit kan gryp en hom na sy eindbestemming kan lei. Die derde beeld is 'n jong man wat ook biddende honde hemelwaarts verhef terwyl hy probeer om self op te staan. Elke mens sal die beeldhouwerk vertolk soos hy dit self verstaan, maar blykbaar simboliseer die drie beelde wat saam op een voetstuk geplaas is en geheimsinnig uit die diepte verrys, die volk van Suid-Afrika wat streef om sy eie bestemming te verstaan

41) Die voorsitter van die komitee was die voormalige Administrateur van Transvaal, Dr. W. Nicol.

42) Hugh Carruthers, "Sculptor and his Ming", Three Nudes will Stand in Pretoria", The Rand Daily Mail, 30th April, 1962; "Fortune in Art at New H.Q.", The Rand Daily Mail, 25th April, 1963.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en te bereik. Dit is ook menslik dat die uitgestrekte hande omring deur die Provinsiale Administrasie-gebou, by die owerhede pleit om hulp vir die bou van 'n waardige nasie. Waarskynlik reik die biddende hande by die gebou verby na die hemelruim na God van wie uiteindelik hulp sal kom. Elkeen wat hier verbygaan en 'n oomblik versuim om die strewende groep te aanskou, sal met fermer tred voortgaan en sê: "Nou kan ek beter doen, ek sal weer probeer en harder strewe."[43)]

In 1961 het Kottler opdrag gekry om die drie standbeelde te ontwerp wat drie goudmyne in Wes-Transvaal, Stilfontein, Buffelsfontein en Hartbeesfontein moes simboliseer. Die standbeelde moes dien as versiering van 'n fontein in die nuwe Burgersentrum van Stilfontein. Die standbeelde, wat in 1965 onthul is, bestaan uit drie figure naamlik 'n stemmige naakte vrou wat gehurk sit en haar hande in 'n kom hou, waaruit 'n stroom water vloei; 'n naakte mansfiguur wat gehurk sit met sy hande om die kop van 'n hartbees terwyl 'n stroom water uit sy bek loop, asook 'n tweede naakte mansfiguur wat ook gehurk sit maar die keer 'n buffelkop vashou waaruit ook water vloei. Die beelde is in die hoeke van die driehoekige spuitfontein opgerig en verleen 'n opbeurende, verfrissende atmosfeer aan die Wes-Transvaalse myndorp.[44)]

In 1964 het die Administrateur van Transvaal vryheid van Kemptonpark ontvang. Om dit te herdenk het verskillende nywerhede van Isando in 1965 aan Kottler opdrag gegee om te beeld vir die geleentheid te maak. Die werk moes die ingang van die hoofkantoor van die Randse Water-

43) South African Panorama, February, 1964; Brosjure wat tydens die inwyding van die Provinsiale Administrasiegebou in Pretoria uitgegee is, 27 November, 1963, p. 26.

44) "Kottler-beelde Simboliseer Myne", Die Transvaler, 26 Maart, 1965; "Sculptor Defends his Nude Statue", The Sunday Express, 28th March, 1965; "Rose of Western Transvaal Blooms,Three Nudes in the Fountain", The Rand Daily Mail, 26th March, 1965.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



raad in Johannesburg versier. Kottler het 'n moeder en kind studie ontwerp wat as "Serenity and Love" bekend staan. In hierdie werk beeld hy die liefde en kalmte uit wat daar tussen moeder en kind bestaan. Die werk omvat 'n 9' hoë staande naakte moederfiguur wat haar arms na haar kind voor haar uitstrek terwyl die naakte kind sy armpies opwaarts uitstrek. Waar hul hande bymekaar kom spuit 'n dun straaltjie water uit. Dit is 'n gevoelvolle stuk werk met 'n besondere boodskap aan die toeskouer.[45)]

In Junie 1965 het Kottler en sy vrou 'n besoek van ongeveer twee maande aan Europa gebring waar hulle onder andere hul enigste seun, Denys in Parys besoek het. Vandaar het hulle na die suide van Frankryk vertrek waar hulle onder andere verskeie kunsgalerye besoek het. Twee jaar later het hulle 'n besoek aan Engeland, Italië en Israel gebring.

In Augustus 1965 het in die Moffetsaal van die argitektuurgebou van die Universiteit van die Witwatersrand 'n uitstalling van werke deur Suid-Afrikaanse hedendaagse kunstenaars plaasgevind.[46)] Kottler het hier verskeie beeldhouwerke naamlik 'n jong meisie in moerbyboomhout "Figure" en 'n portretstudie getiteld "Sir George Cory", uitgestal. Verskillende nuusblaaie het Kottler lof toegeswaai vir sy besondere vakmanskap, ontwerp en delikate "poising of the figure and the satisfying feeling for movement."[47)]

In 1966 het Kottler 'n borsbeeld van Professor N. R. van Wyk Louw (gewese Professor in Afrikaans aan die

---

45) "Setting the Trend", <u>The Star</u>, 1st March, 1966; "Serenity and Love", <u>The Star</u>, 10th September, 1967.

46) Die uitstalling is deur majoor Aubrey Fielding georganiseer.

47) Mary Packer,"'Harvest' of the Best from Art Shows", <u>The Star</u>, Wednesday, 18th August, 1965; Eddy Sacks, "Inspiration Sculptured", <u>The Rand Daily Mail</u>, August, 1965; "Art Highlights at Wits", <u>The Rand Daily Mail</u>, 18th August, 1965.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

59A



DENYS

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Universiteit van die Witwatersrand) wat hy in 1968 aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geskenk het; die borsbeeld is voor Engelenburghuis in Pretoria opgestel.[48)]

Die Universiteit van die Witwatersrand het in 1967 'n kompetisie uitgeskryf vir 'n standbeeld ter nagedagtenis van studente, gegradueerdes en personeellede van die Universiteit wat tydens die afgelope twee Wêreldoorloë en in die Koreaanse oorlog gesneuwel het. Die Universiteit het inskrywings uit Suid-Afrika sowel as van Europa ontvang en uiteindelik het hulle besluit om die model waarmee Kottler ingeskryf het te aanvaar. Kottler het aanvanklik 'n model wat "Opoffering" simboliseer, en wat uit drie staande figure, twee mans en 'n vrou bestaan het wat mekaar se hande vashou en wat elk slegs deur 'n ligte drapering voorsien is om hulle "naaktheid" te bedek. Professor G.R. Bozzoli, rektor en visiekanselier van die Universiteit van die Witwatersrand het hom in "The Sunday Times" oor die model met die drapering as volg uitgelaat: "Mr. Kottler first designed the statue with a drape but on due consideration we considered it to be unnecessary and we approached him with the suggestion that he remove it - something he was very happy to do."[49)] Kottler se finale ontwerp was dieselfde drie figure waarby die drapering nou verwyder is. Die linkerkantse jongman wys met sy hand na die lug en volgens 'n resensent asof hy wil sê: "Daar is dit geskryf. Dit is die rede vir ons dood."[50)]

"The Star" meld oor hierdie groep: "In his large piece of sculpture, of three nude figures, Moses Kottler

---

48) "Kottler Gift to Akademie", <u>The Sunday Times</u>, 21st July, 1968; <u>Die Beeld</u>, 21 Julie, 1968.

49) "Wits Memorial has no Modesty 'Drape'", 22nd November, 1970; "Nudes are Getting in Shape for Wits", <u>The Star</u>, 20th July, 1968.

50) "Weer so 'n Ding soos '57", <u>Dagbreek en Landstem</u>, 22 November, 1970.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



has chosen as stylized simplicity which does not porce toc emotional a reaction, except the very doubtful one of nudity. Even here, the so-called offensive elements of the human body are so stylized that the primmest person should not be particularly upset. A reaction to this carefully, thoughtfully and technically faultlessly evolved piece is that the average artist, commissioned to create something of this nature, might be inclined to choose a more romanti or bluntly abstract approach. Kottler evokes his figures with crisp truth, the modelling touches close on severity, but always with an eye to simplification. Because of a de sire to be anatomically correct all sentimentality in structure has been shorn away. So the human form is in no way garnished or even idealized ........ With deliberately very simplified vision, it seems that Kottler is emphasizing the intangible forcefulness of death. However deep the horror, frustration and despair caused by war, there is little the bereaved can do but ultimately accept the sudden nothingness and silence brought by death. Ther is, about these figures, an atmosphere of that incomprehen sible silence that makes death terrifying and emotionally unmanageable for those who continue to live and mourn .... For me, the artist mainly gives a message of acceptance. A feeling of resignation to the world's madness rather tha futile wishful thinking that man will ever really rise above being a destructive creature, especially in times of war."[51)]

Soos verwag kon word het hierdie beeld van Kottler uiteenlopende reaksie uitgelok wat gewissel het van felle kritiek tot die hoogste aanprysing. Cecil Skotnes, bekende in die kunswêreld het onder andere verklaar: "It is a pity that the work by the British sculptor, Henry Moore, has been rejected. I feel it is not in itself bad that

---

51) Richard Cheales, "Entertainment and the Arts - Kottle goes for Honesty and Avoids Emotion", The Star, Tuesday, 3rd December, 1970.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



they refused the Henry Moore - they have a right to refuse what they don't want. It's a pity though because we don't really have a big sculpture by Moore in South Africa. The choice of an alternative was unfortunate. I'm not criticizing the sculptor selected - that would be a presumption on my part - but I think that this called for a modern work - a work which would be more in the spirit of a University like Wits, which is after all, an institution which has vigorously upheld a progressive and liberal attitude to life."52)

Twee beeldhouers Louis le Sueur en Peter Davis het in briewe wat hulle aan "The Sunday Times"53) gerig het, hul menings oor die monument geuiter: "The group that Kottler is intending to errect does not comply with the descriptive requirements for such a memorial. The depiction is more likely to decribe a group of layabouts than people involved in a strennous activity like war. They do not even possess a muscle between the three of them .... I consider that the correct decision was the one in favour of Moore." Maar in teenstelling hiermee, het dit by verskeie mense ook positiewe reaksie uitgelok. So het Professor S.A. Israelstam, direkteur van Oudstudenteaangeleenthede onder andere verklaar: "I think mr. Kottler has done a terrific job. It blends in very well with its surroundings," terwyl die skakelbeampte van die Universiteit mnr. Ken Andrew verklaar het: "It is simple; there is nothing military about is. It essence is the spirit of sacrifice." 54)

Die voltooide groepbeeld is 2.7m. hoog en in brons gegiet. Dit is in November 1970 deur mev. Joan Raikes, weduwee van die destydse vise-kanselier en rektor van die

---

52) Chris Pritchard, "Wits War Memorial row Flares Up", The Sunday Times, 18th August, 1968.

53) "Kottler's Nudes - War Heroes or Layabouts", 1968.

54) Stanley Hurst, "Wits War Memorial Statue has Nude Figures", The Sunday Times, 15th November, 1970.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Universiteit van die Witwatersrand, langs 'n spuitfontein aan die noord-westekant van die sentrale gebou van die Universiteit onthul.[55] 'n Paar oud-soldate het hulle misnoeë uitgespreek oor hierdie beeldgroep. Harry Ralsten wat in altwee wêreldoorloë deelgeneem het, was van mening: "I call them disgraceful from a military point of view. It's a mockery of the fallen," terwyl ander oud-soldate mnr. Percy Legg en Kolonel Harald Campbell slegs verklaar het: "It's a ridiculous type of memorial." Oscar Brodie, 'n veteraan van die Tweede Wêreldoorlog was van mening dat: "It's a complete sacrilege. I agree it's a futuristic world we live in but I can't see it giving you that little bit of sentiment feeling once a year when we remember our dead of the two wars. As an ex-serviceman I do not approve of it.[56]

Terwyl Kottler werksaam was aan die Oorlogsmonument van die Universiteit van die Witwatersrand is hy deur die Randse Waterraad versoek om 'n borsbeeld van die destydse waarnemende Staatspresident, mnr. Tom Naude te maak. Hierdie portret het hy in 1969 voltooi.

In 1969 het Kottler 'n katarak operasie in beide oë ondergaan en moes hy noodgedwonge sy beeldhouwerk vir 'n paar maande laat links lê. Onmiddellik na sy herstel het hy nog 'n "Moeder en Kind" gemodelleer wat in brons gegiet is. Daarna was hy besig met 'n staande Bantoevrouefiguur.

---

55) "War Memorial for Varsity", The Rand Daily Mail, Tuesday, 4th August, 1970; "Challenging Commission for Sculpture Moses Kottler", The Sunday Express, 17th December, 1967; The Sunday Times, 21st November, 1970; "University Memorial", The Rand Daily Mail, Monday, 16th November, 1970; Stanley Hurst, "Wits War Memorial Statue has Nude Figures", The Sunday Times, 15th November, 1970'

56) "Ex-Servicemen Object to Kottler's War Nudes", The Sunday Express, November, 1970.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

63A



MOEDER EN KIND

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK IV

## KUNSUITSTALLINGS

Kottler het sy beeldhouwerk by tien openbare geleenthede tussen 1922 - 1965 uitgestal. Die verskillende uitstallings kan in drie groepe geklassififseer word, naamlik twee eenmanuitstallings, een tweemansuitstallings en sewe algemene uitstallings. Hiervan het vyf op internasionale vlak plaasgevind en die oorblywende twee is plaaslik georganiseer. Daar is Kottler baie lof toegeswaai vir die buitengewone standaard wat hy deurgaans ten aansien van sy beeldhouwerke gehandhaaf het.

### A. EERSTE OPENBARE KUNSUITSTALLING TE KAAPSTAD

Nadat Kottler hom in 1917 in Kaapstad gevestig het, het hy hom hoofsaaklik op beeldhouwerk toegespits.[1] Vyf jaar later toe hy alreeds 'n betreklik groot aantal beeldhouwerke voltooi het, het hy besluit om sy werke by wyse van 'n kunsuitstalling onder die aandag van die publiek te bring.

Op 14 Desember 1922 is Kottler se eerste openbare kunsuitstalling in die ontvangsaal van die stadsaal van Kaapstad deur Sir Carruthers Beattie, die destydse rektor van die Universiteit van Kaapstad geopen. Sir Carruthers het sy waardering teenoor Kottler uitgespreek en hom aangemoedig om in sy belowende loopbaan voort te gaan. Hy het daarop gewys dat die wêreld na die oorlog dit moeilik gevind het om na die normale toestand terug te keer. 'n Verskynsel wat veral in Suid-Afrika merkbaar was. Hy het gehoop dat 'n geskikte plek tot beskikking van kunstenaars

1) Sien Hoofstuk II, Afdeling A.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



soos Kottler gestel sal word waar hulle gereeld hulle kunswerke kon uitstal. Die "Cape Times"[2] het opgemerk dat: "Mr. Kottler had put before them, for the first time, an exhibition of that nature in South Africa and it must appear to everyone that so long mr. Kottler did work of that nature he was not only doing something for himself, but was doing something towards helping others to the appreciation of the beautiful ........ It was work of that kind that uplifted them, and he disired to thank mr. Kottler for what he had done and for giving them an opportunity of seeing the works which were arrayed before them." Die bywoning van die publiek was teleurstellend maar dit is toegeskryf aan onvoldoende publisiteit. 'n Kunsresensent[3] van die "Cape Times" het die werke van Kottler in twee kategorieë ingedeel naamlik dié beeldhouwerke wat streng onder die invloed van die Argaïse kuns was en dié wat heeltemal naturalisties van aard was. Albei hierdie kategorieë is gekenmerk deur sowel 'n forse kragtigheid en 'n byna barbaarse onmenslikheid aan die een kant met nogtans in elke werk iets edels wat deur 'n bekwame modelleertegniek gekenmerk word. Selfs in die mees formele beeldhouwerke was daar altyd 'n instruktiewe gevoel van lewendigheid merkbaar wat aan sy beeldhouwerk 'n eie karakter verleen het.

Voorbeelde van Kottler se beeldhouwerke waarin albei hierdie kategorieë aangetref word is onder andere 'n losstaande dierestudie in sement getiteld "Lioness." Die leeuwyfie is so as 'n geweldadige ruwe dier uitgebeeld. Op 'n afstand lyk dit asof die leeuwyfie leweloos is en skep dit die indruk dat dit vir 'n pilaarstut van die troon van 'n Babiloniese prins kan dien. Maar van naby val die besondere lewendigheid wat uit die dier straal onmiddellik op. In hierdie beeldhouwerk is daar trekke van sowel die oud= Egiptiese kuns as die Bisantynse kuns, maar Kottler se eie karaktertrekke, naamlik vriendelikheid en goedheid, kom ook

---

2) "Exhibition of Kottler's Work - Fine Sculpture at the City Hall", 15th December, 1922.

3) Naam van resensent van die <u>Cape Times</u> onbekend.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sterk tot uiting.

'n Werk met dieselfde eienskappe as "Lioness", 'n klein kubistiese studie in sement van twee worstelende menslike figure was "Aanranding" getitel. In die resensie word albei hierdie werke as "intensely displeasing, but attractive on account of the wonderful impression it conveys of life and movements" bestempel. Tot dieselfde groep behoort "Figure", 'n studie van 'n vrouefiguur asook 'n "Moeder en Kind", albei in sement. Al hierdie werke het 'n aantrekkingskrag wat die besoeker die krag en die forsheid wat in elke werk teenwoordig was laat waardeer het en fyn besonderhede soos vierkantige tone, almal van dieselfde lengte, vierkantige wange, dit wil sê alles vierkantig,[4) eintlik nie opgeval het nie. Nogtans het die bogenoemde kritikus al die werke as "bizarre" bestempel.

'n Half-lengte portrestudie van "Ruth Prowse" was as 'n goeie lynstudie beskou, vol kalmte. Ander portretstudies op hierdie kunsuitstalling was "Oom Fanie", 'n portret van die koetsdrywer van Oudtshoorn wat Kottler destyds reeds te Oudtshoorn voltooi het, 'n portret van 'n jong dogter "Marie", "Mnr. Ashworth" en "Mnr. Lewis". Al hierdie portrette was beskou as ware en getroue gelykenisse. Kottler is beskryf as 'n kunstenaar met 'n besondere kennis van anatomie wat bowendien oor 'n besondere waardigheid beskik het om deur middel van klei uitdrukkings aan sy beeldhouwerke te verleen.

## B. <u>TWEEDE OPENBARE KUNSUITSTALLING TE KAAPSTAD</u>

Op 5 Desember 1924 het Lady Phillips, eggenote van die mynmagnaat Sir Lionel Phillips 'n kunsuitstalling van werke deur Kottler en Mej. Daphne Taylor in die Ashbeykuns-

---

4) Oorspronklik is dit in die volgende woorde gestel:"... square toes, all of the same length, square cheeks, square everything ...." "Exhibition of Kottler's Work", <u>The Cape Times</u>, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



galery, Langstraat, Kaapstad, geopen. Dit het uit twaalf beeldhouwerke deur Kottler en dertig skilderye en tekeninge deur mej. Taylor bestaan. Bernard Lewis[5)] toemalige kunskritikus van Die Burger, was van mening dat hierdie uitstalling die belangwekkendse uitstalling was wat nog in Kaapstad gehou was veral Kottler se portretstudies was volgens hom vol skoonheid en het wonderlike getroue gelykenisse aan die dag gelê. Veral die portret van "Lady de Villiers", in drie-kwartlengte, het die aandag getrek.[6)] Dit was vir die eerste keer uitgestal en is verglyk met die portret van "Ruth Prowse" wat vroeër uitgestal was. Wat veral aan "Lady de Villiers" die aandag getrek het, was die pragtige bootsering van die hande wat met 'n halsnoer speel. "The Cape Times"[7)] het opgemerk: "Then turn to the placid dignity, the beautiful grace or flowing line of the halflength of "Lady de Villiers". A "tour de force" this. Expressive to a degree. Simple and directly appealing and for this alone the exhibition would have been more than justified."

'n Ander portretstudie op hierdie uitstalling was "Claude", die seuntjie van mnr. T. Felbert waarin die jeugdigheid treffend weergegee is. Dit het veral geblyk dat Kottler telkens dié tegnieke kies wat die beste by sy onderwerp pas. Gevolglik het sy verskillende portretstudies groot afwisseling getoon. Ander werke op hierdie uitstalling was "Mev. Gwelo Goodman"; "Prof. W.H. Bell"; "Gregoire Boonzaier"; "Prof. Radcliffe Brown" en bowendien was daar verskeie Bantoestudies, soos ou "Maleier", koppe van "Hottentotte", 'n seuntjie en 'n meisie, en 'n lewensgroot kop van 'n jong Bantoe. Hierdie nie-blanke portretstudies het tot die beste werke van Kottler behoort. Opvallend was 'n "Kaffermeidjie" wat uit die stam gesny is van 'n sipresboom

---

5) Bekend onder die skuilnaam Brander.

6) Eggenote van Lord de Villiers, gewese hoofregter van die Kaapse Hooggeregshof.

7) "Taylor and Kottler Exhibition, Originality in Painting and Sculpture, 4th December, 1924.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat in die tuin van "Wynberg House" omgekap is. Hierdie werk was belangrik omdat dit die enigste groot stuk houtsnywerk wat ooit in die Ashbeykunsgalery uitgestal is.[8)]

C. DERDE OPENBARE KUNSUITSTALLING (PRETORIA)

Op 10 September 1932 het die burgemeester van Pretoria, mevrou M.C. Malherbe die derde kunsuitstalling van Kottler in die Macfadyensaal (Universiteit van Pretoria) geopen. Die uitstalling was vir die Pretoriase kunswêreld baie belangrik en mev. Malherbe het Kottler bedank vir sy moeite om sy werke vanaf Kaapstad na Pretoria te bring. Volgens "Die Volkstem"[9)] het sy veral gehou van die borsbeelde van Boeretipes en die feit dat Kottler destyds al 20 jaar in Suid-Afrika gevestig was, die publiek die reg gegee het om hom 'n Afrikaner te noem en dit was destemeer ook 'n rede om vergenoegd te wees oor sulke uitstekende kunsstukke. Kuns is destyds in Suid-Afrika nog maar stiefmoederlik behandel. Die mense was te veel daarop toegespits om die land bewoonbaar te maak en het min geleentheid gebied vir die ontwikkeling van die kunssmaak. As gevolg daarvan was ontwaking op die gebied van kuns maar langsaam. Ekonomies was die tye waarmee kunstenaars gekonfronteer is, moeilik.[10)]

Moses Kottler het altesaam ses-en-twintig beeldhouwerke uitgestal, die grootste uitstalling van kunswerk wat nog in Pretoria gehou is. Volgens "Die Volkstem" was Kottler 'n kunstenaar wat gestreef het om uitdrukking te gee aan die waarheid. Hierin het hy geslaag omdat hy 'n skerp waarnemingsvermoë besit het, 'n diep gevoel vir die fyn-

---

8) Die Burger, loc. cit.; The Cape, 12th December, 1924; The Cape Times, loc. cit.

9) "Moses Kottler se Werk - Belangstelling in Tentoonstelling", 17 September, 1932.

10) "Moses Kottler in Pretoria", Die Vaderland, 10 September, 1932.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hede van uitdrukking en 'n bekwaamheid om te peil in die siel van sy onderwerp. Eenvoud was by hom hoofsaak sodat hy steeds die maksimum resultaat kon verkry van wat oënskynlik die minimum van inspanning was. Kottler se beeldhoukuns is veelsydig beskou omdat hy hom by die ouer styl kon aanpas en tegelykertyd gevoel vir moderner neigings gehad het. Op 'n oordeelkundige wyse het hy uit die moderne skool gehaal wat vir hom en sy onderwerp gepas het. Op hierdie manier het hy 'n goue middeweg ingeslaan waarmee hy ongetwyfeld sukses behaal het. Verder het die kunskritikus daarop gewys dat daar in rewolusionêre bewegings altyd uiterstes is en dat dit die verstandige man is wat uit die nuwe die bruikbare en die skone kon haal. "So 'n kunstenaar is Kottler" het hy ten slotte opgemerk. Veral 'n lewensgroot gesnede houtfiguur van 'n jong meisie getiteld "Jongmeidjie" het aandag getrek.[11] Kottler het die idee van kinderlikheid in hierdie figuurtjie sterk beïndruk. 'n Ander werk uit hout, "Nadenkende Meidjie"[12] was 'n jong meisie wat ingedagte versonke uitgebeeld is. Daar spreek 'n weemoedige stemming uit die beeld. Die afwerking is uiters eenvoudig net die vernaamste trekke is weergegee. 'n Derde werk van hout was 'n reliëf wat 'n bolig vir 'n deur gevorm het.[13]

Kottler het nog vier portretstudies van jong blanke kinders uitgestal naamlik "Cassie" in brons; "Nena" 'n eenvoudige figuurtjie met gevoude arms, in gips; "Babatjie", 'n kop van 'n klein babatjie wat in klip en "Charlotte". Twee borsbeelde van boeretyipes, naamlik "Oom Piet" en "Oom Marthinus", albei in gips het veral opgeval deur die tegniek wat Kottler gebruik het.[14] Hierdie tegniek was

---

11) Katalogus van die uitstalling, nr. 1.

12) Ook bekend as "Kontemplasie" - kyk Ons Kuns, deel 1, p. 110; Katalogus, no. 6.

13) Katalogus, nr. 16.

14) Respektiewelik Uitstallings Katalogus nr. 8, 10, 13, 12, 4 en 11.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in lynregte teenstelling met die fyn afgewerktheid van sy kinderwerke. Daar was borsbeelde van verskillende jong mans soos "Professor Ben Farrington"; "Professor Arnold Plant", in brons; "William Plomer"; "Jules Godby", in gips en 'n portretbuuste van "Hoofregter Jacob de Villiers".[15] Die borsbeeld van "Eerwaarde C.F. Andrews" is as een van die beste "portrette" op die tentoonstelling beskou.[16] 'n Portretstudie van sy vrou wat Kottler tydens sy driejarige verblyf in Europa (1929-1932) voltooi het, naamlik "Eva" het ook deel van die uitstalling gevorm. Vier brons figuurstudies, "Oggend", "Statuette", "Moeë Danseres" en "Fontein vir Voëltjies" het baie aandag getrek.[17] Veral die Bantoekoppe het op die uitstalling opgeval en hieronder was werke wat soos: "Gert", die borsbeeld van 'n tipiese beeswagtertjie; "Kop van Kaffer" en "Tokkie". Twee koppe van volwasse Bantoes in brons en "Hottentot Meidjie met 'n Kopdoek."[18]

## D. <u>ANDER UITSTALLINGS</u>

### (i) <u>Rykstentoonstelling in 1936</u>

Op 15 September 1936 het die Rykskou op die skougronde in Johannesburg in aanvang geneem en was daar onder andere 'n kunsuitstalling wat deur Professor M.L. du Toit georganiseer was.[19] Kottler het sewe van sy beeldhouwerke ingestuur naamlik:[20]

---

15) Respektiewelik Uitstallings Katalogus nr. 9, 15, 19 en 24.

16) "Moses Kottler in Pretoria", <u>Die Volkstem</u>, loc. cit.

17) Respektiewelik Uitstallings Katalogus nr. 14, 2, 17, 18 en 3.

18) Respektiewelik Uitstallings Katalogus nr. 16, 23, 7 en 20.

19) Gutsche, Thelma, <u>'n Spoggerige Medalje</u>, p. 174

20) Katalogus, Rykstentoonstelling, 1936, Kunsgalery, p.15.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| Eerwaarde C.F. Andrews | (brons) |
| Nadenkende Meidjie | (hout) |
| Fonteinbeeldjie vir Voëls | (wonderklip) |
| Bantoe-baba | (klip) |
| Cassie | (brons) |
| Walking Figure | (wonderklip) |
| Meidjie | (hout) |

Professor M.L. du Toit het opgemerk: "I regard Kottler's "Meidjie" as the centre piece of the exhibit. It is one of the greatest works of art ever produced in South Africa. It is worth coming here just to see Kottlers "Meidjie".[21)]

Soos verwag kon word, was daar heelwat kritiek oor die uitstalling. Die keuse van kunswerke wat daar uitgestal is as te modern beskou en die lede van die keurkomitee sou werke van "hoë standaard" afgekeur het. Volgens "The Rand Daily Mail"[22)] was: ".... the quality of the exhibit higher than the real standard of art in South Africa at present. It represents the ideal for which we are striving rather than the present state of affairs. The standard is definitely very high and compares favourably with the Canadian and British exhibits."[23)]

## (ii) Suid-Afrikaanse Kunsuitstalling in die Tate-Galery in London in 1948

Die Suid-Afrikaanse kunsuitstalling in die Tate Kunsgalery in London in 1948 was die eerste groot onderne-

---

21) "S.A. Art goes Modern - Praise for Pictures at Exhibition", September, 1936.

22) "South African Art goes Modern", loc. cit.

23) "S.A. Art at Exhibition - The 'Moderns' in Painting and Sculpture", The Rand Daily Mail, loc. cit.; "Art at the Empire Exhibition", S.A. Art on View, The Zionist Record Annual, 30th September, 1936.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ming wat gereël is deur die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging.[24] Gevolglik is sestig Suid-Afrikaanse kunstenaars se werke in September 1948 in die Tate-galery uitgestal. Die kunsuitstalling is deur mnr. Leif Egeland, die destydse Hoë Kommissaris van die Unie van Suid-Afrika in London geopen. Reaksie op die uitstalling was baie uiteenlopend: "My own opinion is that the South African Art Exhibition has not shown enough either in quality or range to give a representative view of what is being done in the country. The critics have paid South Africa the compliment of judging the exhibition by the high standards that are current here. Some frankly state that they cannot see any peculiarly South African style yet. All suggest that South Africa has still a long way to travel before it can claim to have a 'school' or to have created something characteristically South African in quality. Looking at the collection and judging it against the background of what is going on here and the Continent, I think this verdict is fair - as far as it goes. But I personally feel that more could have been shown - more variety, more experiment. I feel, indeed, that more risks should have been taken. And I am certain that more names should have been included. I was particularly interested to see what the Jewish artists had contributed and it was a joy to see several of Moses Kottler's sculptures - of a kind equal to anything that we can admire here. To my mind, his work noticeably raised the whole level of the exhibition." Kottler het ses beeldhouwerke uitgestal naamlik, "Head of a Child", in brons; "Mother and Child", in stinkhout; "Reclining Nude", in klip; "Native Woman" in hout; "Head of a Girl" in brons en "Meidjie" in hout.[25]

---

24) Onder leiding van mnr. (later Sir) John Rothenstein van die Tate-galery is die uitstalling gereël; Berman, Esmé, <u>Art and Artists of South Africa</u>, p.344. Two Pioneer Exhibitions, <u>Punch</u>, 29th September, 1948.

25) Dora Sowdon, "The S.A. Art Exhibition in London", <u>The Zionist Record Annual</u>, Friday, 22nd October, 1948; Katalogus, p. 21.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mnr. Geoffrey Long wat die inleiding vir die Katalogus van die uitstalling geskryf het, het verklaar dat Kottler destyds die mees uitstaande beeldhouer was wat in Suid-Afrika werksaam was. "He is a fine portraitist whose characterically 'African' work is in wood. His almost classic approach to the Bantu has restored a dignity to a people so often represented with the worst sentimentality."[26)]

Die Londonse kunskritici het 'n onverskillige houding teenoor die Suid-Afrikaanse kunsuitstalling ingeslaan. So het mnr. Eric Newton verklaar dat die uitstalling voorbarig was aangesien daar nie so iets soos Suid-Afrikaanse kuns bestaan nie.[27)] Die kunsuitstalling is egter in Holland, België, Frankryk, Kanada en Amerika beter ontvang. In 1949 is die werke in Washington uitgestal.[28)]

### (iii) Die Van Riebeeck Driehonderdjarige Feesuitstalling te Kaapstad in 1952

By geleentheid van die Driehonderdjarige Van Riebeeck herdenking is die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging uitgenooi om 'n kunsuitstalling van hedendaagse Suid-Afrikaanse kunstenaars te reël. Professor M. Bokhorst, destydse President van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging het in sy voorwoord in die Katalogus gemeld: "We see in this exhibition not the two hundred best South African works of art, but the products of some hundred and twenty skilful artists who work permanently in this country or temporarily abroad. We do not flatter ourselves with the belief that this pic-

---

26) Katalogus: Exhibition of Contemporary South African Paintings, Drawings and Sculpture, p. 7; Esmé Berman, loc. cit., p. 344; Two Pioneer Exhibitions, Punch, loc. cit.

27) Sien Berman, Esmé, p. 247.

28) Berman, Quadrenial Exhibitions, p. 246 - 247; In die tydskrif Newsweek was daar gunstige publisiteit aan die Suid-Afrikaanse uitstalling verleen.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ture of art today in South Africa is a complete one: nevertheless the forty-four living artists who were represented in the 1948 exhibition are practically all here again. The influence of our own schools in the Union is clearly noticeable, as well as the impregnatory influence of the large foreign exhibition on those artists who have not yet been overseas."[29)]

Kottler het twee beeldhouwerke op hierdie kunsuitstalling uitgestal naamlik "Motherwood" in stinkhout en "Reclining Figure" in dioriet.[30)] Deurdat net die besoekers van die Van Riebeeckfees die uitstalling kon besigtig het die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging besluit dat groot kunsuitstallings voortaan ook na ander dele van die land gebring sal word.

### (iv) Die Rhodes Eeufees Kunsuitstalling te Bulawayo in 1953

In 1953 het die Rhodesiese Regering die 100ste geboortedag van Cecil Rhodes luisterryk in Bulawayo herdenk. Suid-Afrika was ook uitgenooi om 'n versameling van verteenwoordigende kunswerke tydens die Eeufees uit te stal. Met hierdie geleentheid is Kottler se "Moeder en Kind" (stinkhout) uitgestal.[31)]

### (v) Die Tweejaarlikse Kunsuitstalling te Venesië in 1964

In 1964 het Kottler twee beeldhouwerke naamlik "Pic-

---

29) Katalogus. "Exhibition of Contemporary South African Art - Central and Arts Committee of the Van Riebeeck Festival, 1952, p. 4-5.
30) Respektiewelik Uitstallings Katalogus nr. 194 en 195.
31) Agt en sewentig ander Suid-Afrikaanse kunstenaars het hul kunswerke uitgestal; Berman, p.345; Katalogus.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



cola Figura", "Pietra di Wonder" en "Composizione, Bronzo" op die Biennal in Venesië uitgestal.[32)]

(vi) Die Tweejaarlikse Uitstalling te Sao Paulo, Brasilië

Kottler het by hierdie geleentheid met vier beeldhouwerke deelgeneem naamlik:[33)] "Meidjie" (hout), "Moeder en Kind" (stinkhout), "Reclining Nude" (klip) en "Head of a Girl" (brons).

(vii) Uitstalling van Suid-Afrikaanse Hedendaagse Kuns te Johannesburg in 1965

By geleentheid van die tagtigjarige herdenking van die ontstaan van Johannesburg, het die Universiteit van die Witwatersrand in die Moffetsaal en hul argitektuurgebou 'n groot kunsuitstalling gehou. Die werke is deur majoor Aubrey Fielding van die Adler-Fielding galery in Johannesburg gekeur wat tewens verantwoordelik was vir die organisasie van die uitstalling. Kottler het 'n paar beeldhouwerke, onder andere "Sir George Cory" en "Figure" uitgestal waaroor "The Rand Daily Mail"[34)] opgemerk het: "Seldom in a mixed show is such prominence given to sculpture, and it is in this section that some of the best work is to be seen. Moses Kottler's 'Figure' in mulberrywood is outstanding for its superb draughtsmanship and design, the delicate poising of the figure and the satisfying feeling for movement." In bykans dieselfde trant het 'n resensent homself

---

32) Catalogo della XXXII Esposizione Biennale Internazionale de' Arte Venezia, p. 163, no. 39 en no. 40; Berman, Venice Biennale, p. 314.

33) "Her Name is Meidjie", The Rand Daily Mail, datum onbekend.

34) "Art Highlights at Wits", 18th August, 1965.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





RECLINING NUDE

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor dieselfde werk van Kottler as volg uitgelaat: "There is a mulberry-wood'Figure' by Moses Kottler - a smaller, more mature, less innocent echo of his 'Meidjie'; a thing of beauty."[35)]

---

35) Eddy Sacks, "Inspiration Sculptured", August, 1965; Mary Packer,"'Harvest'-Of the Best from Art Shows", The Star, 18th August, 1965.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK V

## BESPREKING EN WAARDERING VAN KOTTLER SE VERNAAMSTE WERKE

### A. INLEIDENDE OPMERKINGS

Alhoewel Kottler sy vroeë jeugjare in 'n eenvoudige dorpsomgewing deurgebring het en hy byna nooit met enige kunswerke in aanraking gekom het nie, het hy nogtans op die vroeë ouderdom van ongeveer 4 jaar 'n besondere aanleg vir beeldhoukuns openbaar. Hy het homself altyd besig gehou deur allerlei voorwerpe uit klip, hout of leiklip te kerf.[1)]

Tot vandag toe is hy nog steeds die aktief skeppende kunstenaar. "Every Jew is at heart a lover of the arts, and a supporter of every art, movement at his birth."[2)] Die stelling is seer sekerlik ook op Kottler van toepassing.

Reeds in die vroeë geskiedenis van Israel het God, Besáleël "vervul met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk, om kunstige planne uit te dink, om dit uit te voer in goud en silwer en koper, en deur snywerk in stene wat ingelê word deur houtsnywerk; om werksaam te wees in allerhande werk."[3)] Getrou aan hierdie tradisie van sy volk het Kottler hom dit in sy beeldhouwerk ook ten doel gestel "to worship God in beauty and holiness."[4)]

Kottler staan vandag bekend as 'n kunstenaar wat daarna streef om uitdrukking te gee aan die werklikheid. Hierin slaag hy omdat hy 'n skerp waarnemingsvermoë besit, 'n diep gevoel vir die fynhede van uitdrukking en 'n be-

---

1) Sien Hoofstuk I.

2) Mary Norris, "Jewish Influences on South African Art", The Zionist Record Annual, 16th September, 1936.

3) Exodus 31: 3-5; Sien ook Arnott, B., Lippy Lipshitz, p.33.

4) Arnott, B., Lippy Lipshitz, p.34.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kwaamheid om deur te dring tot die wese van sy onderwerp: "Moses Kottler has many of the attributes that go to make up a sculptor of genius. Imagination, sincerity and the faculty of seizing the little things that indicate the character of his subject."[5)]

Eenvoud is Kottler se uitgangspunt sodat hy altyd die optimale resultaat verkry uit wat oënskynlik die minimum van inspanning verg: "Kottler has a fine sense of the value of bold simplicity of line; and his work never fails to appeal. Whatever the medium the result is always successful. This masterful simplicity has attained for Kottler a solid reputation not only in South Africa, but in Europe as well."[6)] Kottler se beeldhouwerk is nóg uitsluitlik modern, nóg uitsluitlik konvensioneel omdat hy hom by die ouer styl kan aanpas en nietemin waarderend teenoor sommige moderne neigings staan. Op 'n oordeelkundige wyse haal hy uit die moderne skool wat hy kan gebruik en wat by sy onderwerp pas. Hierin kan moontlik die rede vir sy sukses gevind word.[7)]

Kottler se styl word tot 'n groot mate deur die materiaal wat hy gebruik bepaal. In sy gemodelleerde werke is daar minder stilering as in die werke wat hy uit klip of hout gebeitel het. Hy maak gebruik van verskillende media wat hy almal ewe bedrewe hanteer. Dit bestaan veral uit verskillende klip- en houtsoorte van ons land. Nie net sy voorstelling van vorm nie, maar die hele ontwerp word sterk beïnvloed deur die karakter van die media. Alvorens Kottler sy beeldhouwerk uit klei, hout, klip of gips vorm, maak hy eers verskeie sketse: "I cannot think without a pencil in my hand. I must control it but the instinct

---

5) "The Art of Moses Kottler - A Worker in Wood and Stone", <u>The South African Architectural Record</u>, 1933, p. 194.

6) "Jewish Influences on South African Art", <u>The Zionist Record Annual</u>, 16th September, 1936.

7) Vergelyk "Moses Kottler se Werk", <u>Die Volkstem</u>, 17 September, 1932.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



comes through the pencil. I can make no image, but they're ridiculous, they don't come real until I have my pencil. Even a line affects my whole composition and I don't get what you call inspiration from literary ideas. Literary ideas have nothing to do with design, and art design is everything. A literary idea may give my a subject. Someone may suggest a subject. It means nothing until I have a pencil,"[8] het hy by geleentheid verklaar. Na voltooiing van sy sketse maak hy gewoonlik eers 'n model in was. Hiervan neem hy sy afmetings alvorens hy met sy finale werk begin. Kottler maak hoofsaaklik van twee tegnieke gebruik: (i) Hy modelleer sy werk in klei wat daarna in gips gegiet word of hy modelleer direk in gips. (ii) Hy maak gebruik van direkte kapwerk in sement, klip of hout. In geval van laasgenoemde medium dra die vorm en struktuur van die hout grootliks by tot die eind-resultaat van die finale werk: hy bestudeer telkens die hout noukeurig en ten spyte van sy skets of idee verander hy dikwels van idee om dit sodoende by die vorm van die hout aan te pas. Die grein van die hout is vir Kottler baie belangrik want hy gebruik die draad van die hout om vorm te gee aan sekere gedeeltes van die werk. Ten aansien van sy voorkeur van een tegniek bo die ander het hyself opgemerk: "Oh, I love modelling but I am happiest when I am carving."[9]

Kottler het verskillende genres beoefen: hy het portretopdragte van staatsmanne en van leidende figure op kulturele en geestelike gebied ontvang. Verder het hy dikwels ou boere met wie hy bevriend was en portretstudies van kennisse gemaak. Hy het 'n groot liefde vir die uitbeelding van kinders, blank of bantoes. Verder het hy verskeie figuurstudies van jong vroue, klein Bantoe-meidjies, die Moeder en Kind tema en verskeie reliëfs in hout, klip of sement gemaak. Afgesien hiervan het hy ook 'n groot verskeidenheid openbare monumente wat hoofsaaklik in Johannesburg en

---

8) The Zionist Record Annual, October, 1951, p. 45.

9) The Zionist Record Annual, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pretoria is, voltooi. Dit blyk dus dat Kottler 'n veelsydige kunstenaar is wat 'n indrukwekkende bydrae tot die beeldhoukuns in Suid-Afrika gelewer het. Sy belangrikste bydrae is egter nie sy openbare monumente nie; maar portrette en vrye persoonlike werke. Hier het hy geleentheid gehad om spontaan aan sy persoonlike opvallings, sonder die inmenging van komitees met hulle reëls en voorwaardes, uiting te gee: "Hy is 'n liefhebber van Opregtheid en Waarheid - dit is van selfsprekend uit al die werk wat hy gelewer het. Oordrewe gevoeligheid en gemaaktheid is volkome vreemd aan Kottler en aan sy kuns; en om te verklaar dat die man se kuns die man self is, is slegs met ander woorde gesê wat Zola in sy bondige definisie van kuns uitgedruk het: 'Kuns is 'n hoekie van die skepping gesien deur 'n temperament.'"[10)]

Kottler se werke kan as volg ingedeel word:

1. Portrette
2. Figuurstudies
3. Reliëfpanele
4. Monumente

B. PORTRETTE

Die portrette val onder twee afdelings: (i) Opdragte en (ii) Vrye werk.

(i) Portretopdragte

Kottler het verskeie opdragte ontvang om borsbeelde van staatsmanne te maak. In hierdie afdeling van sy portretkuns was hy altyd aan sy onderwerp gebonde, terwyl die werk ook gewoonlik in 'n voorgeskrewe medium, meestal brons,

---

10) Moses Kottler - Skepper van die Borsbeeld van Genl. Christiaan de Wet, Die Burger, Nuwejaarsnommer, p. 15.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitgevoer moes word. Hy dwaal nooit op onnodige besonderhede nie, maar benader sy onderwerp direk met 'n besliste bewustheid van wat hy wil vertolk. Sy portrette toon altyd 'n verbasende gelykenis met die sitters. Dis egter duidelik dat die gelykenis by hom nie hoofsaak is nie. Eerder streef hy na karakteruitbeelding.[11)]

a) Generaal G.C. de Wet

Hierdie borsbeeld was Kottler se heel eerste opdrag wat hy in 1923 ontvang het. Die karaktertrekke op die ou generaal se gelaat, sy majestueuse hoof en vierkantige, sterk skouers is opvallend. Ons herken die held van vele veldslae en beheerser van Boerekommandos. Daar spreek krag uit die skerpsiende oë, die wenkbroue en die neus. Om die mond is daar 'n onverbiddellike trek.[12)] Kottler het die generaal weergegee soos hy hom leer ken het.: "Ek het aan die beeld niks bygevoeg cf weggelaat nie. Hier aan die nek sien jy 'n ligte swelsel, veroorsaak deur die siekte waaraan die generaal ly. Ook dit het ek getrou weergegee; dit is deel van hom, en as jy mooi oplet, sien jy selfs hoe dit daartoe bydra om die leeuagtige indruk van sy gestalte te verhoog."[13)]

b) Generaal J.B.M. Hertzog

Die borsbeeld het Kottler in 1926 gemaak. Toe die opdrag aan hom gegee is, was daar aanvanklik twyfel oor die stemming waarin Kottler die generaal sou uitbeeld. Dit was 'n moeilike keuse want hy wou die generaal uitbeeld soos hy

---

11) Vergelyk "Gevoelige Uitbeelder, Veral van Kinders," Suid-Afrikaanse Heldegalery, loc. cit.

12) Vergelyk Brander Wiles, "Moses Kottler - Skepper van die Borsbeeld van Genl. de Wet", Die Burger, loc. cit.

13) Uit die Lewe, Afrikaanse Beeldhouer, Die Burger, Januarie, 1924.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



altyd aan die publiek bekend was. Hierin het hy geslaag. Die innemende vriendelikheid en tegelyk die ietwat droefgeestige uitdrukking in die generaal se gelaat val mens dadelik op. Die oë het 'n eienaardige uitdrukking en daar is 'n effense glimlag om sy mondhoeke. Kottler stel ons generaal Hertzog voor soos hy in die gewone omgang was, soos iedereen hom geken het.

c) Generaal J.C. Smuts

Een van Kottler se suksesvolste werke was die borsbeeld van Generaal Smuts wat hy in 1949 voltooi het. "In this work he combines the finess of the great masters with a simplicity of line and directness of expression."14)
Hy openbaar 'n losser en ruwer beeldhoutegniek wat sterk herinner aan die tegniek van Rodin. In die portrette van die groot staatsmanne is dit veral die patriagale krag maar ook die groot eenvoud teenoor die lewe van hierdie mense wat Kottler uitgedruk het.15)

(ii) Vrye Portretwerk

In sy vrye portretwerk was Kottler minder genoodsaak om realisties te werk te gaan as by die meeste van sy historiese portrette. Gevolglik verskil sy vrye werke van sy opdragte omdat hy nou vry is om sy eie media, tegniek en onderwerpe te kies. Tog het hy altyd 'n treffende gelykenis gegee sowel van die sitter se gelaatstrekke as van sy persoonlikheid.

---

14) H.E. Winder, "A Pen Portrait of the 'Nudes' Creator", The Rand Daily Mail, 12th August, 1957.

15) Pat Stacey & Jean Hugo, "Moses Kottler", Die Lantern, Januarie, 1955, p. 246.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Veral die besondere kragtigheid, lewendigheid en forsheid wat Kottler deur middel van sy tegniek bereik is opvallend. Hy wend 'n sekere grofheid in sy tegniek aan wat hom in staat stel om veral by portrette van ouer mans die velweefsel treffend weer te gee. Hy verkry dit deur 'n forse behandeling van die klei. Kottler slaag daarin om op hierdie wyse 'n meer realistiese weergawe van die model te gee. Voorbeelde is die portrette van Professor de Vos (1920); Hoofregter J. de Villiers (1923); Bill Andrews (1939); Mnr. Holzer (1924) en eerwaarde Bender (1927).

Veral by die portretstudie van "Mnr. Holzer" (1924), is die suiwer oppervlakte opmerklik. Ook hier help die tegniek om die sterk persoonlikheid van die man uit te beeld. Die gelaatstrekke is taamlik grof en breed uitgebeeld en die uitdrukking op sy gesig is vriendelik. Dieselfde growwe afwerking tref ons aan by die portretstudie van "Eerwaarde Bender" (1927), vol sterk, kragtige karaktertrekke. Die hoof is fier en regop en daar is 'n sedige en bedaarde uitdrukking op die gesig. Veral as profiel geneem is dit opvallend.

Al Kottler se portretstudies is egter nie op hierdie growwe manier afgewerk nie. Ofskoon hy nooit gebruik maak van 'n heeltemal gladde afwerking soos Van Wouw nie, is sommige van sy mansportrette tog gladder as gewoonlik. As voorbeeld geld die portret van die klassikus "Professor B. Farrington" (1931), 'n fynbesnaarde, aristokratiese persoon met 'n intelligente oop gelaat, 'n breë voorkop, terwyl die haarlyn reeds diep inhamme gemaak het. Die portret van die Suid-Afrikaanse romanskrywer, "William Plomer" (1929) is op dieselfde manier afgewerk.

Kottler se vermoë as portretbeeldhouer kom veral tot uiting in sy talle studies van vroue; sowel blankes as nie-blankes. Die "Portret van 'n Jong Dame" (1922) bestaan uit 'n jong vrou se kop, slanke nek en skouers en is in gips Die portret herinner effens aan "Miss Eve Fairfex" van Rodin. Kottler het daarin geslaag om die vroulikheid van die

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





EERWAARDE BENDER

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jong dame op dieselfde wyse as Rodin uit te beeld. Kottler maak hier gebruik van 'n fyn modelleertegniek vir die gesig en van 'n effens growwer tegniek vir die hare en skouers. "Eva Kottler" (1930) is 'n portret van die kunstenaar se jong vrou. Hierdie werk skep 'n indruk van egte vroulikheid, en die fynbesnede gelaat getuig van 'n sterk persoonlikheid. Die driekwart-lengte portret van "Lady de Villiers" (1926) is 'n werk wat effens gestileer is, ofskoon dit 'n realistiese uitbeelding van die jong vrou bly. Dit stel 'n slanke en statige jong dame voor met 'n krans van puntige blare in haar hare, en hande wat met 'n halssnoer speel. By "Jong Dame" (1937) wys die gevoelige lyne van die lippe en die trek oor die oë op 'n tegniese vaardigheid. Die afwerking is van 'n effens growwer aard as wat met "Eva Kottler" die geval is. Die werk is een van die beste portrette van Kottler.

Kottler is besonder lief vir kinders. Hy slaag uitstekend daarin om die kindergemoed te peil en uit te beeld. In een van sy heel vroeë kinderportrette "Cassie" (1924), die dogtertjie van Neville Lewis, gebruik hy 'n gladde afwerking waardeur die sagtheid van die kindervelletjie beklemtoon word. "Gregoire"[16] (1925) is 'n halflyf studie van 'n jong seuntjie. As gevolg van die kind se houding, die reguit neus met hoë voorkop, die lang vierkantige kop en die behandeling van die hare, laat hierdie beeldjie effens aan die Egiptiese kuns herinner.[17] "Charlotte" (1926) die baba van sy niggie, is miskien een van sy beste kinderportrette.[18] Veral die sagte ronde vorms van die koppie, die voorkop, neusie en kennetjie is opvallend. Die werk weerspieël Kottler se voorliefde vir die vereenvoudigde vorm.

---

16) Gregoire Boonzaaier, bekende kunsskilder in Kaapstad.

17) Vergelyk Brander Wiles, "Moses Kottler - Skepper van die Borsbeeld van Genl. de Wet", Die Burger, loc. cit.

18) Mev. Charlotte Perold, eggenote van Professor G.W. Perold van die Randse Afrikaanse Universiteit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

84A



JONG DAME

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Denys" (1938) is 'n portretstudie van Kottler se enigste seun op vierjarige ouderdom, met los, half deurmekaar hare wat op sy voorkop hang, groot oë en 'n sensitiewe mondjie. "Portrait of a Child" (1943) is die portret van 'n klein dogtertjie, met 'n kop wat effens gebuig is en 'n halfoop mondjie. Dit is merkwaardig hoe die beeldhouer daarin slaag om so 'n verbyvlietende oomblik vas te vang en weer te gee: "Kottler sal altyd bekend wees as een van die teerste en suiwerste vertolkers van die kind met al sy skugterheid, verwondering en bekoorlike naïwiteit."[19]

Bantoes en Kleurlinge het vir Kottler 'n rykdom van ander werke gebied met 'n oorwegende voorkeur aan jong meidjies as modelle. Kottler besit die gawe om met die eenvoudigste lyne en vorme slegs die belangrikste te kan weergee. "Hottentot-Meidjie" (1922, gips) toon 'n profiel met 'n plat, klein neusie en uitstaande lippe wat 'n mooi lyn met haar kopdoek vorm wat agter die dun nekkie vasgebind is. Die portret is vol kalmte en sagte skoonheid, wat alleen Kottler met sy eenvoud kan bereik.[20] "Nadenkende Meidjie" (1927, hout) beeld 'n jong kleurlingmeidjie uit wat haar kop op die regterhand rus, met toe oë en half weemoedige trek om die mond verkry sy 'n diepe bepeinsing. Die afwerking is uiters eenvoudig en net die vernaamste trekke is weergegee. "Tokkie, 'n Bruinmeidjie" (1918, brons) is 'n tipiese naturelle kind met 'n breë plat neus, groot, dik lippe en kroeserige hare. Hy maak hier gebruik van 'n gladde afwerking. In teenstelling met "Nadenkende Meidjie" of "Hottentot-Meidjie" druk hierdie werk 'n vrolike stemming uit.[21]

Daar is talle portretstudies van Bantoemans en Bantoevroue deur Kottler. 'n Gewese Bantoebediende van die Kottlers, "Lizzie" (1943, brons) is 'n voortreflike portret-

---

19) "Gevoelige Uitbeelder, veral van Kinders", Suid-Afrikaanse Heldegalery, loc. cit.
20) Vergelyk "A Sculptor of South Africa", The Christian Science Monitor, loc. cit.
21) Vergelyk Prof. M. Bokhorst, Kuns in Suid-Afrika, p.49.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



studie, grof afgewerk en vol realisme. Daar is 'n effense glimlag om haar mond en 'n frons tussen haar oë.

## C. FIGUURSTUDIES

Die mens as motief speel 'n belangrike rol in Kottler se vrye werke. Dit is opvallend dat hy die menslike figuur, en veral van die vrou, gebruik om te simboliseer. Tydens sy besoek aan Frankryk in 1914 het Kottler onder die invloed van sekere Paryse Kubiste gekom en ook in abstrakte rigting geëksperimenteer. Hy het werke van Alexander Archipenko (geb. 1887) en Raymond Duchamp-Villon (1876-1918) gesien en hy het 'n paar figuurstudies volgens hierdie Kubistiese opvatting gemaak. "Figuurstudie" (1918, sement) is hiervan 'n voorbeeld. Die vroue liggaam, 'n halflyf figuurtjie bly wel herkenbaar, maar dit is in strenge geometriese vlakke uitgevoer. "Aanranding" (1919, sement) is ook tiperend van hierdie Kubistiese styl. Alle liggaamsdele van die twee worstelende figure is herkenbaar. Daar is slegs van stilering gebruik gemaak en nie van verwronging nie. "Moeder en Kind" (1918) bestaan uit 'n sittende Bantoemoeder met haar hoof na links agter gedraai sodat dit die kop van die baba wat op haar rug sit, raak. Sonder om tot sentimentaliteit af te dwaal slaag Kottler daarin om die liefde van die moeder vir haar baba uit te beeld. Dit is opmerklik dat Kottler alle onnodige besonderhede weglaat en hom slegs tot die noodsaaklike in die liggaam van die moeder en kind beperk.

Vanaf die twintigerjare lê Kottler hom meer op realistiese figuurstudies toe. In wese is hy egter nie 'n ware realis nie. Sy uitgangspunt bly die werklikheid en dit vereenvoudig hy tot 'n samestelling van plastiese vorme. Selfs in party van sy latere figuurstudies word die Kubistiese styl nog in 'n geringe mate aangetref. Op 'n oordeelkundige wyse haal hy uit die moderne opvattings wat hom pas, en veral wat sy onderwerp pas. Op hierdie manier slaan

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy die gulde middeweg in.[22]

"Meidjie" (1920, hout) is 'n tingerige Hottentot=meidjie wat voor haar uitstaar met 'n half skaam, half neerslagtige en suspisieuse uitdrukking op haar eiervormige gesiggie. Met haar dun silindervormige lyfie staan sy kersregop. Haar hande is saamgevou en deur middel van 'n eier wat sy vashou, simboliseer Kottler die vrugbaarheid. Die beeld verpersoonlik 'n onskuldige adolessent op die drumpel van volwassenheid.[23] Haar kop is met 'n mussie wat agter haar kop in 'n tuitjie hang, bedek - 'n heel eenvoudige versiering.[24]

"Bird Bath" (1926) is 'n sittende meisiefiguur vol fyngevoeligheid in vormgewing en lynespel met haar linkerhand na vore uitgestrek asof sy iets vra, en haar regterarm gebuig sodat die rugkant van haar regterhand net haar gesig raak. "Sittende Vrouefiguur" (1930, brons) herinner sterk aan die beeldhouwerk "Mediterranean"[25] van Aristide Maillol (1861-1944). Kottler toon in hierdie vrouefiguur 'n voorliefde vir geronde vorme wat hy soms stileer. "Bird Bath" (1935, klip) is 'n jong naakte meisie wat sit met al bei haar bene gebuig. Haar arms is skouerhoogte gelig en hou die bak waarin die voëls bad, agter haar kop vas. Haar kop is effens opgelig asof sy die voëls in die lug dophou. In hierdie werk maak Kottler weer gebruik van 'n gladde afwerking om sodoende die sagte effens gesette, vol ronde liggaam soveel meer te beklemtoon. Daar is geen detail nie, selgs suiwer lyn en gestileerde vlakke. Tot hierdie styl behoort ook die "Moeder en Kind" (1943, stinkhout). Dit stel 'n Bantoemoeder voor, halflyf, wat met toewyding en liefde na haar baba op haar regterheup afkyk.

---

22) Sien Stacey, Pat en Hugo, Jean, Moses Kottler, Die Lantern, loc. cit.

23) "The Art of Moses Kottler - A Worker in Wood and Stone", The South African Architectural Record, 1933, p. 194.


24) Prof. M. Bokhorst, Kuns in Suid-Afrika.

25) Oskar Reinhart Collection, Winterthur, Switzerland.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

87A



HOTTENTOT-MEIDJIE

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die werk is realisties uitgebeeld met slegs 'n geringe stilering. Die pragtige kleur van die hout dra baie by tot die aantreklike voorkoms van die werk. "Kottler has a fine sense of the value of bold simplicity of line, and his work never fails to appeal. Whatever the medium the result is always successful. This masterful simplicity has attained for Kottler a solid reputation, not only in South Africa but in Europe."[26)]

In "Reclining Woman" (1936, dioriet) is dit veral die spel van glansende rondings van die ledemate wat opval. Kottler se besondere gevoel vir die vereenvoudigde vorm is weer eens opmerklik. Die swaar groot hande en voete van die vrouefiguur is eintlik in verhouding tot die liggaam gesien, te groot. Kottler beklemtoon die stewigheid in die figuur. Dieselfde vormgewing word by"Wooden Carving" (1936) aangetref, 'n staande bantoemeidjie met besondere dik en swaar bene en arms. Dis asof hy hier die aandag meer op die liggaam wil laat konsentreer as op die hoof. Telkens wanneer Kottler 'n Bantoefiguur verbeeld, is dit meer die figuur self as die kop wat sy aandag boei.[27)]

Tans is Kottler besig om "Vrou met Pot op Haar Kop", 'n figuurstudie in hout van 'n Bantoevrou, te voltooi.[28)] Dit is nie so sterk gestileer soos "Meidjie" of "Wooden Carving" nie. Dit lyk asof die kunstenaar se voorliefde vir die natuurlike realistiese figuur tog meer voorkeur geniet. Hierdie werk openbaar weer sy vermoë om die grein van die hout op so 'n wyse te benut dat dit meehelp tot vorming van die liggaamsdele. Daar is sterk rekening gehou met die vorm van die houtstomp by die plasing van die voete.

By Kottler se figuurstudies is dit veral opvallend

---

26) Mary Norris, "Jewish Influences on South African Art", The Zionist Record Annual, 16th September, 1936.

27) Sien Stacey, Pat en Hugo, Jean, "Moses Kottler", Die Lantern, loc. cit.

28) November-Desember, 1971.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat sy kuns emosionele begrip vertoon, en van voortreflike vakmanskap in brons, klip, gips en hout spreek. Sy werk is oor die algemeen vry, ritmies en sensitief van vorm en fisiese uitbeelding.[29)]

## D. RELIëF PANELE

Alhoewel Kottler in sy vrye persoonlike werk baie aandag gegee het aan portret- en figuurstudies, het hy nogtans 'n aantal reliëfs in sement en hout voltooi. Sy fyn gevoel vir ontwerp het uitdrukking gevind in 'n paar vlakverhewe beeldhouwerke. Een van sy heel vroeë reliëfs, "Die Twee Susters"[30)] het hy in 1915 voltooi. Dit is in grys sement gegiet. Twee meisiefigure wat styf langs mekaar gehurk sit en hande vashou is met suiwer lyngebruik uitgebeeld. Die figure is glad afgewerk en vertoon goed teen die agtergrond van konvensioneel uitgevoerde turksvye.

In 1918 maak Kottler 'n reliëf in sement vir 'n skoorsteenmantel: "Woodgatherers". Dit bestaan uit 'n vooroorgebukte vrouefiguur wat 'n vrag hout op haar skouers tel; dit is sy eerste geklede figuur. Die lang rok wat in effens gestileerde plooie uitgevoer is, doen geensins afbreek aan die liggaam nie. Deur vereenvoudiging bereik hy in die reliëf 'n fynberekende vloeiende lyn wat die werk besonder dekoratief maak.

Kottler gee in sy houtreliëfs voorkeur aan die uitbeelding van bybelverhale. Voorbeelde hiervan is "Moses and the Daughters of Jethro" (1953); "The Rebuilding of the Temple" (1949) en "Ruth and Naomi" (1951). Die werke is opgebou uit 'n samestelling van geklede figure wat op so 'n wyse langs en voor mekaar geplaas is dat hulle ritmies=lewendige dekoratiewe panele vorm. Die figure is effens gestileer en daar is gebruik gemaak van lig en donker. Nie

---

29) Sien ook Jeppe, Suid-Afrikaanse Kunstenaars. p.133.
30) Ook bekend as "Sister Love".

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



een van bogenoemde reliëfs vertoon onnodige besonderhede nie. In "The Rebuilding of the Temple" (1949) word die bou van die muur van Jerusalem uitgebeeld. Die verhaal is gegrond op Nehemia 4: 18.[31] In die middel van die voorgrond staan die halflyf figuur van Nehemia met sy swaard aan sy sy. Langs hom, effens meer na agter, staan die basuinblaser wat hom ingeval van gevaar moes waarsku. Die skuins gedraaide figuur van Nehemia met sy arms wat weerskante uitgestrek is, vorm 'n diagonale lyn op die voorgrond. Kleiner diagonale lyne word in die agtergrond bereik deur skuins figure, gereedskap, lere asook die muur self. Daar is slegs geringe stilering in die figure wat aan die reliëf 'n aantreklike voorkoms verleen.

## E. MONUMENTE

Kottler het 'n aansienlike bydrae op die gebied van openbare monumente in Suid-Afrika gelewer. Voor 1930 het hy hom hoofsaaklik op vrye persoonlike werke toegespits[32] en eers nadat hy in Johannesburg kom woon het, het hy roem verwerf met verskillende monumente in Johannesburg en Pretoria. Hierdie monumente kan in drie groepe ingedeel word.

### (i) Histories-Realistiese Monumente (Figure)

#### a) President T.F. Burgers, (Pretoria, brons)

Hierdie werk is nie net van belang vanweë sy estetiese oogpunt nie maar veral ook weens kultuur-historiese waarde. Kottler het in 1950 'n opdrag van die Pretoriase Stadsraad ontvang om die standbeeld van President T.F. Burgers vir Burgerspark in Pretoria te maak. Hy beeld Presi-

---

31) "...... en die bouers het elkeen sy swaard aan sy heupe gegord en gebou terwyl die basuinblaser by my gestaan het."

32) Hy het 'n aantal opdragte vir borsbeelde ook voltooi.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dent Burgers uit as 'n lang, slanke figuur op 'n lae breë voetstuk wat die massiwiteit van hierdie stoere Boerefiguur nog meer laat uitkom. Die sukses van die beeld is veral daaraan te danke dat Kottler as tipies Joodse gevoelsmens, die vermoë besit om diep deur te dring tot die menslike persoonlikheid. Om hierdie rede het hy daaraan voorkeur gegee om President Burgers as 'n verfynde sensitiewe gevoelsmens uit te beeld. Burgers met sy lang baard, gekleed in die drag van 'n Staatspresident is met slegs geringe stilering soos 'n pleiter uitgebeeld, nie in die juridiese sin van die woord nie, maar 'n pleiter van die waardigheid van die mens en vir die waarde van die menslike gees, redelik en suiwer van bedoeling. Die kontras tussen die geslotenheid van die regterhand wat 'n pleitende gebaar is, benadruk die tweeledigheid van die President. Hierdie tweeledigheid spreek ook uit die onderskrif naamlik "in de school der beproeving een volk wordt gevormd."[33]

b) <u>Lugpioniers (Jan Smuts Lughawe)</u>

In 1953 het Kottler van die B.O.A.C. lugredery 'n opdrag ontvang om 'n standbeeld van die twee Suid-Afrikaanse lugpioniers, Sir Pierre van Ryneveld en Sir Quintin Brand te maak. Hy het die twee pioniers in 'n staande posisie langs mekaar geplaas; die arm van die een om die skouer van die ander. Hulle dra die outydse uniforms, valhelms, brille leerbaadjies en skoene wat destyds deur lugpioniers gedra was. Daar is geen fyn hinderlike besonderhede wat moontlik afbreek sou kon doen aan die monument nie. Kottler maak weer van 'n geringe stilering en 'n effens growwe afwerking gebruik wat kenmerkend is van al sy monumente. Rondom die voetstuk is daar in 'n lae reliëf verskeie vliegtuie wat deur die Britse- en Suid-Afrikaanse lugredery gebruik is.

---

33) Bokhorst, "Kottler's Burgers. Een Voorname Kunstwerk", <u>Die Nederlandse Post</u>, loc. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## (ii) Histories-Simboliese Monumente, (Gebeurtenisse)

### a) War Memorial (Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg

In 1967 het die Universiteit van die Witwatersrand 'n kompetisie uitgeskryf vir 'n standbeeld ter nagedagtenis van sy studente, gegradueerdes en personeellede wat tydens die twee Wêreldoorloë en in die Koreaanse oorlog gesneuwel het. Die opdrag is uiteindelik aan Kottler toegeken.[34)]

In hierdie monument maak Kottler van drie naakte, staande figure gebruik wat 'Opoffering' simboliseer. Die styl van die monument is nie weer realisties soos wat dit in die geval van die histories-realistiese monumente was nie maar eerder impressionisties en gestileerd. Telkens wanneer Kottler met simboliese voorstellings te doen het neem hy dikwels sy toevlug tot die gestileerde stylvorm. Dit het blykbaar beter beantwoord aan sy doelstellings. "War Memorial" is sy enigste histories-simboliese werk. Die wreedheid en smart wat met 'n oorlog gepaard gaan word nie uitgebeeld nie. Hy beperk hom tot die gebaar van drie gesonde jongmense wat hulle self opoffer. Die jongman aan die linkerkant wys met sy hand na die lug en simboliseer daarmee: "Daar is dit geskryf. Dit is die rede vir ons dood." Richard Cheales beskryf die simboliek van die monument as volg: "There is, about these figures, an atmosphere of that uncomprehensible silence that makes death terrifying and emotionally unmangeable for those who continue to live and mourn. For me, the artist mainly gives a message of acceptance. A feeling of resignation to the worlds madness rather than futile wishful thinking that man will ever really rise above being a destructive creature, especially in times of war. The artist seems deliberately to have witheld emotion choosing a modern clear-eyed honesty and forthrightness to depict what others might possibly

34) Sien Hoofstuk III, p. 60.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



have expected to be treated a mite more histrionically."[35]

(iii) Dekoratief-Simboliese Monumente (Algemene Motiewe)

Tot hierdie soort monumente word daardie werke gereken wat by openbare geboue 'n versieringsfunksie vervul en terselfdertyd uitdrukking gee aan die doel waarvoor die geboue opgerig is. Kottler het veral by hierdie dekoratief-simboliese werke sy eie persoonlikheid na vore gebring.

Tiperend van hierdie monumente is dat vir simbolisering hoofsaaklik van die menslike figuur gebruik gemaak is. Met die uitsondering van "President Burgers", "Lugpioniers" en "Justitia" bestaan al Kottler se ander monumente uit halfnaakfigure. Kottler self is van mening dat "human bodies are God's creation and as artistically beautiful as a well-formed horse or cat."[36]

a) Biblioteekfigure (Openbare Biblioteek, Johannesburg)

In 1932 het Kottler sy heel eerste openbare opdrag ontvang. Die Stadsraad van Johannesburg het Kottler opdrag gegee om agt figure van wonderklip, elkeen nege voet hoog, wat boekekennis as tema moes hê, te maak. Kottler het agt muse gekies wat litèratuur, filosofie, poësie, geskiedenis, musiek, beeldhoukuns, skilderkuns en argitektuur voorstel. Hy maak hier gebruik van halfnaak effens gestileerde figure wat elkeen van 'n ligte drapering voorsien is. Elkeen is 'n bewys van Kottler se sterk verbeeldingskrag en oorspronklikheid.

Op heel eenvoudige wyse het Kottler hierdie agt muse

35) "Kottler goes for Honesty and Avoids Emotion", Entertainment and the Arts, The Star, Tuesday, 3rd December, 1970.

36) "Kottler Defends his Nude Figures", The Rand Daily Mail, Monday, 23rd November, 1970.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as volg uitgebeeld: Musiek word gesimboliseer deur 'n vrouefiguur met 'n musiekinstrument in haar arms; Literatuur word deur 'n mansfiguur met 'n boek in sy arm gesimboliseer; 'n vroulike muse simboliseer Skilderkuns - sy hou 'n palet en verfkwaste vas; Beeldhoukuns word gesimboliseer deur 'n groot frisgeboude mansfiguur met massiewe, sterk hande en met 'n vrouetorso op die voorgrond; Argitektuur word deur 'n man met 'n aantal modelle van geboue in sy arms, uitgebeeld; die manlike figuur wat Filosofie simboliseer rus met sy kop op sy regterhand en is 'n toonbeeld van 'n man in diepe bepeinsing; Geskiedenis word gesimboliseer deur 'n manlike figuur met 'n aardbol in sy arms en Poësie het hy uitgebeeld deur 'n man met 'n manuskriprol in sy een hand. Met hierdie agt figure het Kottler reeds in 1935 bewys gelewer dat hy een van Suid-Afrika se belowendste jong beeldhouers was.

b) Justitia (Magistraatskantoor, Johannesburg, Wonderklip)

Kottler het hierdie werk in 1935 vir die nuwe Magistraatskantoor voltooi: Dit is 'n staande geblinddoekte vrouefiguur, agt voet hoog, in 'n lang gedrapeerde kleed aangetrek. In haar hande het sy haar attribute, die swaard en die weegskaal. Alhoewel Kottler se styl hier oorwegend realisties is maak hy weer gebruik van 'n geringe stilering. Dit val veral op in die diep plooie van haar kleed. Die vertikale lyne wat hierdie plooie vorm pas mooi aan by die twee vertikale suile aan weerskante. Statig en rustig staan die figuur bokant die hoofingang van die gebou waar dit die simboliek van geregtigheid versinnebeeld.

c) Mother Earth, Labour and Science (Anglo Americangebou, Johannesburg)

In 1941 het Kottler sy derde openbare opdrag ontvang. Sir Ernest Oppenheimer het Kottler opdrag gegee om 'n beeld-

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groep vir die hoofkantoor van Anglo-American-groep te maak. As tema het Kottler 'n moeder met haar twee seuns gekies wat die ondernemingsgees asook die wel en weë van die mynbedryf in Suid-Afrika simboliseer. Dit bestaan uit drie halfnaak lewensgroot figure in sittende houding: 'n moeder in die middel wat "Mother Earth" voorstel en aan weerskante van haar, haar twee seuns "Science" en "Labour". Die plasing van die arms en die bene vorm 'n sodanige komposisie dat die lyne wat gevorm word, die oog lei na die hand van die moeder waarin 'n eier lê wat vrugbaarheid simboliseer. Die seuns is, behalwe hulle hande, identies uitgebeeld omdat daar, volgens Kottler, nie 'n onderskeid bestaan tussen arbeid en wetenskap nie. In die uitbeelding van die twee seuns se hande bestaan egter opmerklike verskille. "Labour" se hande is half oop - gereed om enige arbeid te verrig, terwyl "Science" se hande ontspanne hang en die hande 'n denker verpersoonlik. Dit is 'n mooi werk maar dit is op die verkeerde plek opgerig waar dit nie tot sy reg kom nie, naamlik in die binneplaas van die gebou waar die trappe, gange, geute, vensters en uitlaatpype rondom die werk bowendien esteties steurend is. Verder is dit plat op die grond op 'n lae voetstuk geplaas en waardeur dit geensins goed vertoon nie: Indien dit voor die gebou op 'n hoër voetstuk opgerig was, sou die geheelindruk baie beter gewees het.

d) <u>Man and Woman (William Humphreys Kunsgalery, Kimberley)</u>

In 1957 het Kottler opdrag ontvang vir 'n beeldhouwerk van ongeveer 7' x 5' vir die westelike gewel van die Bevolkingsregistergebou in Pretoria. Die werk wat uit wonderklip gebeitel is, bestaan uit twee halfnaak staande figure van 'n man en 'n vrou wat na die Suid-Afrikaanse vlag bokant hulle kyk. In hierdie werk maak hy gebruik van 'n strenge stilering wat 'n besondere dekoratiewe effek daaraan verleen. Hoewel alle liggaamsdele herkenbaar en anato-

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

95A



MOTHER EARTH LABOUR AND SCIENCE

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mies korrek is, is die geheel op 'n geslaagde wyse vereenvoudig tot plat vlakke en hoekige lyne. Die plasing van hulle bene, effens weg van mekaar dra grootliks by tot die sukses van die komposisie. Op 'n eenvoudige dog treffende wyse beeld Kottler twee jong mense uit wat die groei van 'n nasie simboliseer.

Soos reeds vroeër daarop gewys is, het baie meningsverskille ten aansien van die aanvaarbaarheid van die beeldgroep op morele grondslag, daartoe gelei dat dit later van die betrokke gebou verwyder is en is tans in die William Humphreys Kunsgalery in Kimberley.[37)]

e) Fonteinbeelde (General Mininggebou, Johannesburg)

In 1957 het Kottler 'n opdrag ontvang vir twee fonteinbeelde vir twee binneplase van die General Mininggebou in Johannesburg. Die een groep bestaan uit drie halfnaak figure: In die middel is 'n grasieuse jong meisiefiguur in sittende houding wat haar hare vashou. Aan weerskante van haar is twee lêende figure wat die samevloeiing van die Vaal- en die Oranjerivier simboliseer. Die tweede fontein is versier met 'n staande seenimf, gekleed in 'n ligte drapering, wat aan weerskante van haar twee visse vashou. In hierdie werk kom Kottler se voorliefde vir die geronde vorme sterk na vore. Die werke is vol eenvoud terwyl besonderhede vermy is.

f) Strewe (Transvaalse Provinsiale Administrasiegebou, Pretoria)

In 1960 is aan Kottler versoek om vir die suid-westelike ingang van die gebou 'n beeldgroep te ontwerp. Die werk "Strewe" bestaan uit drie halfnaak figure wat streef om nog groter hoogtes te bereik: Die sentrale mansfiguur

---

37) Sien Hoofstuk III, p. 53.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



strek sy linkerhand uit na sy vrou aan sy sy om haar, wat streef om orent te kom, te steun terwyl hy sy regterhand in gebed verhef sodat die Goddelike Alvermoë dit kan neem en hom na sy eindbestemming lei. Die derde figuur, 'n jong man, verhef biddende hande na bo terwyl hy probeer om self op te staan. Hierdie drie figure simboliseer die Volk van Suid-Afrika wat daarna streef om sy eindbestemming te verstaan en te bereik. Net soos die ander openbare monumente van Kottler word die figure gekenmerk deur realistiese vorme wat gestileer is. Die werklikheid is vereenvoudig op 'n manier wat eie is aan Kottler se kuns en wat sy monumente soos ook in hierdie geval 'n ereplek in die beeldhoukuns van Suid-Afrika gee.

g) Drie fonteinbeelde (Burgersentrum, Stilfontein)

In 1961 ontvang Kottler opdrag vir drie standbeelde wat drie goudmyne in Wes-Transvaal, Stilfontein, Buffelsfontein en Hartbeesfontein moes simboliseer. Die uiteindelike werk was bestem as versiering van die nuwe Burgersentrum in Stilfontein. Kottler se keuse het weereens op die menslike figuur geval en hy maak gebruik van drie halfnaakte figure, een vrou en twee mans. Die vrou simboliseer Stilfontein - sy sit gehurk met haar hande waaruit water loop, voor haar uitgestrek. Kottler slaag daarin om "Stilfontein" te simboliseer deur die kalm en rustige vrouefiguur. Hartbeesfontein word gesimboliseer deur 'n knielende halfnaakte jongman wat die kop van 'n hartbees vashou. Die derde sittende mansfiguur hou die kop van 'n buffel vas as simbool vir Buffelsfontein.

1) Serenity and Love (Waterraadgebou, Johannesburg)

Soos reeds geblyk het toon Kottler 'n besondere lief-

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



de vir die moeder en kind tema.[38] Ter versiering van die hoofkantoor van die Randse Waterraad in Johannesburg, voltooi hy in 1965 'n groep van 'n moeder en kind wat bekend staan as "Serenity and Love". Die werk bestaan uit 'n naakte staande moederfiguur, nege voet hoog wat haar arms uitstrek na haar kind voor haar. Waar hulle hande aan mekaar raak, spuit water uit. Die kenmerkende vereenvoudigde vorme wat so tipies is van Kottler se kuns, is ook in hierdie werk weer toegepas. Eenvoud bly deurgaans hoofsaak by hom. Nooit het hy in sy uitbeelding van figure enige neigings tot sentimentaliteit of oppervlakkigheid getoon nie: "It will be patent to the most superficial observer that the work of Kottler bears the stamp of the masterhand. It is strong, it is virile, above all, it is healthy. Arresting without being startling, individual without being freakish or outré, it has an abiding serenity about it which is like that of the mountains: there is something of the eternal about it - it is deep and very wise. His work looks out upon the world with calm steady eyes: it carries with it that inimitable air of assurance, of tranquility which immediately proclaims it the work of the man of genius. His is the deeply penetrating eye which sees deep into the heart of things. All the flippancies, the superficialities he casts aside, he brings to light the hidden soul of a man, exposing its concealed beauties, baring to the gaze of mankind those obscure yet very real loveliness which constitute individuality. His figures live, they are not merely ontward physical forms. The soft tender skin of a child he creates, and the fierce aggressive soul of a man of mighty deeds."[39]

---

38) Sien p. 79.

39) Purwitzky, "Moses Kottler and His Work", <u>The Zionist Record Annual</u>, 2nd January, 1925, p. 17.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BIBLIOGRAFIE

## A. ONDERHOUDE

1. Moses Kottler : Johannesburg
18.3.69, 17.5.69, 16.7.69, 16.8.69, 25.10.69, 21.3.70, 18.4.70, 6.6.70, 25.7.70, 22.8.70, 24.4.71, 22.5.71, 17.7.71, 21.8.71, 28.8.71, 5.9.71, 12.9.71, 1.10.71, 10.10.71.

2. Prof. dr. M. Bokhorst : Kaapstad
18.1.70.

3. Mev. F. Baron : Pretoria
21.5.70.

4. Mev. R. Gordé : Johannesburg
16.7.71.

## B. BOEKE

1. Alexander, F.L., : Kuns in Suid-Afrika, Skilderkuns, Beeldhoukuns en Grafiek sedert 1900, Kaapstad, 1962.
2. Arnott, B. : Lippy Lipshitz, Cape Town, 1969.
3. Battiss, W. : South African Paint Pot, "The Art of the White Man", Pretoria, 1941.
4. Berman, E. : Art and Artists of South Africa, Cape Town, 1970.
5. Bouman, dr. A.C. : Kuns in Suid-Afrika, Pretoria, 1938.
6. Gutsche, T. : 'n Spoggerige Medalje, Kaapstad, 1970.
7. Jeppe, H. : Suid-Afrikaanse Kunstenaars, Johannesburg, 1964.
8. Lewis, D. : The Naked Eye, Cape Town, 1946.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9. Ons Kuns, deel I : Pretoria, 1960.

10. Scholtz,prof.A.du P: Strat Caldecott, Cape Town, 1970.

11. Suid-Afrikaanse Kuns van die Twintigste Eeu, Kaapstad, Pretoria, Human en Rousseau, 1966.

12. Thieme, U., Becker, F.: Allgemeines Lexikon der Bildenden Kunstler, Leipzig, Verlag von E.A. Seemann, 1922.

C. KATALOGUSSE

1. Biennale Internazionale D'Arte, XXXII, Venezia, 1964.

2. Exhibition of Contemporary South African Art, Cape Town, 1952.

3. Exhibition of Contemporary South African Paintings and Sculpture, Tate Gallery, London, 1948 - 1949.

4. Inligting Brosjure van General Mining and Finance Corporation, Limited. Reprint from S.A. Government Information Office publication "Panorama", January, 1960.

5. Moses Kottler - Katalogus van Tentoonstelling van Beeldhouwerke, Macfadyensaal, Pretoria, 1932.

6. Rykstentoonstelling Katalogus, Johannesburg, 1936.

7. South African National Gallery, South African Painting and Sculpture, Cape Town, 1970.

8. Transvaalse Provinsiale Administrasie, Inwyding van die Provinsiale gebou, 27 November, 1963.

9. William Humphreys Art Gallery, Summory Guide, Kimberley, 1964.

D. TYDSKRIFTE

1. Aucamp, G : "Gevoelige Uitbeelder, Veral van Kinders", Suid-Afrikaanse Heldegalery, p. 233.

2. Bokhorst, prof.dr.M: "Kottlers Burgers", Nederlandse Post, Desember, 1953, Jaargang VII, No. 8.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Bokhorst, prof.dr.M: "'n Kuns van 'n Kwarteeu", Standpunte, Jaargang IX, No.3, 1945.

4. Bosman, F.C.L. : "Beeldende Kunste in Suid-Afrika. 1900 tot Vandag", Helikon, Volume 6, No.25, September, 1946, p.37-44.

5. Brander : "Kottler", Nuwe Brandwag, Volume 1, No.2, Mei, 1929, p. 149 - 152.

6. Du Plessis, E. : "Suid-Afrikaanse Kunstenaars in London", Nuwe Brandwag, Volume 3, No.2, Mei, 1931, p. 100 - 109.

7. Erasmus, P.M. : "The Johannesburg Art Gallery", Artlook, January, 1970, p.7-9.

8. "Generaal Hertzog", Huisgenoot, Die -, 6 Mei, 1927.

9. Helikon, Jaargang 5-6, September, 1955, p. 41.

10. Hora : "Sculptor of Famous South Africans", Ivri Onouchi, Volume 8, No. 82, 1 November, 1929, p.19-20.

11. Kreitner, dr. L.B. : "In Moses Kottler's Studio", Trek, March, 1951, p. 33-35.

12. Lewis, B. : "Art and Artists in South Africa", Cape Times Annual, 1932, p. 28-30.

13. Meintjies, J. : "Beeldende Kunste in Suid-Afrika," Groote Schuur, Volume 2, No.3, Oktober, 1943, p. 59-64.

14. "Moses Kottler and his Art", S.A.S. Literary Supplement, Volume XI, December, 1921, p.411.

15. "Pioneer in Weaving", Farming in South Africa, October, 1956, Volume 32, No. 7, p. 87.

16. "Pretoria Skep", Lantern, November, 1955, p. 145.

17. Rozilda : "South Africa's Jewish Artists", Hasholom Rosh Hashonah Annual, Tishri 1692, September, 1931, p.10.

18. Sachs, J. : "A Note on South African Art", Common Sense, October, 1949.

19. Sachs, J. : "South African Jewish Artists", South African Jewish Affairs, October, 1946 - 1947.

20. South African Lady's Pictorial, February, 1929.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



21. "Southern Stationary", South African Digest, 22 May, 1970.

22. Suid-Afrikaanse Kuns, Huisgenoot, Die -, April, 1918, p. 337 - 339.

23. Stacey, P., Hugo,J.: "Moses Kottler", Lantern, Jaargang 4, Volume 4, No. 3, Januarie-Maart, 1955, p. 245.

24. "The Art of Moses Kottler. A Worker in Wood and Stone", South African Architectural Record, August, 1933.

25. "Two Pioneer Exhibitions", Punch, 29 September, 1948.

E. KOERANTARTIKELS

1. Burger, Die -

(i) 6 Januarie 1923, Suid-Afrika en die Kuns. Die Toestand in Europa. Onderhoud met mnr. Moses Kottler.

(ii) 5 Desember 1924, Kuns en Lettere. Tentoonstelling Taylor en Kottler.

(iii) Nuwejaarsnommer 1924, Brander Wiles, Moses Kottler. Die Skepper van die Borsbeeld van Genl. Christiaan de Wet.

(iv) 4 Februarie 1926, Herinnering aan Genl. de Wet.

(v) 16 Januarie 1929, Ruiterstandbeeld van Genl. Louis Botha.

2. Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig, Die -

(i) 9 Augustus 1957, Arrie Joubert, Moses Kottler werk aan twee nuwe kaal beelde.

3. Cape, The -

(i) 18 January 1929, A gift to the Governor General.

(ii) 18 January 1929, Kottler's bust of Sastri.

(iii) 22 March 1929, The Leonard Rayne Busts.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iv) 19 August 1929, Mr. R.R. Brydone honoured - His bust presented to Cape Town - Valuable work for the City.

4. Cape Argus, The -

(i) 2 December 1921, Exhibition of Kottler's work. Fine sculpture at the City Hall.

(ii) 4 December 1924, Rebel in the art of sculpture; Exhibition of works of Moses Kottler.

(iii) 23 October 1926, Visit to the Studio of Moses Kottler.

(iv) 17 March 1928, Art in South Africa.

(v) 30 March 1928, Letter to the editor.

(vi) 8 June 1951, Minister J.H. Hofmeyr.

5. Cape Times, The -

(i) 27 March 1926, The Weekly Supplement, By a South African Sculptor.

(ii) 13 January 1929, A Farewell Gift.

6. Christian Science Monitor, The -

(i) 28 February 1927, Boston, A Sculptor of South Africa.

7. Dagbreek en Sondagnuus, Die -

(i) 24 Julie 1966, Omstrede Kottler beelde wek nie skok in Kimberley.

(ii) 22 November 1970, Weer so 'n ding soos '57.

8. Diamond Fields Advertiser, The -

(i) 30 August 1960, Kottler: I still don't know what all the fuss was about.

9. Fleur, Tydskrif Bylaag van Dagbreek en Sondagnuus, Die -

(i) 18 September 1955, Hy het hulle geskep en leer

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ken - Die beskeie beroemdes.

10. Manchester Guardian Weekly, The -

(i) 10 January 1957, Stephen Bone, Portrait Gallery acquisitions.

11. Natal Advertiser, The -

(i) 16 January 1929, Sculptor's Bust of Sastri - should be bought for Durban - Prof. Oxley's suggestion.

12. Rand Daily Mail, The -

(i) 27 January 1935, Due to a chain of "someones" - Mr. Kottler on his criticts.

(ii) 24 January 1936, Hands of Library Statues Puzzle Councillors. Committee looks and is not satisfied. Dreadful, Deformed, Too big.

(iii) 26 September 1948, Mother and Child.

(iv) 21 February 1951, Moses Kottler's latest work.

(v) 26 August 1952, Men, Women, Events.

(vi) 7 January 1955, South African Airmen - Pioneers to be Honoured by Statues at Airport.

(vii) 21 March 1956, Our Pioneers see their Memorial Unveiled.

(viii) 31 July 1957, Artists views on banning of nude statues.

(ix) 10 August 1957, Sculptor is thinking of claiming damages.

(x) 12 August 1957, H.E. Winder, A pen portrait of the "nudes" creator.

(xi) 12 August 1957, H.E. Winder, Moses Kottler has a great reputation outside South Africa.

(xii) 30 April 1962, Hugh Carruthers, Sculptor - and his ming, Three nudes will stand in Pretoria.

(xiii) 25 April 1963, Fortune in art at new H.Q.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(xiv) 4 August 1970, War Memorial for Varsity.

(xv) 16 November 1970, Stanley Hurst, Wits war memorial statue has nude figures.

(xvi) 26 March 1965, Rose of Western Transvaal Blooms, Three nudes in the fountain.

(xvii) 18 August 1965, Art Highlights at Wits.

13. Rapport, Die -

(i) 29 Augustus 1971, Hulle sien net Seks, en Sy vat net aan sy been.

14. South African Jewish Chronicle, The -

(i) 26 April 1929, Rozilda, Out of the Ordinary.

15. South African Jewish Times, The -

(i) 2 January 1955, Elia Stamn, Moses Kottler - the man who will create Pioneers.

16. Star, The -

(i) 15 August 1933, Johannesburg's New Library. Moses Kottler's Beautiful Carvings.

(ii) 13 January 1955, Moses Kottler discusses "chores" of sculptor's profession.

(iii) 7 August 1957, Artists will cantinue fight to keep nudes.

(iv) 18 August 1965, Mary Packer, Harvest of the best from art shows.

(v) 1 March 1966, Setting the trend.

(vi) 10 September 1967, Serenity and Love.

(vii) 20 July 1968, Nudes are getting in shape for Wits.

(viii) 3 December 1970, Richard Cheales, Entertaining and the Arts - Kottler goes for honesty and avoids emotion.

17. Sunday Express, The -

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(i) 28 March 1965, Sculptor Defends his nude statue.

(ii) 17 December 1967, Challenging commission for sculptor Moses Kottler.

(iii) November 1970, Ex-Servicemen object to Kottler's war nudes.

18. Sunday Times, The -

(i) 21 July 1968, Kottler Gift to Akademie.

(ii) 18 August 1968, Chris Pritchard, Wits Memorial row flares up.

(iii) 15 November 1970, Stanley Hurst, Wits war memorial - statue has nude figures.

(iv) 22 November 1970, Wits memorial has no modesty "drape".

(v) 21 November 1970.

19. Transvaler, Die -

(i) 8 Februarie 1956, Hoogste lof vir gestorwe kunskritikus.

(ii) 13 Maart 1956, Suid-Afrikaanse Pioniers.

(iii) 26 Maart 1965, Kottlerbeelde simboliseer Myne.

20. Vaderland, Die -

(i) 10 September 1932, A.M.v.S. Pen en die Penseel, Moses Kottler in Pretoria.

(ii) 21 Maart 1956, Lugpioniers gehuldig.

(iii) 31 Julie 1957, Daardie Beeld: Kwaai Reaksie.

21. Volkstem, Die -

(i) Moses Kottler se Werk - Belangstelling in Tentoonstelling.

22. Zionist Record Annual, The -

(i) 2 January 1925, H. Purwitzky, Moses Kottler and

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



his art, p. 17.

(ii) 13 February 1925, H. Purwitzky, Jewish Apathy to Jewish Art.

(iii) 16 September 1936, Mary Norris, Jewish Influence on South African Art.

(iv) 13 November 1936, "Art".

(v) 22 October 1948, Dora Sowdon, The South African Exhibition in London.

(vi) October 1951, Lee Lewis, The Art of Moses Kottler.

## F. KOERANTARTIKELS MET ONVOLLEDIGE DATUMS

1. Cape, The -

(i) Kottler's Bust of Mr. Bender.

2. Rand Daily Mail, The -

(i) Denys Lefebvre, The art of Moses Kottler.

(ii) H.E. Winder, Fountain in the Foyer.

(iii) 1936, Kottler Statue for City. 250 Guinea Purchase.

(iv) Leah Bach, 50-Year career of Moses Kottler.

(v) Sculptor completes Masterpiece on Mining Industry.

(vi) 1936, South African Art goes Modern, Praise for Pictures at Exhibition.

(vii) The Genius of Moses Kottler.

(viii) August 1965, Eddy Sacks, Inspiration Sculptured.

3. Sunday Times, The -

(i) 1957, Martin Mauthner, Artists make showpiece in new building.

(ii) 1968, Kottler's nudes - war heroes or layabouts.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# MOSES KOTTLER

deur

MARLETTE INGRID VAN JAARSVELD

LEIER : Professor F.G.E. Nilant

DEPARTEMENT : Kunsgeskiedenis

GRAAD : Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad M.A. (B.K.) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van Pretoria.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SAMEVATTING

Moses Kottler is in 1892 in die Russiese dorpie Joniskis in Littoue gebore. Reeds op vierjarige ouderdom het hy 'n besondere aanleg in beeldhoukuns geopenbaar. In 1911 immigreer die Kottler-gesin na Suid-Afrika. Moses word egter na die Bazalel Kunsskool in Jerusalem gestuur waar hy skilder- en tekenkuns bestudeer, maar teen die einde van dieselfde jaar vertrek hy na München, Duitsland om soortgelyke opleiding aan die Akademie van Kuns te ondergaan.

Gedurende 1913 besluit hy om hom in Parys verder te bekwaam en al daar het hy vir hom 'n ateljee gehuur en vir die eerste keer self beeldhouwerk gedoen. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het Kottler na Suid-Afrika teruggekeer. Hy vestig hom gedurende 1915 in die Oudtshoorn=distrik waar hy hom op skilder- sowel as beeldhouwerk toelê.

In 1917 besluit hy om hom in Kaapstad te vestig. Gedurende 1922 het Kottler sy eerste openbare eenmanuitstalling in die Stadsaal van Kaapstad gehou. Gedurende dié jaar laat hy 'n aantal van sy werke tydens sy besoek aan London in brons giet. In 1924 hou hy in die Ashbey Kunssaal in Kaapstad 'n uitstalling saam met mej. D. Taylor. Reeds op hierdie vroeë stadium het Kottler bekendheid as beeldhouer in Kaapstad verwerf en het hy gevolglik ook verskeie opdragte ontvang. In 1928 tree hy met mej. Eva Goldberg in die huwelik en vertrek kort daarna op 'n driejarige studiereis na Europa. Tydens hulle verblyf in London het Kottler in die Leicester-galery van sy werke uitgestal.

Na hulle terugkeer na Suid-Afrika het Kottler gedurende 1932 op uitnodiging van Prof. M.L. du Toit 'n uitstalling van sy werk in die Macfadyensaal in Pretoria gehou. In dieselfde jaar vestig die Kottlers hulle in Johannesburg. In 1949 het Kottler die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se goue medalje vir sy besondere

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bydrae tot kuns in Suid-Afrika ontvang. Verskeie van sy werke wat op internasionale uitstallings ten toon gestel is, het groot lof ingeoes.

Kottler staan bekend as 'n kunstenaar wat daarna streef om uitdrukking te gee aan die werklikheid. Hierin slaag hy omdat hy 'n skerp waarnemingsvermoë besit, 'n diep gevoel vir die fynhede van uitdrukking en 'n bekwaamheid om deur te dring tot die wese van sy onderwerp. Eenvoud is Kottler se uitgangspunt sodat hy die optimale resultaat verkry uit wat oënskynlik die minimum van inspanning verg. Sy beeldhouwerke is nóg uitsluitlik modern, nóg uitsluitlik konvensioneel omdat hy hom by die ouer styl kan aanpas en nietemin waarderend teenoor sommige moderne neigings staan. Kottler se styl word tot 'n groot mate deur die materiaal wat hy gebruik bepaal. In sy gemodelleerde werke is daar minder stilering as in die werke wat hy uit klip of hout gebeitel het.

Kottler het verskillende genres beoefen: Hy het portretopdragte van staatsmanne en van leidende figure op kulturele en geestelike gebied ontvang. Hy het ook verskillende portretstudies van goeie vriende en veral van kinders gemaak. Verder het hy verskeie figuurstudies van jong vroue, Bantoe-meidjies, die Moeder en Kind tema en 'n aantal reliëfs in hout, sement en klip gemaak. Afgesien hiervan het hy ook 'n groot verskeidenheid bekende openbare monumente wat hoofsaaklik in Johannesburg en Pretoria opgerig is voltooi. Dit behoort dus duidelik te blyk dat Kottler 'n veelsydige kunstenaar is wat 'n indrukwekkende bydrae tot die beeldhoukuns in Suid-Afrika gelewer het.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# MOSES KOTTLER

by

MARLETTE INGRID VAN JAARSVELD

PROMOTER : Professor F.G.E. Nilant

DEPARTMENT : History of Art

DEGREE : Submitted to fill a part of the requirements for the degree M.A. (F.A.) in the Faculty of Letters and Philosophy, University of Pretoria.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## SUMMARY

Moses Kottler was born in 1892 in the Russian village of Joniskis in Lithuania. At the early age of four, he already showed signs of a talent for sculpture. In 1911 the Kottler family immigrated to South Africa. Moses was sent to the Bezalel Art School in Jerusalem where he studied drawing and painting. Towards the end of the same year he left for Münich, Germany for similar training at the Art Academy.

During the year 1923 he decided to train further in Paris. There he rented a studio and for the first time, did sculpture himself. When the First World War broke out, Kottler returned to South Africa. In 1915 he settled in the Oudtshoorn district and devoted himself to both painting and sculpture.

In 1917 he moved to Cape Town. It was here that he held his first one man exhibition in the city hall in 1922. During a visit to London in the same year he cast a number of his works in bronze. In 1924 he held a joint exhibition with Miss D. Taylor in the Ashbey Art hall, in Cape Town. At this early stage, Kottler was already a well-known sculptor in Cape Town and as a result had received various assignments. He married Miss Eva Goldberg in 1928 and shortly afterwords undertook a three year study tour of Europe. During their stay in London Kottler exhibited some of his works in the Leicester Gallery.

After their return to South Africa, Kottler held an exhibition in the Macfadyen Hall, Pretoria. This was at the invitation of Prof. M.L. du Toit in 1932. In the same year the Kottler family settled in Johannesburg. The South African Academy for Arts and Science awarded him a gold medal in 1949, for his exceptional contribution to art in South Africa. Various works of the sculptor which have been displayed on international exhibitions, have earned much praise.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kottler is known as an artist who strives to express reality. He succeeds in this as he has an accute sense of perception, a deep feeling for delicacy of expression, and the ability to penetrate to the essence of the subject. Simplicity is Kottler's starting point so that he obtains the maximum results from what at a glance seems to demand minimum effort. His sculpture is neither exclusively modern nor exclusively conventional as he can adopt to the older style and can, nevertheless, compare appreciatively with some of the modern trends. Kottler's style is largely determined by the material hy uses. His modelled works are less stylistic than those which he has carved out of wood or stone. Kottler uses several genres: He received assignments for portraits from statesmen and from various leading figures in the cultural and intellectual fields. He also made various portraits of good friends and especially of children. Further he made figure studies of young women, Bantu girls, the mother and child theme and a number of reliefs in wood, cement and stone. Apart from these he also completed a wide variety of public monuments which have been mainly erected in Johannesburg and Pretoria. It should therefore be evident that Kottler is a versatile artist who has made an impressive contribution to sculpture in South Africa.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016